# KRIMINOGENE FAKTORE

# BY 'N GROEP JEUGOORTREDERS

**MAGDALENA MARIA FLEMMING (BISSCHOFF) Hons.B.A.**

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike nakoming van die vereistes
vir die graad Magister Artium
in die Departement Sosiologie
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Leier: Mnr. J.G.S. Bosch

Potchefstroom

1993

Opgedra aan my gesin, Herman en Kàila-Ron

# VOORWOORD

My opregte dank en waardering aan:

- Mnr. J.G.S. Bosch, my studieleier, vir al sy geduld en leiding.
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (Sentrum vir Wetenskapontwikkeling) vir geldelike bystand gelewer. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe gekom is, is dié van die outeur en moet nie aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.
- Die Departement van Onderwys en Kultuur (Transvaalse Onderwysdepartement) vir toestemming verleen om insae te hê in die betrokke leerlinglêers.
- Die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn (Departement in Springs, Transvaal) vir toestemming verleen om die betrokke proefbeampteverslae te raadpleeg.
- Die Departement van Justisie vir toestemming verleen om insae te hê in die betrokke hofverslae en ander verbandhoudende dokumentasie.
- Hermi Hemmes vir die vertaling van die opsomming in Engels.
- Nashua (Verwoerdburgstadtak), in die besonder mnr. M. Muller, vir hulp met die kleurafdrukke.
- Peet van Rensburg Uitgewers vir die tipografiese en taalkundige versorging.
- Me. Rinske Vreken vir haar professionele bystand.

Alle eer aan God, want "uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge" (Romeine 11:36).

// ABSTRACT

This paper mainly deals with the identification of the most important criminological factors that play a part in the establishing of juvenile criminality among a group of white high school pupils on the East Rand during the period 1980 to 1991. The identification was done by analysing case studies empirical-descriptively and comparing these to substantial outcomes in literary studies.

At the outset the relationship between communal disorganization and juvenile criminality is expounded, followed by the pattern in occurrence and distribution which is statistically revealed. Subsequently the special characteristics of the juvenile delinquent are brought into proper relationship with the crime. Then the criminogenic relationship of the family and school factors are researched.

The cause of juvenile criminality is primarily seated in the personalities of these juvenile delinquents where, in unique ways the continual influencing of individual-humane and milieu factors appear and where the specific crime situations, on the other hand, play a decisive role. The supposition can, in point of fact, be made that the development of pathological situations in the family as well as at school, generate the most dangerous development of criminogenic predispositions.

Some significant similarities and the forming of patterns regarding socio-pathological situations in especially the family and school milieus clearly come to the fore and are evident from this empirical investigation. The outcome of this is that it forces the role of the school in a certain direction. The pedagogical treatment of this juvenile delinquent becomes deterministic to the causes of his crime. The school is compelled to become more involved in the life of parents and their children.

Only when the school succeeds in involving the parents sufficiently with their children's whole well being at home and in school, can the above-mentioned pathologic and criminogenic factors facilitating juvenile criminality be controlled and possibly prevented.

The actualizing there of is of cardinal importance not only to the parties concerned, but also to the community as a whole.

The value of this regional investigation regarding the appearance and nature of white juvenile criminality on the East Rand, lies especially in the fact that the pedagogical players in this region are made aware of the existence and nature of a juvenile criminality reality in their own backyard thus enabling them to control these prevailing criminal manifestations of the disease effectively or even avert them.

# OPSOMMING

Hierdie verhandeling handel hoofsaaklik oor die identifisering van die belangrikste kriminogene faktore wat 'n rol speel in die veroorsaking van jeugmisdadigheid by 'n groep blanke hoërskoolleerlinge aan die Oos-Rand gedurende die tydperk 1980 tot 1991. Die identifikasie geskied deur gevalleontledings wat empiries-beskrywend gedoen word en daarna analities vergelyk word met substantiewe bevindinge uit literatuurstudies.

Aanvanklik word die verband tussen maatskaplike disorganisasie en jeugmisdaad by wyse van 'n literatuurondersoek uiteengesit, waarna die patroonmatighede in die voorkoms en verspreiding van jeugmisdaad statisties blootgelê word. Vervolgens word die persoonlike hoedanighede van die jeugoortreder met misdaad in verband gebring, waarna die kriminogene verwantskap van gesins- en skoolfaktore ondersoek word.

Jeugmisdaadveroorsaking is primêr geleë in die persoonlikhede van die jeugoortreders waar daar op unieke wyses voortdurende beïnvloeding van individueel-menslike en milieufaktore voorkom, en waar die spesifieke misdaadsituasie hierteenoor 'n deurslaggewende rol speel. Die stelling kan gemaak word dat die ontwikkeling van patologiese toestande in die gesin, en daarnaas die skool, die gevaarlikste ontwikkeling van kriminogene predisposisies tot gevolg het. Sekere beduidende ooreenkomste en patroonmatighede ten opsigte van sosio-patologiese toestande, in veral die gesins- en skoolmilieus, kom duidelik uit hierdie empiriese ondersoek na vore. Die uitwerking daarvan is dat dit die rol van die skool in 'n bepaalde rigting dwing. Die pedagogiese hantering van die jeugoortreder raak deterministies om die oorsake van sy misdade te bepaal. Die skool word hierdeur genoop om baie meer betrokke te raak by die leefwêrelde van ouers en kinders.

Alleen wanneer die skool daarin kan slaag om die ouers ook genoegsaam betrokke te maak by hul kinders se totale welsyn tuis en in skoolverband, kan die voorgenoemde patologieë en kriminogene faktore wat jeugmisdaad in die hand werk, beheer en moontlik voorkom word. Die realisering daarvan is egter van wesenlike belang, nie net vir alle betrokke partye nie, maar ook vir die totale samelewing.

Die waarde van hierdie streekgebonde ondersoek na die voorkoms en aard van blanke jeugmisdaad aan die Oos-Rand lê veral daarin dat die pedagogiese betrokkenes van dié streek bewus gemaak word van die bestaan en aard van 'n jeugmisdaadrealiteit in eie kring. Sodoende kan dié heersende, maatskaplike siekteverskynsel doeltreffend beheer en moontlik voorkom word.

# INHOUDSOPGAWE


Voorwoord . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . iii

Abstract . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . iv

Opsomming . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . vi

Lys van figure . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xvix

Lys van tabelle . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . xxii

**HOOFSTUK 1 : FORMULERING EN RASIONALISERING VAN DIE ONDERSOEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1**

1.1 'N ALGEMENE ORIËNTERING. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

1.2 DIE NAVORSINGSRASIONAAL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2

1.2.1 Die probleemstelling. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 4

1.3 DIE NAVORSINGSONTWERP . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 6

1.3.1 Die navorsingsmetode . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 6

1.3.2 Dataversameling en -verskaling. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 7

1.3.3 Begrensing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 8

1.3.4 Steekproef . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

1.3.5 Konseptualisering. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

1.3.5.1 Kriminogene faktore . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

1.3.5.2 Misdaad . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9

1.3.5.3 Jeugmisdaad . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10

1.3.5.4 Die begrippe "misdaad" en "oortreding" . . . . . . . . . . . . . . . . 10

1.3.5.5 Jeugmisdadiger/Jeugoortreders . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 10

1.3.5.6 Die begrippe "misdadiger" en "oortreder" . . . . . . . . . . . . . . . 11

1.4 INDELING VAN DIE VERSLAG . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 12

**HOOFSTUK 2 : MAATSKAPLIKE DISORGANISERING EN JEUGMISDAAD . . . 13**

2.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 13

2.2 MAATSKAPLIKE BEHEER . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 13

2.3 DIE ETILOGIE VAN JEUGMISDAAD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15

2.3.1 Die persoonlikheidsbegrip . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15

2.3.2 Persoonlikheidsontwikkeling binne die maatskaplike ordening van die gemeenskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 17

2.4 SOSIALISERING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 18

2.4.1 Konseptualisering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 18

2.4.2 Die proses van sosialisering binne die maatskaplike orde . . . . . . . . . . . . 19

2.4.2.1 Die internalisering en institusionalisering van norme en waardes . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 20

2.5 'N GRONDSLAG VIR MISDAADETIOLOGIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . 21

2.5.1 Multi-kousaliteit . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 21

2.5.2 Maatskaplike disorganisasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 21

2.5.3 Determinisme . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 22

2.6 BESONDERE KRIMINOGEEN-ETIOLOGIESE VERBANDE VAN JEUGMISDAAD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 24

2.6.1 Jeugmisdaad as 'n sosio-patologiese verskynsel . . . . . . . . . . . . . . . . . 24

2.6.2 Sosiologies- en psigologies-etiologiese faktore . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 24

2.6.2.1 Algemeen . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 24

2.6.2.2 Sosiologies-etiologiese faktore . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 25

2.6.2.2.1 Kriminogene faktore binne gesinsverband . . . . . . . . 26

2.6.2.2.2 Kriminogene faktore binne skoolverband . . . . . . . . 33

2.6.2.2.3 Belangrike gevolgtrekkings . . . . . . . . . . . . . . . . . . 37

2.7 SLOTGEDAGTE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 38

**HOOFSTUK 3 : 'N STATISTIES-BESKRYWENDE BEELD VAN DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN JEUGMISDAAD . . . . . . . . . . . . . . . . 39**

3.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 39

3.2 NAVORSINGSONTWERP . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40

3.2.1 Statisties-beskrywende tegniek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40

3.2.2 Ondersoekbegrensing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40

3.2.2.1 Ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40

3.2.2.2 Tydruimtelike begrensing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 40

3.2.2.3 Kwantitatiewe en kwalitatiewe begrensing . . . . . . . . . . . . . . 41

3.2.3 Dataversamelingstegnieke . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 41

3.2.4 Meting . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 41

3.3 PATROONMATIGHEDE IN DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN MISDAAD EN VONNISSE IN DIE ONDERSOEKGROEP . . . . . . . . . . 41

3.3.1 Leeftyd en eerste oortreding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 41

3.3.2 Jeugmisdaadloopbaan: aard en aantal oortredings . . . . . . . . . . . . . 42

3.3.3 Jeugmisdaadloopbaan: verspreiding van diefstal . . . . . . . . . . . . . . . . . . 48

3.3.4 Jeugmisdaadloopbaan: huisbraak - aard van persele . . . . . . . . . . . . . . . . 50

3.3.5 Geslagsverspreiding en oortredings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 50

3.3.6 Aard van laaste misdryf gepleeg . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 52

3.3.7 Jeugmisdaad in groepsverband . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

3.3.8 Aard van vonnisse . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

3.3.9 Enkele opmerkings oor die aard van vonnisse . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

3.3.9.1 Oorplasing na kinderwetskole . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

3.3.9.2 Uitgestelde vonnisse . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

3.3.9.3 Lyfstraf . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

3.3.9.4 Ontslaan met 'n waarskuwing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

3.3.9.5 Gevangenisstraf . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59

3.3.10 Vryetydsbesteding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 60

3.4 PATROONMATIGHEDE IN DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN JEUGMISDAAD IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA . . . . . . . . . 60

3.4.1 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens klasse n.a.v. veroordelingsyfers vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 . . . . . . . . . . . . 60

3.4.2 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens sekere klasse, subklasse en kodes na aanleiding van veroordelingsyfers vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 62

3.4.3 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens geslag na aanleiding van veroordelingsyfers vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991. . . 62

3.4.4 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens twee ouderdomsgroepe na aanleiding van veroordelingsyfers vir 'n tydperk van 10 jaar vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 66

3.4.5 Vergelyking tussen die aantal jeugmisdrywe teenoor alle ander misdrywe in die RSA Tydperk: 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991. . . . . . . . 71

3.5 SLOTGEDAGTE. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 73

HOOFSTUK 4 : PERSOONLIKE HOEDANIGHEDE VAN DIE JEUGOORTREDER . . . . 75

4.1 INLEIDING . . . . 75

4.2 OUDERDOM BY DIE EERSTE TOELATING TOT 'N SKOOL . . . . 75

4.3 GESLAG . . . . 76

4.3.1 Ekonomiese oortredings . . . . 76

4.3.2 Oortredings in verband met verbode, afhanklikheidsvormende medisyne of middels . . . . 78

4.3.3 Geslagsoortredings . . . . 78

4.3.4 Geweldsoortredings . . . . 79

4.4 FISIEKE HOEDANIGHEDE (LIGGAAMLIKE GESTELDHEID EN GESONDHEIDSTOESTAND) . . . . 79

4.5 HUISTAAL . . . . 82

4.6 INTELLIGENSIEKWOSIËNT (I.K.) . . . . 82

4.7 PSIGIESE HOEDANIGHEDE (PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE) . . . . 87

4.7.1 Aggressie en onbeheerbaarheid . . . . 88

4.7.2 Onaanpasbaarheid en teruggetrokkenheid . . . . 88

4.7.3 Algemene emosionele onbestendigheid . . . . 88

4.7.3.1 Emosionele onstabiliteit . . . . 88

4.7.3.2 Emosionele wanaanpassing . . . . 88

4.7.3.3 Emosionele ongelykmatigheid, onrypheid en konflik . . . . 88

4.7.4 Affektiewe ontbering/deprivasie/verwaarlosing . . . . 89

4.7.5 Impulsiwiteit en wispelturigheid . . . . 90

4.7.6 Ander persoonlikheidseienskappe van die jeugoortreders . . . . . . . . . . . . 90

4.7.7 Oortredings en wangedrag in skoolverband . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 92

4.7.8 Die verband tussen psigopatologiese toestande en jeugmisdaad. . . . . . . . . 96

4.7.8.1 Epilepsie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 96

4.7.8.2 Alkohol- en dwelmpsigoses . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 96

4.7.8.3 Neurotiese toestande . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 96

4.7.8.4 Psigopatie/Antisosialiteit . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 97

4.7.8.5 Kleptomanie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 97

4.7.8.6 Enurese . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 97

4.8 KOGNITIEWE (BEWUSTELIKE/KENVERMOËNDE) EN MORELE (SEDELIKE) ONTWIKKELING MET BETREKKING TOT JEUGMISDAAD. . . . 97

4.9 DIFFERENSIËLE ONTVANKLIKHEID MET BETREKKING TOT JEUGMISDAAD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99

4.10 SLOTOPMERKING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 100

**HOOFSTUK 5 : DIE KRIMINOGENE VERWANTSKAP VAN GESINSFAKTORE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101**

5.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101

5.2 GESINSVOLLEDIGHEID . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101

5.2.1 Getroud . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101

5.2.2 Saamleefverhoudings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 102

5.2.3 Enkelouerskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 104

5.2.3.1 Enkelouerskap as gevolg van egskeiding of vervreemding . . . . 104

5.2.3.2 Enkelouerskap as gevolg van dood/afsterwe . . . . . . . . . . . . . 104

5.2.3.3 Enkelouerskap as gevolg van 'n ongehude staat . . . . . . . . . . 105
5.2.4 Stiefouer-kindverhoudings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106
5.2.4.1 Stiefmoeder . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106
5.2.4.2 Stiefvader . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 106
5.2.4.3 Pleegouer-kindverhoudings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 108
5.2.5 Die afwesigheid van ouerfigure . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 108
5.3 BEROEPSARBEID VAN OUERS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 113
5.3.1 Moeder . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 114
5.4 WOONOMSTANDIGHEDE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 115
5.4.1 Behuising/Aard van woning . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 115
5.4.2 Oorbewoning . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 116
5.4.3 Die gehalte van die buurt . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 123
5.4.4 Rondtrekkery of woningverwisseling . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 125
5.5 SOSIO-EKONOMIESE LEWENSPEIL . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 125
5.5.1 Werkloosheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 125
5.5.2 Inkomste . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 126
5.5.2.1 Resessies . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 128
5.5.2.2 Rasionalisasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 128
5.5.2.3 Skool- en beroepsopleiding van ouers . . . . . . . . . . . . . . . . 128
5.6 GODSDIENSTIGE LEWE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 129
5.6.1 Kerkverband . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 131
5.6.2 Gemeentebetrokkenheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 133
5.7 ANDER GESINSVERBONDE PATOLOGIEË . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135

5.7.1 Alkoholmisbruik . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135

5.7.2 Wangedrag in die gesin . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135

5.7.2.1 Kindermolestering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135

5.7.2.2 Seksueel-afwykende gedrag . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135

5.7.2.3 Gesinsonenigheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 136

5.7.3 Die gebrekkige handhawing van ouerlike gesag, dissipline en opvoeding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 136

5.8 SLOTOPMERKING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 138

**HOOFSTUK 6 : DIE ROL VAN DIE SKOOL IN DIE ETIOLOGIE VAN JEUGMISDAAD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 139**

6.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 139

6.2 DIE SKOOL AS TEENVOETER IN DIE ONTWIKKELING VAN JEUGMISDAAD . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 139

6.2.1 Die belangrikheid van die skool as teenvoeter in die ontwikkeling van 'n antisosiale persoonlikheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . 139

6.2.2 Ouer-kind-skoolverhouding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 141

6.2.2.1 Ouerbetrokkenheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 141

6.2.2.2 Onderwyser-kindverhouding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 144

6.2.2.3 Skoolgesindheid van jeugdiges . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 145

6.3 ENKELE PERSOONLIKE PATOLOGIEË IN SKOOLVERBAND . . . . . . . . . 150

6.3.1 Vroeë skoolverlating . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 150

6.3.2 Mobiliteit in skoolverband (skoolverwisseling) . . . . . . . . . . . . . 152

6.3.3 Drostery en stokkiesdraai . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 153

6.3.4 Gebrekkige deelname aan nie-akademiese skoolbedrywighede en vryetydsbesteding . . . . . 154

6.3.5 Die meting van ontoereikende akademiese vordering/prestasie . . . . . 160

6.3.5.1 Intelligensiekwosiënt . . . . . 160

6.3.5.2 Onderrigvlakke (hoër graad/standaardgraad/laer graad) . . . . . 160

6.3.5.3 Druipgeskiedenis . . . . . 160

6.3.5.4 Spesiale onderwysgevalle . . . . . 160

6.3.6 (Sosiale) wanaanpassing in skoolverband . . . . . 161

6.3.7 Die negatiewe invloed van portuurgroepe . . . . . 163

6.4 SLOTGEDAGTE . . . . . 165

**HOOFSTUK 7 : 'N ALGEMENE EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSBEVINDINGE . . . . . 167**

7.1 INLEIDING . . . . . 167

7.2 DIE ANALITIESE BESKRYWING VAN ENKELE GEVALLESTUDIES IN DIE ONDERSOEKGROEP . . . . . 167

7.2.1 Gevalle-ontleding A . . . . . 167

7.2.2 Gevalle-ontleding B . . . . . 169

7.2.3 Gevalle-ontleding C . . . . . 170

7.2.4 Gevalle-ontleding D . . . . . 172

7.2.5 Gevalle-ontleding E . . . . . 173

7.2.6 Gevalle-ontleding F . . . . . 174

7.3 VERGELYKENDE EVALUASIES VAN BEVINDINGE IN DIE ONDERSOEK . . . . . 175

7.3.1 Algemeen . . . . . 175

7.3.2 Betekenisvolle ooreenkomste/patroonmatighede en verskille . . . . . . . . . 176

7.3.2.1 Betekenisvolle ooreenkomste van patologieë in gesinsverband . . . 176

7.3.2.1.1 Ontoereikende ouerlike modelle . . . . . . . . . . . . . 176

7.3.2.1.2 Die afwesige vaderfiguur. . . . . . . . . . . . . . . . . . 176

7.3.2.1.3 Gebrekkige opvoedingshouding van ouers. . . . . . . 177

7.3.2.1.4 Affektiewe en emosionele deprivasie . . . . . . . . . . 177

7.3.2.1.5 Gesinsonenigheid en ander verbandhoudende ongunstige huislike omstandighede . . . . . . . . . . . 177

7.3.2.1.6 Gesinsonvolledigheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 177

7.3.2.1.7 Ekonomiese deprivasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 178

7.3.2.2 Verskille ten opsigte van patologieë in gesinsverband. . . . . . . 178

7.3.2.2.1 Beroepe van die vaders. . . . . . . . . . . . . . . . . . . 178

7.3.2.2.2 Gesinsgrootte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 179

7.3.2.2.3 Gemeentebetrokkenheid. . . . . . . . . . . . . . . . . . 179

7.3.2.3 Betekenisvolle ooreenkomste van patologieë in skoolverband. . . . 179

7.3.2.3.1 Gebrekkige dissipline . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 179

7.3.2.3.2 Onderrig- en akademiese mislukking . . . . . . . . . . 180

7.3.2.3.3 Gedragsprobleme. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 180

7.3.2.3.4 Negatiewe invloed van portuurgroepe . . . . . . . . . 181

7.3.2.3.5 Interpersoonlike probleme . . . . . . . . . . . . . . . . 182

7.3.2.3.6 Drank- en dwelmmisbruik . . . . . . . . . . . . . . . . 182

7.3.2.4 Verskille ten opsigte van patologieë in skoolverband . . . . . . . 182

7.3.2.4.1 Vroeë skoolverlating. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 182

7.3.2.4.2 Gebrekkige ouer- en leerlingbetrokkenheid . . . . . . 182

7.3.2.4.3 Gebrekkige opvoedkundige atmosfeer . . . . . . . . . 183

7.3.2.5 Betekenisvolle ooreenkomste ten opsigte van persoonlike hoedanighede en persoonlikheidspatologieë in skoolverband . . 183

7.3.2.5.1 Betekenisvolle persoonlike hoedanighede . . . . . . . 183

7.3.2.5.2 Betekenisvolle ooreenkomste ten opsigte van persoonlikheidspatologieë in skoolverband . . . . . . 184

7.3.2.5.3 Aanvullende inligting ten opsigte van persoonlikheidspatologieë in skoolverband . . . . . . . . . . . . . 184

7.4 VERDERE AFLEIDINGS. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 185

7.5 SLOTGEDAGTE. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 186

**LITERATUURLYS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 187**

# LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 . . . . . . . . . . 16

Figuur 2.2 . . . . . . . . . . 23

Figuur 3.1 . . . . . . . . . . 43

Figuur 3.2 . . . . . . . . . . 46

Figuur 3.3 . . . . . . . . . . 47

Figuur 3.4 . . . . . . . . . . 49

Figuur 3.5 . . . . . . . . . . 51

Figuur 3.6 . . . . . . . . . . 53

Figuur 3.7 . . . . . . . . . . 56

Figuur 3.8 . . . . . . . . . . 57

Figuur 3.9 . . . . . . . . . . 58

Figuur 3.10 . . . . . . . . . . 61

Figuur 3.11 . . . . . . . . . . 65

Figuur 3.12 . . . . . . . . . . 68

Figuur 3.13 . . . . . . . . . . 70

Figuur 3.14 . . . . . . . . . . 72

Figuur 3.15 . . . . . . . . . . 74

Figuur 4.1 . . . . . . . . . . 77

Figuur 4.2 . . . . . . . . . . 81

Figuur 4.3 . . . . . . . . . . 83

Figuur 4.4 . . . . . . . . . . 85

Figuur 4.5 . . . . . . . . . . 86

Figuur 4.6 . . . . . . . . . . 91

Figuur 4.7 . . . . . . . . . . 95

Figuur 5.1 . . . . . . . . . . 103

Figuur 5.2 . . . . . . . . . . 107

Figuur 5.3 . . . . . . . . . . 111

Figuur 5.4 . . . . . . . . . . 112

Figuur 5.5 (i) en (ii) . . . . . . . . . . 119

Figuur 5.6 . . . . . . . . . . 120

Figuur 5.7 . . . . . . . . . . 121

Figuur 5.8 . . . . . . . . . . 122

Figuur 5.9 . . . . . . . . . . 124

Figuur 5.10 . . . . . . . . . . 127

Figuur 5.11 . . . . . . . . . . 130

Figuur 5.12 . . . . . . . . . . 132

Figuur 5.13 . . . . . . . . . . 134

Figuur 5.14 . . . . . . . . . . 137

Figuur 6.1 . . . . . . . . . . 143

Figuur 6.2 . . . . . . . . . . 146

Figuur 6.3 . . . . . . . . . . 148

Figuur 6.4 . . . . . . . . . . 149

Figuur 6.5 . . . . . . . . . . 157

Figuur 6.6 . . . . . . . . . . 158

Figuur 6.7 . . . . . . . . . . 159

Figuur 6.8 . . . . . . . . . . 162

Figuur 6.9 . . . . . . . . . . 163

Figuur 6.10 . . . . . . . . . . 165

# LYS VAN TABELLE


Tabel 3.1 Leeftyd en eerste oortreding in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . 42

Tabel 3.2 Aard en aantal jeugmisdade volgens klas . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 44

Tabel 3.3 Tipologiese verspreiding van jeugmisdade volgens aard en aantal . . . . . . . . 45

Tabel 3.4 Verspreiding van diefstal volgens klas . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 48

Tabel 3.5 Aard van inbraakpersele . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 50

Tabel 3.6 Aard van geslagsverspreiding in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . 50

Tabel 3.7 Aard van laaste misdryf gepleeg deur jeugoortreders
in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 52

Tabel 3.8 Aard van jeugmisdaad gepleeg in groepsverband . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54

Tabel 3.9 Aard van vonnisoplegging van jeugoortreders
in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 55

Tabel 3.10 Aard van vonnisse vir veroordeling in die misdaadloopbaan
van jeugoortreders in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 55

Tabel 3.11 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens klas
en veroordelingsyfer. Tydperk: 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 . . . . . . . . . . . . . . . . 60

Tabel 3.12 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens sekere
klasse, subklasse en kodes na aanleiding van veroordelingsyfers. . . . . . . . . . . . . . . . 63

Tabel 3.13 Aantal jeugoortredings in die RSA volgens geslag
en veroordelingsyfer. Tydperk: 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 . . . . . . . . . . . . . . . . 64

Tabel 3.14 Aard en aantal jeugoortredings in sekere klasse, subklasse en kodes volgens geslag en veroordelingsyfer. Tydperk: 1 Julie tot 30 Junie 1991. . . . . . . . . . . . . . . . 64

Tabel 3.15 Aantal jeugoortredings in die RSA volgens ouderdomsgroep en veroordelingsyfer. Tydperk: 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 . . . . . . . . . . . . . . . . 66

Tabel 3.16 Jaarlikse gemiddelde persentasie van aantal jeugoortredings volgens ouderdomsgroep. Tydperk: 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991. . . . . . . . . . . . . . 67

Tabel 3.17 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA in sekere klasse, subklasse en kodes volgens ouderdomsgroep. Tydperk: 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 69

Tabel 3.18 Vergelykende syfers van aantal jeugmisdrywe teenoor alle misdrywe in die RSA. Tydperk: 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991. . . . . . . . . . . . . . . . 71

Tabel 3.19 Aantal jeugmisdrywe teenoor alle misdrywe in die RSA. Tydperk: 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 73

Tabel 4.1 Geslag as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 76

Tabel 4.2 Liggaamlike gesteldheid as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . 80

Tabel 4.3 Huistaal as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82

Tabel 4.4 Aard van intelligensiekwosiëntvlakke by jeugoortreders in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 84

Tabel 4.5 Aard van oortredings en wangedrag in skoolverband . . . . . . . . . . . . . . . . 94

Tabel 5.1 Gesinsvolledigheid as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . 102

Tabel 5.2 Ouerstaat as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . 106

Tabel 5.3 Letterlike of figuurlike afwesigheid van vaderfigure by jeugoortreders as 'n kriminogene faktor in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . 109

Tabel 5.4 Gesinsvolledigheid as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . 110

Tabel 5.5 Beroepsverspreiding van die vaders van jeugoortreders in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 113

Tabel 5.6 Beroepsverspreiding van die moeders van jeugoortreders in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 114

Tabel 5.7 Aard van woning van jeugoortreders in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . 115

Tabel 5.8 Oorbewoning as 'n kriminogene faktor in die ondersoekgroep . . . . . . . . . 116

Tabel 5.9 Grootte van die gesin as veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . 117

Tabel 5.10 Afhanklikheid van jeugoortreders as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 118

Tabel 5.11 Buurtgehalte as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . 123

Tabel 5.12 Inkomste as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . 126

Tabel 5.13 Sosio-ekonomiese lewenspeil van die gesin as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 129

Tabel 5.14 Aard van kerkverband by jeugoortreders in die ondersoekgroep . . . . . . . 131

Tabel 5.15 Aard van gemeentebetrokkenheid by jeugoorteders in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 133

Tabel 6.1 Ouerbetrokkenheid by skoolbedrywighede as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 142

Tabel 6.2 Onderwyser-kindverhouding van jeugoortreders as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 145

Tabel 6.3 Gedrag en gesindheid van jeugoortreders teenoor die skool en onderwysers as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 147

Tabel 6.4 Verband tussen ouerbetrokkenheid, onderwyser-kindverhouding en skoolgesindheid as veranderlikes in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . 147

Tabel 6.5(a) Verwysing na kinderwetskole, verbeteringskole of ander spesiale skole as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . 151

Tabel 6.5(b) Vroeë skoolverlating en toetrede tot die arbeidsmark van jeugoortreders in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 151

Tabel 6.6 Aard van skoolverwisseling by oortreders in die ondersoekgroep. . . . . . . 152

Tabel 6.7 Drostery van jeugoortreders as 'n kriminogene faktor in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 154

Tabel 6.8 Deelname aan nie-akademiese skoolbedrywighede as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 155

Tabel 6.9 Gehalte van vryetydsbesteding deur jeugoortreders in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 156

Tabel 6.10 Aard van vryetydsbesteding deur jeugoortreders in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 156

Tabel 6.11 Intelligensiekwosiënt en akademiese peil as veranderlikes in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 161

Tabel 6.12 Wanaanpassing in skoolverband as 'n veranderlike in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 164

Tabel 6.13 Negatiewe invloed van portuurgroepe as kriminogene faktor in die ondersoekgroep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 166

# HOOFSTUK 1

## FORMULERING EN RASIONALISERING VAN DIE ONDERSOEK

### 1.1 'N ALGEMENE ORIËNTERING

Van die begin af was en is misdaad 'n onbetwiste deel van elke samelewing. Die Christen is (ook) van mening dat misdaad die verontagsaming van die sentrale liefdesgebod (vergelyk Matteus 22:34-40) in die Bybel is, en dat die mens sy misdadige bestaan aan God op 'n skriftuurlik-wetenskaplike wyse moet verantwoord. Misdaad is 'n maatskaplike siekteverskynsel wat die samelewing skade berokken. Daarom is wetenskaplike kennis nodig om misdaad te beheer en uiteindelik te voorkom. Sonder beskrywende en verklarende kennis aangaande die misdaadverskynsel kan doeltreffende misdaadbestrydingstegnieke en -metodes nie ontwikkel word nie, kan misdaad nouliks beheer en voorkom word, en kan die samelewingsorde beswaarlik herstel word (Bosch, 1990:12-17; Van der Walt *et al.*, 1982:159, 190).

Die kring om misdaad word in hierdie ondersoek nouer getrek en beperk tot die beskrywing van jeugmisdaadgevalle in die besonder. Langs hierdie weg word insig verkry in die jeugoortreder as mens, sy lewensbeskouing, gesindhede en eiesoortighede. Ons hoor en lees dikwels dat kinders die ouers en leiers van môre is. Oral klink wekroepe op oor verbeterde onderwys- en opvoedingsmetodes ten einde 'n gesonder RSA in die vooruitsig te stel. Ouers en onderwysers besef hoe kosbaar kinders is en word deurentyd op verskillende wyses daarvan bewus gemaak dat hulle 'n belangrike verantwoordelikheid het om die jeugdiges as nuttige, welaangepaste burgers in die samelewing te vestig. Ten spyte van die voorgenoemde bewuswording en -making van die erns waarmee die opvoeding en onderrig van die jeug bejeën behoort te word; die vele ophelderende geskrifte oor die universele kriminogene faktore onder jeugoortreders wat onder andere ten doel het om ouers en ander opvoeders bewus te maak van die problematiek waarmee daar in die opvoedingspraktyk geworstel word; en die velerlei nuwe perspektiewe wat dien as basis vir veranderinge in die opvoedings- en onderrigspraktyk wat onder meer ook daarop gerig is om gesonde sosialisering te bevorder (Landman, 1980:63), is die jeugmisdaadsyfer onrusbarend hoog - ook onder blanke jeugdiges. Misdade wat veral

onder die jeug voorkom, hou verband met een of ander vorm van diefstal, terwyl die gebruik van verdowingsmiddels (in besonder dagga) vinnig besig is om toe te neem.

In die RSA is daar min streek- of gebiedsgebonde ondersoeke gedoen na die voorkoms en aard van jeugmisdadigheid, wat volgens die Sentrale Statistiekdiens se statistiek van misdrywe oor baie jare wel van streek tot streek in onder meer aard en omvang verskil. In die onderhawige navorsingsprojek word daar gepoog om binne die wye verskeidenheid erkende kriminogene faktore wat met blanke jeugmisdaad verband hou, slegs daardie faktore vas te stel (en volledig te beskryf) wat binne 40 besondere streekgebonde gevalle voorkom. Omdat die ondersoeker op bykans vyftien jaar onderwyserervaring aanspraak kan maak, is dit so dat die erns rondom die jeugmisdaadvraagstuk veel dieper ingang gevind het as wat moontlik die geval sou wees by 'n persoon wat selde met die jeug en hul probleme te kampe het. Eerstens vertrou die ondersoeker dat hierdie ondersoek die onderwys en ander opvoeders (dus ook ouers) aan die Oos-Rand 'n beter perspektief sal gee op die bestaansmilieu van jeugoortreders. Onkunde in hierdie verband kan soms onwetend bydra tot 'n potensiële jeugmisdadiger se uiteindelike verval in misdaad. Daar word vertrou dat hierdie streekgebonde ondersoek 'n bydrae sal lewer tot verdere verklarende, voorspellende en ander ondersoeke na die problematiek rondom jeugmisdadigheid. Die ondersoeker wil nie hiermee vorige ondersoeke oor jeugmisdaad in die RSA en elders as onbeduidend afmaak nie, maar die meriete en potensiaal wat die onderhawige ondersoek as 'n bydrae inhou, is juis dat dit spesifiek gerig is op blanke jeugmisdaad aan die Oos-Rand. Die spesifiekgerigte doelmatige aard daarvan verhoog die waarde van die navorsing.

## 1.2 DIE NAVORSINGSRASIONAAL

In aansluiting by punt 1.1 hierbo, word daar dus gesoek na algemene waarhede rondom die aard en voorkoms van blanke jeugmisdaad aan die Oos-Rand om sodoende bepaalde wetmatighede vas te lê wat as riglyne kan dien vir die voorkoming daarvan deur die uitskakeling van presipiterende toestande vir misdadigheid. Volgens wetenskaplike metodes word daar gepoog om genoemde jeugmisdaadverskynsels deur middel van objektiewe kriteria metodologies te beskryf, te orden, te registreer en te begryp om sodoende voornemende en toekomstige ondersoekers in staat te stel om nuwe verskynsels moontlik te voorspel en gevolglik deur middel van sodanige voorspelling jeugmisdaad te beheer (Smit, 1983:1-3).

Verdere regverdiging vir die onderhawige ondersoek lê daarin opgesluit dat, aan die hand van empiriese beskrywings wat deur gevallestudies moontlik gemaak word, kennis vir doeleindes van verklaring en toepassing benut kan word ten einde 'n bydrae te lewer tot die uiteindelike vakwetenskaplike kriminologiese doelwit, naamlik beheer oor die misdaadverskynsel wat weer samelewingsorde kan bevorder (Bosch, 1984:16-18; Duvenage, 1981:36).

'n Leemte in die wetenskaplike kennissisteem rondom jeugmisdaad motiveer die ondersoeker verder om met die onderhawige ondersoek te begin. Die leemte realiseer vir die ondersoeker binne die baie wye en universele studies rakende jeugmisdaad oor die algemeen. Geen of weinig streekgebonde ondersoeke na die voorkoms en aard van die blanke of swart of jeugmisdaad is al onderneem nie. Die waarde van hierdie streekgebonde ondersoek na die voorkoms en aard van blanke jeugmisdaad aan die Oos-Rand lê daarin dat die pedagogiese betrokkenes van die streek bewus gemaak word van 'n jeugmisdaadrealiteit in eie kring en nie net 'n vae bewustheid koester oor 'n jeugmisdaadprobleem elders nie. Hierdie bewusmaking in eie kring kan noue samewerking tussen die pedagogiese betrokkenes in 'n hoë mate stimuleer en aanmoedig om dié heersende maatskaplike siekteverskynsel op verskillende wyses effektief te beheer.

Dit is moontlik dat jeugmisdaad verminder, bestry en voorkom kan word indien pedagogiese betrokkenes werklik insig verkry in en vertroud gemaak word met die gebiedsgebondenheid van kriminogene faktore wat 'n rol speel by die veroorsaking van jeugmisdaad. Insig in die aard van die individuele probleem is noodsaaklik in die keuse van die terapeutiese hantering van jeugoortreders en potensiële jeugoortreders. Dit is dan ook presies wat hierdie ondersoek onder andere ten doel het. Deur in hierdie doel te slaag, kan die lewenseise, lewensbehoeftes, lewensomstandighede, lewensnood en maatskaplike verhoudinge van mense ooreenkomstig die Christelike lewens- en wêreldbeskouing verbeter word ten einde veral blanke jeugmisdaad aan die Oos-Rand, maar ook elders in die RSA, te beheer en te voorkom. Die vooropgestelde sukses van hierdie poging mag en behoort dan ook verdere ondersoek op hierdie gebied aan te moedig soos dit met ondersoeke in die algemeen die geval is (Smit, 1983:49; Van der Walt, 1982:16).

Sonder navorsing sal die wetenskap stagneer en verarm; daarom word steeds grondiger en akkurater kennis en begrip deur middel van navorsing nagestreef. Wetenskaplike navorsing is 'n dinamiese ontwikkelingsproses waarbinne aanvanklike en dikwels onsamehangende feite ingesamel word wat later tot 'n sinvolle en betekenisvolle eenheid met

mekaar en met reeds bestaande teoretiese kennissisteme geïntegreer en gekoördineer word (Smit, 1983:3-5).

### 1.2.1 Die probleemstelling

- Die probleem wat in hierdie navorsing ondersoek word, is die identifisering van die belangrikste kriminogene faktore wat 'n rol speel in die veroorsaking van jeugmisdadigheid in 'n groep blanke hoërskoolleerlinge aan die Oos-Rand gedurende die tydperk 1980-1991. Die identifikasie geskied deur gevalleontledings wat empiries-beskrywend gedoen word en daarna analities vergelyk word met substantiewe bevindinge uit literatuurstudies.

- Die noodsaaklikheid vir so 'n studie is die blote feit dat jeugmisdaad in die RSA steeds toeneem en op 'n omvangryke wyse die samelewing skade berokken. Soos reeds vermeld, kan die kennis voortspruitend uit hierdie ondersoek op 'n verklarende en toepassingsvlak benut word om sodoende 'n bydrae te lewer tot die uiteindelike bevordering van samelewingsorde. Volgens gegewens wat deur die Sentrale Statistiekdiens vrygestel is, het jeugmisdaad gedurende die tydperk 1985-1986 ongeveer 31% van alle misdade uitgemaak, wat 'n onrusbarende hoë syfer is. Die vraag kan inderdaad gestel word wat die toekoms van sulke jeugdiges is indien rehabilitasiepogings onsuksesvol sou wees. Dit is 'n logiese verwagting dat indien jeugmisdaad nie voldoende beheer kan word nie, voortgesette misdadigheid in só 'n persoon se latere lewe die gevolg sal wees.

  Die feit dat misdaadetiologie op 'n multikousaliteit van faktore gefundeer is, verg geen debat nie. Jeugmisdaad word veroorsaak deur verskeie, unieke kriminogene faktore wat in die moderne samelewing ingebou is. Alhoewel jeugmisdaad 'n universele verskynsel is, verskil dit van plek tot plek en van samelewing tot samelewing, afhangende van onder meer die politieke en/of ekonomiese strukture van daardie samelewing. Jeugmisdaad is dikwels ook die reaksie van 'n persoon op die lewenstoestande van sy/haar spesifieke sosio-ekonomiese posisie (Gibbons, 1987:2-3; 131-133). Hierdie stelling word ondersteun deur Gibbons (1987:112-113) as hy verwys na die sogenaamde "folk"-gemeenskappe waar misdaad selde voorkom, teenoor die moderne, geïndustrialiseerde stedelike gemeenskappe waar misdaad dikwels voorkom.

  Uit hoofde van die ondersoeker se onderwysloopbaan is die praktykervaring enersyds dat die gebrek aan ad hoc-ondersoeke na jeugmisdaad, wat gegrond is

op gebiedsgebondenheid, meebring dat pedagogiese betrokkenes nooit werklik bewus gemaak word van die spesifieke aard van jeugmisdaad in eie omgewing of streek nie (byvoorbeeld die milieus van besondere skole), en andersyds dat die onderwysers nie in staat gestel word om potensiële jeugmisdadigers op skool suksesvol te identifiseer nie vanweë die algemene standaardmetodes wat gevolg word. Die onderhawige ondersoek kan hierdie gaping in die bestaande gesistematiseerde kennissisteem met betrekking tot jeugmisdaad vul en sodoende meewerk tot die vroegtydige identifisering van potensiële jeugoortreders en die korrekte hantering van potensiële jeugoortreders of jeugmisdadigers self.

- Die probleemstelling bied 'n oplossing deurdat substansiële feite wat hierdie ondersoek regverdig onder meer opgesluit lê in die reeds vermelde hoë jeugmisdaadsyfer wat oor die laaste 10 jaar geen afname getoon het nie.

Die gevalleontleding van blanke jeugmisdaad aan die Oos-Rand kan daartoe meehelp dat potensiële jeugoortreders vroegtydig geïdentifiseer word deur pedagogiese betrokkenheid. Versuim in dié verband kan moontlik tot ernstiger wanaanpassings aanleiding gee wat uiteindelik in jeugmisdaad kan kulmineer. Volgens Cloete (1982:34) kan pedagogiese betrokkenes deur taktvolle, ernstige, ingeligte en onopsigtelike optrede moontlik groter sukses behaal met die identifisering en behandeling van potensiële jeugoortreders of jeugoortreders op sigself. 'n Gebrek aan die nodige agtergrondskennis om potensiële jeugoortreders betyds en suksesvol te identifiseer, sodat gespesialiseerde hantering of behandeling daarna kan volg, kan 'n aanvanklik ernstige probleem in omvang laat toeneem. Die gevaar van foutiewe identifisering (en gevolglik etikettering) omdat pedagogiese betrokkenes nie altyd oor die nodige agtergrondskennis en identifiseringsvermoë beskik nie, kan verdere jeugmisdaad onwetend aanmoedig. Cloete (*supra*) pleit hier om 'n afwending van die strafproses vanweë die trauma wat daarmee saamgaan en nadelig op die persoonlikheidsontwikkeling van die jong kind kan inwerk.

Pedagogiese betrokkenes soos ouers, onderwysers, voorligtingsielkundiges en maatskaplike werkers staan daagliks tussen die potensiële jeugoortreders en is gevolglik primêr in die posisie om vroeg reeds, met die oog op uiteindelike voorkoming en beheer van jeugmisdaad, op te tree (Cloete, 1982:73).

Hierdie ondersoek wil dus ook 'n oplossing vir die bestaande probleem bied. Beskrywende kennis voortspruitend uit hierdie streekgebonde ondersoek kan pedagogiese betrokkenes se professionele dienslewering aan Oos-Randse skoolgaande

jeugoortreders of potensiële jeugoortreders positief bevoordeel. Die stellingsfunksie van die probleem is daarin geleë dat die aard en voorkoms van blanke jeugmisdaad aan die Oos-Rand 'n eiesoortige dimensie binne die omvang van die misdaadverskynsel vertoon. Vandaar die behoefte aan 'n streekgebonde ondersoek wat spesifiek handel oor jeugmisdaadmanifestasie soos dit aan die Oos-Rand voorkom.

Die probleemstelling bied dus 'n oplossingsfunksie deurdat die kennissisteem uitgebou word om enersyds pedagogiese betrokkenes bewus te maak van 'n werklike jeugmisdaadprobleem in eie kring, om hulle in staat te stel om deur middel van beskikbare streekgerigte en tersaaklike kennis jeugoortreders en potensiële jeugoortreders aan blanke Oos-Randse hoërskole suksesvol en vroegtydig te kan identifiseer en gevolglik te hanteer en andersyds deur middel van die afhandeling van hierdie ondersoek verdere navorsing op hierdie gebied te stimuleer.

## 1.3 DIE NAVORSINGSONTWERP

Wanneer 'n wetenskaplike ondersoek soos dié onderneem word om uiteindelik sinvolle empiriese navorsing uit te voer, is 'n geldingsmodel in die vorm van 'n navorsingsontwerp vir voorgenome navorsing essensieel. Langs die weg van dataversameling en dataversamelingsmetodes word die waarneembare algemene tot getoetste of verifieerbare en gesistematiseerde feite omvorm (Uys & Basson, 1983:51; Van der Walt, 1982:182).

### 1.3.1 Die navorsingsmetode

Die navorsing is empiries-beskrywend van aard. Die navorsingsprosedure geskied op die gevalleontledingstegniek waar die misdaadverskynsel as 'n individueel-menslike verskynsel volgens die analitiese metode bestudeer word.

Die rede waarom die analitiese metode gevolg word, is driedelig:

- Dit word aanvaar dat die misdaadverskynsel as 'n kombinasie van individueel-menslike en maatskaplike verskynsels bestaan.
- Dit is 'n volwaardige metode wat die hele proses van navorsing oorspan.
- Dit verskaf 'n omvattende raamwerk waarbinne die gevalleontleding as tegniek van die analitiese metode aangewend word (Van der Walt *et al.*, 1982:189-191).

Die gevallestudiemetode is primêr ontdekkend van aard en fokus op 'n intensiewe ontleding van die individuele geval, sy/haar lewensgeskiedenis en gedragspatroon asook op die veelheid van interaksies tussen al die onafhanklike veranderlikes. Hierdie metode word deur baie navorsers beskou as die primêre stap tot die verstaan van en insig in menslike gedrag vanweë die aanvanklike algemeen-beskrywende aard daarvan wat gebaseer is op 'n intensiewe studie van die individuele geval (Smit, 1983:47).

Voorgenoemde benadering is ideografies van aard en dit gaan hier om kennis van enkele spesifieke gebeurtenisse en 'n spesifieke, unieke individu. Insig in die aard van die individuele probleem is noodsaaklik in die keuse van die terapeutiese hantering van die gevalle (Smit, 1983:47-49).

In hierdie ondersoek word daar gebruik gemaak van die ex post facto-waarnemingsmetode wat inhou dat, nadat sekere faktore al ingewerk het, die navorser dan intree en terugwerk van die gevolg van 'n stimulus na die oorsaak daarvan. Ex post facto-navorsing dui ook daarop dat die afhanklike veranderlike waargeneem word waarna daar na die onafhanklike veranderlike gevra word. Op hierdie wyse word 'n onafhanklike veranderlike geïdentifiseer wat verband hou met die afhanklike veranderlike. In hierdie ondersoek is die ondersoeker hoofsaaklik afhanklik van volledige en toepaslike rekords en verslae of bandopnames daarvan (Smit, 1983:80).

In die onderhawige ondersoek is die benadering induktief waar die besondere aanleiding gee tot die algemene, of die feite aanleiding gee tot hoërorde-uitsprake, veralgemenings en teorieë. Op 'n generaliserende induktiewe wyse word afleiding en gevolgtrekkings uit die bestudering en ontleding van gevalle (ex post facto-waarneming) gemaak (Van der Westhuizen, 1982:56-57).

### 1.3.2 Dataversameling en -verskaling

Die omlyning van die ondersoeker se dataversamelingsplan sluit steekproeftegnieke, onderhoudvoering en waarneming uit histories-dokumentêre bronne in. Misdaadstatistieke word ook as dataversamelingsinstrument gebruik.

In hierdie ondersoek word daar gebruik gemaak van nie-ewekansige steekproefstrategieë waar die metodes van doelbewuste seleksie en trossteekproewe gebruik word om 'n geldige en verteenwoordigende hoeveelheid steekproefelemente te selekteer. Hierdie metodes leen hulle tot ex post facto-beskrywende navorsing, aangesien die ex post facto-navorsingsmetode dit nie moontlik maak om proefpersone op 'n ewekansige wyse aan

groepe toe te wys nie. Die proefpersone wys hulself aan groepe toe en selekteer hulle dus self (Smit, 1983:84-85;195). Gevalle is geselekteer wat volgens die oordeel van die ondersoeker volledig ondersoek is en van wetenskaplikheid getuig.

Die bestudering van geskrewe histories-dokumentêre gegewens as ondersoektegniek word in die onderhawige ondersoek aangewend. Dokumentêre bronne soos saakdossiere, gedokumenteerde persoonlike en/of biografiese inligting, amptelike voorvonnisverslae, statistiese verslae en skoolrekords word vir dié doel gebruik.

Statistiese beskrywing word ook aangewend om bepaalde kenmerke en kwaliteite van verskynsels te kwantifiseer, te verwerk en op te som. 'n Statistiese beeld van die onderhawige probleem word dus opgebou (Van der Westhuizen, 1982:12).

Verskaling dui op die een of ander misdaadmetingskaal wat opgestel word, terwyl meting daarop dui dat enige bestaande skaal aangewend word om die voorkoms en skommeling van die misdaad syfermatig te beskryf. Meting in die onderhawige ondersoek vind meesal op die kwantitatiewe vlak plaas waar sekere gedragsaspekte volgens gegewe reëls die geldigheid daarvan empiries-verifieerbaar maak. Hier word gebruik gemaak van die nominale misdaadmetingskaal om persoonlikheids- en gedragseienskappe, persone en objekte te klassifiseer aan die hand van grafiese voorstellings, diagramme en tabelle. Die metode van frekwensieverspreidingsberekening word hier as 'n beskrywende, statistiese metode aangewend (Smit, 1983:145-146; Van der Westhuizen, 1982:93).

### 1.3.3 Begrensing

Met hierdie navorsingsprojek betree die navorser die studieterrein van die Kriminologie. Die misdaad en die misdadiger hou verband met die misdaadverskynsel soos dit vergestalt in die empiries-beskrywende ontleding van kriminogene faktore onder blanke jeugoortreders aan Oos-Randse hoërskole.

Die tydbegrensing van hierdie navorsingsprojek dek 'n tydperk van 10 jaar vanaf 1980-1991. (Die Sentrale Statistiekdiens se misdaadstatistiek van Julie 1983 tot Junie 1984 is vernietig en gevolglik nie vir navorsing beskikbaar nie; vandaar die begrensing van 10 jaar in plaas van 11 jaar.) Geografies word die studie deur die Oos-Randse hoërskole begrens. Die ondersoeker is woonagtig aan die Oos-Rand, wat gevolglik die keuse van begrensing ekonomies en finansieel regverdig.

Kwalitatiewe begrensing met betrekking tot die ondersoekgroep behels dat slegs blanke manlike en vroulike jeugoortreders (7-18/21 jaar) by hierdie ondersoek betrek word. Daar word ook volledig aandag aan onder meer persoonlikheids-, gesins- en skoolfaktore as moontlike faktore van kriminogene aard gegee, maar die spesifieke aan- of afwesigheid daarvan sal eers na afloop van hierdie ondersoek blyk.

### 1.3.4 Steekproef

Die universum of populasie dui in hierdie ondersoek op die totale bevolking jeugoortreders in die RSA vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991, naamlik 1 024 069 jeugoortreders. Die bereikbare universum of populasie sluit die totale bevolking blanke jeugoortreders aan Oos-Randse hoërskole in, waarvan ongeveer 500 gevalle beskikbaar was. Hieruit is 'n steekproef of syfermatige verkleining gedoen van 40 blanke manlike en/of vroulike jeugoortreders aan Oos-Randse hoërskole vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991. Die geldige verteenwoordiging van die steekproef en die rasionale regverdigingsgronde daarvan is uiteengesit in paragrawe 1.3.2 en 1.3.3 (*supra*). Die ondersoeker het daarvolgens gevalle geselekteer wat volledig, geldig en verteenwoordigend is en van wetenskaplikheid getuig.

### 1.3.5 Konseptualisering

#### 1.3.5.1 Kriminogene faktore

Kriminogene faktore dui op faktore wat maatskaplike disorganisasie in die hand werk en derhalwe misdadigheid tot gevolg kan hê. Voorgenoemde faktore val binne die raamwerk van sosiale of maatskaplike, persoonlike of individueel-menslike en natuuromgewings- of geografiese aard (Van der Walt *et al.*, 1980:9).

#### 1.3.5.2 Misdaad

Die juridiese omskrywing word gehandhaaf dat misdaad 'n handeling of versuim ('n doen of 'n late) is wat deur die Reg op straf verbied word, en dat straf leed is wat die pleger van staatsweë toegevoeg word, omdat hy/sy 'n misdaad gepleeg het. Slegs 'n handeling of versuim wat deur die gemene of statutêre reg strafbaar gestel is, kan dus 'n misdaad wees (De Wet & Swanepoel, 1960:2).

#### 1.3.5.3 Jeugmisdaad

Ooreenkomstig die strafregtelike beskouing kan jeugmisdaad beskryf word as 'n handeling wat op straf verbied is, en straf is leed wat die jeugdige onder die ouderdom van 18 jaar, en in sommige gevalle onder die ouderdom van 21 jaar, deur staatsweë toegevoeg word, omdat hy/sy 'n misdaad gepleeg het (De Wet & Swanepoel, 1960:2).

Die strafregtelike reëling op ouderdom van jeugoortreders sentreer rondom toerekeningsvatbaarheid en toerekenbaarheid. Toerekeningsvatbaarheid bepaal of 'n kind skuld kan hê aan die misdaad wat hy pleeg. Toerekenbaarheid verwys na die morele verwyte waarmee 'n hof 'n jeugdige sal bejeën omdat hy/sy 'n misdaad gepleeg het.

Gemeenregtelik word onweerlegbaar vermoed dat kinders onder die ouderdom van 7 jaar ontoerekeningsvatbaar is. Kinders tussen die ouderdomme van 7-14 jaar word ook geag ontoerekeningsvatbaar te wees, maar die vermoede is weerlegbaar. Jeugdiges tussen 14 en 18 of 21 jaar word as toerekeningsvatbaar beskou. Die howe onderskei in die toerekenbaarheid van jeugdiges tussen 14 en 18 jaar en 18 tot 21 jaar wanneer vonnisoplegging ter sprake is (Bosch, 1990:41). Die reëling in die oplegging van lyfstraf is 'n voorbeeld hiervan.

#### 1.3.5.4 Die begrippe "misdaad" en "oortreding"

Misdaad en oortreding het een en dieselfde wesenlike betekenis. Die enigste verskil lê in die kontekstuele gebruik van die begrippe. Dit wil voorkom of die begrip misdaad meesal gebruik word wanneer daar verwys word na ernstige wederregtelike handeling ingevolge die gemene of statutêre reg. Die begrip oortreding word weer meesal gebruik wanneer daar na minder ernstige wederregtelike handelinge ingevolge die gemene of statutêre reg verwys word.

#### 1.3.5.5 Jeugmisdadiger/Jeugoortreders

Juridies gesproke is 'n jeugmisdadiger (soos hierbo vermeld) 'n persoon tussen die ouderdom van 7-18/21 jaar wat 'n misdaad gepleeg het en dienooreenkomstig gevonnis is deur 'n bevoegde hof. In die bestudering van die jeugmisdadiger kan nooit veronderstel word dat die gearresteerde, die verhoorafwagtende, die vervolgde of aangeklaagde jeugdige 'n misdadiger is nie alvorens sodanige persoon bo redelike twyfel skuldig bevind word aan 'n handeling of versuim wat deur die reg verbied word (Wolfgang *et al.*, 1970:28).

Dit is egter belangrik om te onderskei tussen jeugmisdadigers aan die een kant en sorgbehoewende of gekommitteerde jeugdiges aan die ander kant. 'n Gekommitteerde jeugdige word deur die hof sorgbehoewend bevind as gevolg van onbevoegde ouerskap waarteenoor 'n bevel uitgereik word wat inhou dat hy/sy van sy/haar ouers verwyder moet word en verder onderhewig is aan ondertoesigstelling. 'n Sorgbehoewende jeugdige word deur die hof só bevind en is ook die resultaat van een van die baie vorme van onbevoegde ouerskap.

Vir doeleindes van hierdie navorsing is 'n jeugdige 'n persoon van 18 jaar en jonger, omdat die navorsing skoolgaande kinders as gevalle en as studie-objek het. In die reël is die mediaan van die hoogste ouderdom van 'n skoolgaande kind in blanke skole 18 jaar.

**1.3.5.6 Die begrippe "misdadiger" en "oortreder"**

In die strafreg word die twee begrippe nie omskryf nie. Na aanleiding van die bespreking in (1.3.5.5) *supra*, is 'n misdadiger bloot 'n persoon wat 'n misdaad pleeg en 'n oortreder 'n persoon wat 'n oortreding begaan. Wat die woordkeuse en spesifieke etiket gaan wees, word bepaal deur die erns van die daad. Indien die gepleegde daad van ernstige wederregtelikheid spreek, blyk dit korrek te wees om na die dader as 'n misdadiger te verwys. Aanwysende faktore om die ernstigheidsgraad van so 'n daad te bepaal, is onder meer die volgende:

- Waarde van goedere.
- Aard van beserings.
- Herhaling van handelinge.
- Politieke oortuigings.
- Godsdienstige oortuigings.
- Gevolge van die handeling.
- Vorige veroordelings.

Die nie-juridiese omskrywing van die begrippe hou in dat dit foutief is om 'n persoon as 'n misdadiger/oortreder te bestempel indien hy/sy in 'n strafhof op 'n strafregtelike aanklag skuldig bevind is. 'n Persoon is 'n misdadiger/oortreder wanneer dit die waarheid is dat hy/sy 'n misdaad/oortreding begaan het, al is die waarheid ook nie bekend nie. Die skuldigbevinding van so 'n misdadiger/oortreder identifiseer bloot die persoon.

Die gebruik van die begrip "misdadiger" moet nie in losse verband en op 'n ondeurdagte wyse gebruik word nie. Al het die dader 'n daad gepleeg wat wesenlik 'n misdaad is, moet daar teen die agtergrond van misdaadvoorkoming sover moontlik positiewe konnotasies aan diesulke woordgebruike verleen word. Misdaadvoorkomingsaktiwiteite, waaronder rehabilitasie, kan slegs binne 'n positiewe verwysingsraamwerk, gereël deur positief-inhoudelike begrippe, realiseer. Gevolglik is dit wenslik om sover moontlik eerder na oortreders in plaas van misdadigers te verwys. Om grenslyne met die oog op 'n spesifieke woordkeuse te trek, is onmoontlik. 'n Begrip moet op so 'n wyse gekies word dat dit in 'n bepaalde konteks beter is as 'n ander begrip.

## 1.4 INDELING VAN DIE VERSLAG

Om 'n gesistematiseerde geheelbeeld van hierdie navorsingsverslag te kan vorm, sien die indeling van die opeenvolgende hoofstukke soos volg daaruit:

- Hoofstuk 1: Die formulering en rasionalisering van die ondersoek word hierin uiteengesit.
- Hoofstuk 2: Die verband tussen maatskaplike disorganisasie en jeugmisdaad word by wyse van 'n literatuurstudie uiteengesit.
- Hoofstuk 3: In hierdie hoofstuk word die patroonmatighede in die voorkoms en verspreiding van jeugmisdaad hoofsaaklik statisties blootgelê.
- Hoofstuk 4: Persoonlike hoedanighede van jeugoortreders word hier bespreek. Aandag sal gegee word aan aspekte soos psigiese, fisiese en verstandelike gesteldheid en ouderdom.
- Hoofstuk 5: Die kriminogene verwantskap van gesinsfaktore geniet hier aandag. Dit sluit onder andere aspekte soos die lewensgemeenskap en gehalte van die gesin, opvoeding en dissipline, gesinsvolledigheid, mobiliteit en die sosio-ekonomiese peil van die gesin in.
- Hoofstuk 6: In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die rol van die skool in die etiologie van jeugmisdaad. Aspekte soos onderwyspeil, sosiale aanpasbaarheid, skolastiese prestasie/vertraging, gedragsmanifestasies, ouerbetrokkenheid by die skool, leerlingbetrokkenheid en ander faktore sal hier bespreek word.
- Hoofstuk 7: In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die literatuurstudie en die empiriese studie analities-vergelykend geëvalueer.

# HOOFSTUK 2

## MAATSKAPLIKE DISORGANISERING EN JEUGMISDAAD

### 2.1 INLEIDING

Elke mens is 'n psigofisiese wese wat in voortdurende wisselwerking met ander individue en omgewingskragte in die samelewing verkeer. Dié ingewikkelde samespel impliseer verhoudinge wat 'n invloed het op die ekwilibrium van die ordening van samelewingsverhoudinge. Versteurings in die maatskaplike ordening van 'n gemeenskap of samelewingsverhouding kan lei tot maatskaplike disorganisasie wat predisposisies vir misdaadverval kan bevorder. Misdaad, en daarom ook jeugmisdaad, het die versteuring van maatskaplike, gesags- en regsverhoudinge tot gevolg asook die versteuring van normebeginsels wat in alle samelewings geld om die ordening daarvan te verseker. Dit gee aanleiding tot maatskaplike disorganisasie. Onderliggend tot maatskaplike disorganisasie lê 'n wye verskeidenheid kriminogene faktore wat dien as aanwysers vir die beskrywing van maatskaplike disorganisasie. In hierdie navorsing word van die veronderstelling af uitgegaan dat daar 'n besliste verband tussen jeugmisdaad en maatskaplike disorganisasie is. In hierdie hoofstuk word maatskaplike disorganisasie en die verband daarvan met misdaad na die ontleding van literatuurstudies beskryf en begrond op teoretiese en empiriese gegewens. Literatuurstandpunte is noodsaaklik vanweë die feit dat alle paradigmas op teoretiese uitgangspunte berus. Deur nie hieraan aandag te skenk nie, sal die ondersoek onvolledig wees.

Maatskaplike disorganisasie en jeugmisdaad is baie omvangryk en dek 'n wye veld. In hierdie hoofstuk word gekonsentreer op besondere kriminogeen-etiologiese verbande met betrekking tot jeugmisdaad en in hoofstuk 7 word hierdie literatuurstandpunte met die onderhawige empiriese navorsingsbevindinge in verband gebring.

### 2.2 MAATSKAPLIKE BEHEER

Maatskaplike beheer is die sisteem/meganisme waarvolgens orde en geordenheid oor die totale spektrum van die samelewing verseker en gehandhaaf word. Samelewingsorde

verwys na die wyse waarop die samelewing georden is. Dit het dus te make met die wyse waarop die samelewing of gemeenskap georden is.

Binne alle samelewingsverbande is daar bepaalde kragte wat by wyse van byvoorbeeld skool- en huisreëls hierdie orde handhaaf. Die somtotaal van al hierdie kragte wat orde in talryke samelewingskringe handhaaf, word maatskaplike beheer genoem. Die verskyningsvorme van maatskaplike beheer fluktueer en strek oor die totale samelewingsfeer. Gebruike, sedes, gewoontes, leefreëls, gelowe, norme en regulasies is instrumente in die hand van maatskaplike beheer wat samelewingsorde moet verseker (Bosch, 1990:99-100). Maatskaplike beheer word kriminologies deur Bosch (1990:100) omskryf as 'n sisteem van informele en formele aktiwiteite wat gerig is op die vestiging en verstewiging van die konformering tot die heersende norme en waardestelsels. Maatskaplike beheer is gerig op die bestryding van misdaad. Laasgenoemde hou verband met gedrag wat die versteuring van samelewingsorde tot gevolg het. Die versteuring van samelewingsorde behels egter soms baie meer as net die blote versteuring van rus en vrede. Dit behels dikwels ernstige skending van menseregte en kan die totale orde waarvolgens strukture en prosesse binne samelewingsisteme funksioneer, omverwerp. Alhoewel die doeltreffende metodes om die versteurde samelewingsorde te herstel en te voorkom op die langtermyn in informele wyses van maatskaplike beheer gesetel is, is 'n formele en kragdadige meganisme van maatskaplike beheer nodig waar die intensiteit aan die behoefte tot konformering tot 'n spesifieke norm baie hoog is omdat die skending daarvan ernstige benadeling inhou vir die gemeenskapslewe. So 'n kragdadigheid om die normatiewe verwagting af te dwing, geskied deur die kriminalisering of positivering van die norm. Dit beteken dat regsgeldigheid aan die norm verleen word. Binne die sisteem van die kriminele regspleging as meganisme van maatskaplike beheer, vind hierdie kragdadigheid sy beslag. Die misdaadverskynsel is die grootste bedreiging vir samelewingsorde. Die sisteem van maatskaplike beheer is die formele masjinerie waardeur samelewingsorde verseker word (Bosch, 1990:106). Die kriminele regsplegingsisteem is 'n omvangryke komponent en subsisteem van maatskaplike beheer. Al die prosesse wat binne die strukture van die kriminele regspleging funksioneer soos wetgewing, polisiëring, beregting en rehabilitasie is verskyningsvorme en kleiner meganismes van maatskaplike beheer wat die misdaadbedreiging moet teëwerk en voorkom. Maatskaplike beheer is gevolglik 'n omvattende proses wat oor die grense van verskillende samelewingsisteme sny en waardeur ordelike funksionering in die samelewing verseker en gehandhaaf kan word (Bosch, 1990:22, 100).

## 2.3 DIE ETIOLOGIE VAN JEUGMISDAAD

Die etiologie van jeugmisdaad behels volgens Bosch (1990:244-245) en Louw *et al* (1978:21) die studie of leer van die oorsprong en oorsake van jeugmisdaad om die bestaan van die verskynsel te verklaar. Kennis wat voortvloei uit jeugmisdaadverklaring is vir die samelewing van besondere belang omdat dit die weg baan vir die uiteindelike beheer en voorkoming van jeugmisdaad. In die verklaring van jeugmisdaad vorm die jeugmisdadiger/jeugoortreder as persoon die vertrekpunt. Derhalwe is die vertrekpunt in jeugmisdaadverklaring die persoonlikheid van die jeugoortreder. Na die identifikasie van persoonlikheidsgebreke volg die soeke na die oorsake wat die persoonlikheidsgebreke teweeggebring het. Die oorsaaklikheidsverband tussen jeugmisdaad en die jeugoortreder se persoonlikheid word deur 'n veelheid van biologiese en/of maatskaplike faktore ten grondslag gelê wat sedert sy/haar geboorte in wisselwerking verkeer.

### 2.3.1 Die persoonlikheidsbegrip


Die persoonlikheid het 'n biologiese basis en verkeer in wisselwerking met die omgewing waarin die individu hom/haar bevind. Persoonlikheidsontwikkeling is derhalwe 'n voortdurende proses. Die aard van hierdie ontwikkelingsproses (daarom ook die aard van die persoonlikheid) hang af van die aard van die biologiese samestelling van die individu aan die een kant en die aard van die maatskaplike orde (milieu) waarin die individu hom/haar bevind aan die ander kant. Omgewingsinvloede werk dus op die mens in en vorm so sy/haar persoonlikheid. Dit is die mens se biologiese samestelling wat sy/haar ontvanklikheid vir sulke invloede bepaal (Bosch, 1990:246-247).

In hierdie ondersoek word die uitgangspunt gehuldig dat die persoonlikheid die vertrekpunt vir jeugmisdaadveroorsaking vorm en dat die wisselwerking tussen individueel-menslike (aanleg- en oorerwingsfaktore) faktore en omringende milieufaktore, in wisselende verhoudingsterkte tot mekaar en met inagneming van die misdaadsituasie, misdaadetiologie ten grondslag lê. Genoemde faktore moet dus altyd in samehang beskou word ten einde 'n oorsaak of oorsake van misdaad te bepaal. Die formule vir misdaadetiologie word in figuur 2.1 voorgestel.

Om die wisselwerking tussen individueel-menslike en omringende milieufaktore (wat in verhouding van wisselende sterkte tot mekaar staan) met betrekking tot die etiologie van jeugmisdaad te beklemtoon, volg 'n paar definisies en standpunte oor die begrip persoonlikheid.

***Figuur 2.1 'n Skematiese voorstelling van misdaadetiologie***

Bronne: Bosch, 1990: 244-247; Cloete *et al.*, 1982:205-207.



- J. Dollard en N.E. Miller (Gous *et al.*, 1982:230) meen die persoonlikheid verwys na "al die persoon se aangebore en aangeleerde responsgewoontes".
- Abrahamsen (1960) voer aan dat die persoonlikheid bepaal word deur die mens se totale omstandighede wat sedert sy geboorte, en selfs voor sy geboorte, op hom inwerk. Dit sluit faktore in soos die fisiologiese, psigologiese en sosiale, en daarmee saam ook situatiewe of omstandigheidsaspekte soos die sosiale, maatskaplike, kulturele, ekonomiese en geografiese faktore.
- Pasques (1982:38) vat die begrip persoonlikheid kortliks saam en wys daarop dat die totaliteit van al die aangebore en verworwe hoedanighede van die mens as sy persoonlikheid gesien kan word en die besondere wyse waarop hierdie hoedanighede in 'n spesifieke persoonlikheid tot 'n eenheid saamgeweef is, bring die unieke individualiteit van die persoonlikheid tot stand.

Die persoonlikheid en weerstandsvermoë word dus voortdurend deur die aard en kwaliteit van die breë individueel-menslike en milieufaktore beïnvloed, en die ingesteldheid daarvan in 'n spesifieke situasie en/of 'n bepaalde oomblik kan 'n deurslaggewende rol in misdaadveroorsaking speel (Bosch, 1984:95-98; Cloete *et al.*, 1982:106).

Dit is onmoontlik om die presiese rol vas te stel wat die individueel-menslike (aanleg- en oorerwingsfaktore) of persoonlikheidsfaktore in die misdaadveroorsakingsproses speel. Persoonlikheidsfaktore kan gevolglik in misdaadveroorsaking gesien word as bepaalde kwaliteite wat onder sekere omstandighede 'n rol kan speel, afhangende van individue se differensiële ontvanklikheid vir sekere milieu-invloede. Die belang van die individueel-menslike of persoonlikheidsfaktore is daarin geleë dat nie alle persone wat in ongunstige milieutoestande verkeer in misdaad verval nie, maar dat 'n gunstige milieu nie noodwendig verhoed dat persone (wat hulle daarin bevind) nie misdaad pleeg nie. Individueel-menslike faktore vervul dus 'n predisponerende funksie in die misdaadveroorsakingsproses, terwyl omringende milieufaktore deurslaggewende betekenis het (Cloete *et al.*, 1982:205-207).

### 2.3.2 Persoonlikheidsontwikkeling binne die maatskaplike ordening van die gemeenskap

Persoonlikheid word waargeneem in die persoonlikheidsmanifestasies van 'n individu en gedrag word as die mees omvattende manifestasie beskou (Bosch, 1990:247). Gedrag sluit die response of handelinge van mense in waaronder misdaad as 'n belangrike vorm van gedrag manifesteer.

In 2.3.1 *supra* is reeds daarop gewys dat die oorsake van misdaad/jeugmisdaad in die persoonlikhede van oortreders gesoek word. Soveel individue in 'n groep, gemeenskap of samelewing, soveel uiteenlopende menslike belange en gevolglike belangebotsings sal tussen die individue voorkom. 'n Mens se persoonlikheid ontwikkel binne 'n milieu wat verwys na 'n organisatoriese struktuur binne 'n bepaalde maatskaplike orde soos die huisgesin, skool of beroepskring. Die aard van die maatskaplike orde waarin die individu hom/haar bevind, oefen 'n bepalende invloed uit op die aard van die individu se persoonlikheid. Vanweë die anti-sosiale aard binne die maatskaplike orde van bepaalde groepe, gemeenskappe of samelewings, kan individue se gedrag verskeie patrone aanneem waarvan misdaad/jeugmisdaad een van die omvattendste vorme uitmaak. Gedragspatrone word gerig deur persoonlikheidsmanifestasies soos lewenskragtigheid, intelligensie, temperament, geestesgesteldheid en so meer. Hierdie manifestasies kom tot uiting wanneer gemeenskaps- en situatiewe verwagtinge, gereël deur die normatiewe verwagtinge van die gemeenskap, dit reguleer. Tydens die sosialiseringsproses leer die normaal-aangepaste individu om selfbeheersing toe te pas en te onderskei tussen reg en verkeerd om dan in ooreenstemming met die gemeenskapsverwagtinge op te tree. Suksesvolle samelewingstoestande word gehandhaaf deur norme, wette, gewoontes en instellings. Dit geskied tydens die proses van sosialisering waardeur die individu normatiewe verwagtinge internaliseer en institusionaliseer. Die individu pas by die omgewing aan deur middel van interaksie waartydens die individu aan verskeie invloede (van binne homself en van buite af) blootgestel word wat integrasie of aanpassing by die omgewing bevorder of belemmer. Deur middel van sosialisering leer kinders, jeugdiges en volwassenes dus om aan die morele standaarde, rolverwagtinge en eise om aanvaarbare gedrag in hul betrokke samelewings te voldoen (Bosch, 1990:247-248).

## 2.4 SOSIALISERING

### 2.4.1 Konseptualisering

Sosialisering is 'n lewenslange proses waardeur individue bepaalde gedragspatrone, normatiewe verwagtinge en roloriëntasies aanleer en waardeur individuele behoeftes met gemeenskapseise en -omstandighede deur middel van verskillende wyses van maatskaplike beheer versoen word. Bepaalde lewensbeskouings waardeur motivering ontwikkel om konformiteit te bewerkstellig, geskied gelyktydig. Volgens Bosch (1990:248-249) vind voorgenoemde plaas binne bepaalde samelewingskollektiwiteite en moet beskou word as 'n maatskaplike en persoonlikheidsontwikkelingsproses deur middel van kommunikasie en sosiale wisselwerking. Tydens die sosialiseringsproses gaan dit dus om

die ontwikkeling van 'n individu se persoonlikheid deur die aanleer van gedragspatrone, normatiewe verwagtinge en roloriëntasies binne bepaalde samelewingskollektiwiteite wat dien as sosialiseringsagentia, met die gesin as die primêr kollektiwiteit. Hiertydens vind interaksie tussen verskillende individue plaas en kom sosialiseringsprosesse tot stand. Samelewingsverbande as sosialiseringsagentia kan slegs in hulle doel slaag om individue te laat konformeer tot die situatiewe, normatiewe verwagtinge indien die ekwilibrium binne so 'n samelewingskollektiwiteit struktureel-funksioneel effektief gehandhaaf word.

### 2.4.2 Die proses van sosialisering binne die maatskaplike orde

Bosch (1990:249-252) wys daarop dat die mens deur God as 'n sosiale wese geskape is, en gevolglik in groepsverband leef. Sosialisering vind met wisselende intensiteit in die verskillende groepsverbande soos die gesin, skool, beroepskring en vriendekring plaas. Die gesin vorm egter die primêre komponent in die sosialiseringsproses, omdat 'n individu se ontvanklikheid vir sosialisering tydens die kinderjare (en reeds by geboorte) gevorm en vasgelê word. Binne hierdie samelewingsverbande vervul individue velerlei rolle, hetsy as gevolg van 'n natuurlike behoefte, 'n formele noodsaaklikheid, 'n wetlike verpligting of 'n spontane reaksie. Hierdie verskeidenheid rolvervullings plaas individue in talryke verhoudings tot mekaar wat die aard van interaksie bepaal. Sosiale interaksie en verhouding is twee onlosmaaklike begrippe en ontwikkel gelyktydig. Sonder sosiale interaksie kan daar dus geen sprake wees van verhoudingsontwikkeling nie. Van der Walt (1975:7) onderskei tussen die volgende fundamentele maatskaplike verhoudingskategorieë:

- Tussenpersoonverhoudinge.
- Familiale verhoudinge.
- Seksuele of geslagsverhoudinge.
- Religieuse verhoudinge.
- Openbare verhoudinge.
- Ekonomiese verhoudinge.
- Politieke verhoudinge.
- Gemeenskapsverhoudinge.

Uit die verhoudingsituasies en die daarmee gepaardgaande rolvervulling van individue, ontwikkel sekere verwagtinge binne groepe wat aanleiding gee tot betekenisvolle en gemotiveerde handelinge. Sodra hierdie handelinge patroonmatighede aanneem, ontwikkel dit tot gebruike. Namate dié gebruike gevestig raak, staan dit bekend as lewensgewoontes. Lewensgewoontes soos die doop en die huwelik, respek vir ouers en onderwysers raak

as gevolg van die interaksieproses patroonmatig en gevestig en ontwikkel parallel met die vestiging van strukture soos die gesin, skool en beroepskring. Die samelewing as omvattendste sisteem bestaan gevolglik uit baie ander sisteme. Binne so 'n sisteem is daar strukture waarbinne bepaalde prosesse plaasvind. Laasgenoemde strukture en prosesse ontstaan as gevolg van interaksie- en kommunikasiepatrone wat op hul beurt voortvloei uit die talryke verhoudinge en daaruit voortspruitende rolverwagtinge van individue. Individuele rolvervulling en daarmee gepaardgaande en dienooreenkomstige gedrag word gereël deur die vernaamste motiverende kragte in menslike gedrag, naamlik norme en waardes.

#### 2.4.2.1 Die internalisering en institusionalisering van norme en waardes

Bosch (1990:22,252-253) en Trojanowicz (1978:17) huldig die standpunt dat norme beskou kan word as kodes wat gedrag in die samelewing reël en reguleer. Waardes word beskou as die samevatting van 'n individu se voorkeure (van wat reg en verkeerd is) wat in sy gesindheid en gevolglike gedrag manifesteer. Gesamentlik kan norme en waardes dus beskou word as vasgestelde voorskrifte waarvolgens individue in gegewe lewensituasies binne kollektiwiteit moet handel omdat die verwagting(-e) binne hierdie kollektiwiteite dit so bepaal. Die aard van hierdie verwagtinge word bepaal deur die kulturele raamwerk waarbinne hulle gestel word. In die sosialiseringsproses waartydens individue deur hul totale lewensverloop hul onderskeie roloriëntasies vervul, leer individue om aan die gestelde morele standaarde, rolverwagtinge en eise om aanvaarbare gedrag van 'n betrokke samelewing te voldoen. Verwagtinge wat deur die norme gestel word, staan bekend as normatiewe verwagtinge. Die koestering van normatiewe verwagtinge word deur waardesisteme wat gedragspatrone situatief goedkeur of afkeur, bepaal. Die gemeenskap koester dus bepaalde verwagtinge ten opsigte van gedragspatrone en afwykings daarvan word met afkeur bejeën. Individue verkies om aan hierdie gestelde verwagtinge te voldoen om sodoende nie die afkeur of misnoeë van die gemeenskap te verduur nie. Ongelukkig is die blote afkeur van die gemeenskap nie altyd voldoende om konformering tot die norme te handhaaf nie. Meer kragdadigheid is soms nodig om konformiteit af te dwing, soos in gevalle van dwelmmisbruik, omdat die skending daarvan ernstige benadeling vir die gemeenskap inhou. Deur die norm te kriminaliseer/positiveer word regsgeldigheid deur middel van wetgewing daaraan verleen wat beteken dat die skending van so 'n norm neerkom op 'n kriminele oortreding. Daar kan dus in so 'n geval van owerheidsweë strafregtelik teen so 'n individu opgetree word ten einde die normatiewe verwagting af te dwing. Individue leer groepsgevestigde, normatiewe verwagtinge aan binne kollektiewe verband. Wanneer hierdie proses op so 'n wyse geskied dat die aanvaarding van 'n normatiewe patroon deel word van die

individu se persoonlikheid en sy lewenspatroon bepaal, staan die proses bekend as internalisering. Die proses waardeur normatiewe patrone en oriëntasies binne 'n kollektiwiteit aanvaar en gevestig raak sodat dit deel word van die kollektiwiteit se maatskaplike struktuur en sisteem van kulturele verwagtinge, staan bekend as institusionalisering. Samevattend kan dus gestel word dat individue norme en waardes aanleer binne verhoudingsisteme waarin hulle hulself bevind. Individue bring hul gedrag in ooreenstemming met groepsgestelde normatiewe verwagtinge en boots die verwysingsgroep se gedragspatrone na wat lei tot internalisasie.

## 2.5 'N GRONDSLAG VIR MISDAADETIOLOGIE

### 2.5.1 Multi-kousaliteit

Die oorsake van misdade en selfs 'n enkele misdaad kan nooit aan een enkele faktor toegeskryf word nie. Veroorsakende faktore kan in sekere gevalle 'n sterker rol speel as in ander gevalle. Elke misdaad is 'n unieke gebeurtenis en kan daarom nooit aan een enkele teorie of faktor toegeskryf word nie. Multi-kousaliteit dui op 'n veelheid van veroorsakende faktore wat nie net betrekking het op verskillende misdade nie, maar ook betrekking het op dieselfde misdade wat onder verskillende omstandighede gepleeg is. Die misdaadveroorsakende invloed van buite kan nie sonder die psigologiese aanknopingspunte bepaal word nie. Maatskaplike faktore (eksterne omgewingsfaktore) en persoonlikheidsfaktore (psigiese of geestesfaktore) van 'n individu lê misdaadetiologie ten grondslag (Bosch, 1990:255-256).

### 2.5.2 Maatskaplike disorganisasie

Die begrip "maatskaplike disorganisasie" verwys na sosio-patologiese toestande in die samelewing en kan as 'n versamelnaam van 'n wye verskeidenheid maatskaplike patologieë en kriminogene toestande beskou word. 'n Kenmerk van 'n disorganiserende of ontwrigte toestand binne 'n samelewing is die gebrekkige konformering tot die normatiewe verwagtinge wat as gedragskodes in sulke samelewings geld. Norme is 'n essensiële element tydens maatskaplike beheer en die handhawing van samelewingsorde. Maatskaplike disorganisasie is dus simptomaties van die aftakeling van groepsgevestigde normatiewe patrone en normatiewe oriëntasies (Bosch, 1984:107; Kratcoski & Kratcoski, 1986:53). Gibbons (1987:114) sluit hierby aan en sê dat die mislukking van die informele wyses van maatskaplike beheer misdaad ten grondslag lê. In 'n maatskaplike-gedisorganiseerde milieu word die sosiale sisteem gekenmerk deur ontoereikendhede en tekortkominge in die

onderlinge rolle en verwantskappe. Volgens Trojanowicz (1987:3) bestaan 'n gedragsdilemma tussen mense en die gemeenskappe waarbinne hulle leef, of dit nou onderontwikkelde of ontwikkelde gemeenskappe is. Ten spyte van die ideaal om vreedsaam en in harmonie met ander mense en gemeenskappe te leef, spreek dit duidelik uit die geskiedenis dat dit nie die geval was of vandag is nie - konflik blyk eerder die reël as die uitsondering te wees. Op die makrovlak is dit sake soos oorlog en terreur wat manifestasies van hierdie konflik is. Op die mesovlak is misdaad 'n manifestasie van hierdie konflik en op die mikrovlak is nyd, jaloesie en afguns voorbeelde van konflikmanifestasies.


Maatskaplike disorganisasie dui op die gedisorganiseerde toestande in die eksterne milieu van die mens (sien figuur 2.2 *supra*) en gee aanleiding tot die daarstelling van kriminogene en viktomogene toestande wat die pleging van misdade bevorder (Bosch, 1990:255).

Oorsake wat maatskaplike disorganisasie meebring, is talryk: Cronje *et al.* (1987:8-9) verwys onder andere na hongersnood en onluste as moontlikhede. Waar maatskaplike disorganisasie misdaad in die hand werk, is die gevolg dat misdaad die reeds bestaande toestand van maatskaplike disorganisasie vererger. Maatskaplike disorganisasie word onder meer deur sodanige toestande teweeggebring en kan gevolglik beskou word as die somtotaal van faktore wat ontwrigtende toestande in die eksterne milieu van 'n individu meebring (Bosch, 1990:256).

### 2.5.3 Determinisme

Uit die voorgaande bespreking blyk dit duidelik dat patroonmatighede in misdaad bepaal word deur onderliggende veroorsakingsfaktore, vandaar die term determinisme. In 2.3.1 (*supra*) is die misdaadveroorsakingsproses reeds aan die hand van figuur 2.1 uiteengesit as 'n wisselwerkingsproses tussen maatskaplike en persoonlikheidsfaktore. In figuur 2.2 (*infra*) word die misdaadveroorsakingsproses binne die raamwerk van die deterministiese benadering uiteengesit.

Die persoonlikheid en die maatskaplike werklikheid verkeer dus deurentyd in 'n wedersydse wisselwerkingsproses. In die totstandkoming van misdaad staan die omgewingsfaktore in wisselwerkende verband tot die totale persoonlikheid. Waar die oorerwingsfaktore 'n predisponerende funksie vervul, is die omgewingsfaktore van deurslaggewende belang in die misdaadveroorsakingsproses deurdat talryke stimuli uit die eksterne milieu geleenthede tot misdaadpleging skep en die aard van die misdaad bepaal (Bosch, 1990:257-259).




*Figuur 2.2 Die misdaadveroorsakingsproses binne die raamwerk van die deterministiese benadering*

Vervolgens word daar gekonsentreer op besondere kriminogeen-etiologiese verbande met betrekking tot jeugmisdaad soos dit in die literatuur voorkom. Aandag word veral gewy aan kriminogene faktore met 'n sosiologies-etiologiese basis. Kriminogene faktore binne gesins- en skoolverband word vanuit 'n literatuurstudie van naderby beskou en in hoofstuk 7 met empiriese bevindinge vergelyk.

## 2.6 BESONDERE KRIMINOGEEN-ETIOLOGIESE VERBANDE VAN JEUGMISDAAD

### 2.6.1 Jeugmisdaad as 'n sosio-patologiese verskynsel

Verskeie faktore dra by tot of veroorsaak maatskaplike disorganisasie wat weer jeugmisdaad tot gevolg het. Hierdie faktore staan bekend as sosio-patologiese faktore. Hierdie faktore skep 'n gedisorganiseerdheid of versteuring in die andersins geordende lewensomgewing van die jeugdige en jong kind en skep so predisposisies (omstandighede wat hul gunstig leen tot die jeugdiges se verval in misdaad) vir jeugmisdaad.

### 2.6.2 Sosiologies- en psigologies-etiologiese faktore

#### 2.6.2.1 Algemeen

Die inwerking van kriminogene faktore op misdaadveroorsaking het 'n sosiologies- en psigologies-etiologiese basis. Sosiologiese verklarings verwys na daardie faktore wat in die samelewing geleë is. Hier word weer onderskei tussen faktore wat in die strukture van die samelewing geleë is en bekend staan as struktuurteorieë (anomie, aliënasie, konflik, subkultuur en ekologiese teorieë) en faktore wat in die prosesse van die samelewing geleë is en bekend staan as prosesteorieë (differensiële assosiasie-, identifikasie-, verwysings-, etiketterings-, neutraliserings- en weerstandsteorieë). Teorieë besin oor hoe faktore misdaadveroorsakend kan wees. Misdaadverklarende teorieë met 'n sosiologies-etiologiese basis bestaan gevolglik uit struktuurteorieë en prosesteorieë. Strukture kan beskou word as 'n samelewingskollektiwiteit en sluit strukture soos die skool, gesin, buurt, besigheidswêreld, werksmilieu, bendes en ontspanningsplekke in. Toestande soos oorbevolking, armoede, werkloosheid en resessie word ook as strukture beskou. Die inwerking van misdaadveroorsakende faktore geskied via die strukture of prosesse binne die samelewing. Die boustene is norme en waardes wat deur die individu deur die sosialiseringsproses geïnternaliseer word en deur die groep geïnstitusionaliseer word. Psigologies-etiologiese faktore is persoonsgerig. Psigologies-gefundeerde misdaad-

verklarende teorieë het gevolglik enersyds te make met die mens se biologiese samestelling en konstitusionele oorerflikhede en andersyds met faktore geleë in die mens se psige. Psigopatologieë soos skisofrenie, depressie, fobies, hallusinasies, psigoses, lae intelligensie, aggressie, emosies, behoeftes, frustrasies, abnormale hormoonafskeidings en kognitiewe eienskappe hou hiermee verband. In hoofstuk 4 word volledig aandag geskenk aan die rol van psigologies-etiologiese faktore. Slegs kriminogene faktore met 'n sosiologies-etiologiese basis geniet in hierdie hoofstuk verdere aandag vanweë die ondersoeker se onderwyservaring en belangstelling in die jeugmisdaadvraagstuk soos dit binne jeugdiges se primêre (gesin) en sekondêre (skool) lewens- en opvoedingsmilieu vergestalt.

### 2.6.2.2 Sosiologies-etiologiese faktore

Navorsers is dit eens dat sosiologies-etiologiese faktore 'n deurslaggewende rol speel in jeugmisdaadveroorsaking. Sommiges stel dit selfs sterker en heftiger, soos Gibbons en Krohn (1986:131) en Trojanowicz (1987:26) wat meen dat jeugmisdaad sy oorsprong binne 'n sosiale en kulturele konteks het. Maatskaplike strukture dien as primêre sosialiseringsagentia en oefen bepalende invloede uit met betrekking tot die bevordering van harmoniese verhoudinge en goeie gesindhede tussen samelewingsindividue. Sodoende word die kanse op misdadige gedrag beperk. Van der Walt *et al.*, 1982:2-3) sluit aan by Trojanowicz (*supra*) en voer aan dat jeugmisdaad voortvloei uit mense se gedragswyse asook kontaksituasies waar mense op mekaar en op hul onderskeie samelewingsverbande aangewese is en waar aanwesige maatskaplike verhoudinge hul daaglikse bestaan beïnvloed.

Pienaar (1980:5) voer aan dat jeugmisdaad 'n maatskaplike probleem is en 'n versteuring in die gladde funksionering van die samelewing tot gevolg het. Individue wat nie by hul onderskeie omgewings kan inskakel nie, wend hulle tot ander vorme van aanpassings (waaronder misdaad) om hulle as individue te laat geld. Reeds in 1885 het La Cassagne, eksponent in die maatskaplike milieuskool, daarop gewys dat elke gemeenskap die misdadigers het wat dit verdien.

Kriminogene faktore vanuit 'n sosiologies-etiologiese verband geniet vervolgens aandag. Vir doeleindes van hierdie ondersoek word daar gekonsentreer op die gesin en skool as onderskeidelik primêre en sekondêre samelewingstrukture van die jeugdige en die kriminogene faktore wat hiermee in verband staan, word van naderby beskou.

Die gemiddelde jong kind of jeugdige se weeklikse etmaal sien min of meer soos volg daaruit:

- 8 ure: Ontvang skoolonderrig en neem deel aan skoolverwante buitemuurse bedrywighede.
- 8 ure: Tuis bedrywig, waaronder skoolverwante take en opdragte dikwels baie van dié tyd in beslag neem.
- 8 ure: Slaap tuis.

Uit bogenoemde tydinkleding is dit duidelik waarom die gesin en die skool deur baie navorsers op dié gebied as bepalende sosialiseringsagentia in die samelewing ten opsigte van kinder- en jeugdige gedrag beskou word.

**2.6.2.2.1 Kriminogene faktore binne gesinsverband**

Die analisering en beoordeling van die kriminogene faktore wat binne die konteks van gesinsverband 'n rol in jeugmisdaad kan speel, geskied in navolging van die sienings, menings en bevindings van die volgende skrywers wat as eksponente op die gebied beskou word:

Gibbons (1987:112-114); Gibbons & Krohn (1986:126-127, 151, 196 en 275); Kratcoski & Kratcoski (1986:120-128); Retief (1975:59-67) en Trojanowicz (1987:73-130)

□ **Ontoereikende ouerlike rolmodelle**

Trojanowicz (1978:68-71) argumenteer dat die vroeë lewenservaring van jong kinders en jeugdiges in gesinsverband die basis vorm van hulle latere gedrag en die ontwikkeling van hul gesindhede, waardes en lewenstyle. Ouers tree (onwetend?) op as verwysingsmodelle vir hul kinders wat, as hulle (die ouers) identifiseer met positiewe gemeenskapsnorme en waardes, dien as positiewe sosialiseringsagentia vir hulle (meesal goedaangepaste) kinders. Die teendeel het tot gevolg dat kinders in misdaad kan verval omdat die ouers nie daarin kan slaag om as positiewe rolmodelle te dien nie. Hulle kinders kom later dikwels in konflik met gemeenskapsinstellings en die heersende norme- en waardesisteme wat as sodanige gemeenskapinstellings gehandhaaf word.

Seuns sal veral tydens adolessensie na mansfigure soek waarmee hulle kan identifiseer. Indien hierdie ouerlike rolmodelle ontoereikend funksioneer, sal die jeugdige na ander plaasvervangers as rolmodelle soek wat dikwels patologies van aard kan wees. Dit werk verwarring in die hand, want sulke jeugdiges weet nie wat hul rol in die lewe moet wees nie, omdat dit nooit aan hulle voorgehou word/is nie. Op die wyse kan 'n jeugdige

by kriminele bedrywighede betrokke raak deur byvoorbeeld 'n bendeleier as rolmodel te kies. Abrahamsen (1990:63) wys op 'n baie interessante aspek as hy sê:

"Lack of identification with older family members may explain the sharp increase in juvenile delinquency in Western countries, since those countries whose culture is imbused with respect for their elders do not show such an alarming rate. It is significant in this respect that criminal activities are rather low among the Chinese and the Jewish people, where there are strong family ties."

- **Die afwesige vaderfiguur**

As gevolg van uiteenlopende redes soos lang werksure, lang afstande na en van die werk en 'n gebrek aan belangstelling verswak die rol van die vader. Hy kan letterlik, maar ook figuurlik, afwesig wees in die gesin, soos in gevalle van onbetrokkenheid of by gebrek aan belangstelling. Hy vervul weliswaar die rol van broodwinner, maar smee geen emosionele bande met sy gesinslede nie. Hierdie situasie skep spanning in die gesin. Dit veroorsaak emosionele versteurings by jeugdiges wat aanleiding gee tot 'n ongebalanseerde gesinslewe. 'n Gunstige teelaarde vir misdaadpleging word op so 'n wyse in die hand gewerk.

- **Disharmoniese huweliks- en gesinsverhoudinge**

Jeugmisdaad gee uitdrukking aan baie meer as net wangedrag. Dit gee ook uitdrukking aan behoeftes, drifte, drange en dryfvere wat in 'n groot mate beïnvloed word deur die jong kind of jeugdige se vroeëre gesinsondervindinge en is dus simptomaties van groter onderliggende probleme. Indien jong kinders of jeugdiges se vroeëre gesinservaringe positief was, sal hulle in staat wees om gemeenskapsdruk en -verantwoordelikhede, waarmee hulle in aanraking kom tydens die aanpassingsproses in die gemeenskap, te beheer en te verwerk (Trojanowicz, 1978:71). Gibbons (1987:197) wys op die bevindinge van baie navorsers dat jeugmisdadigers meesal uit huisgesinne kom met 'n histologie van emosionele onstabiliteit, alkoholisme en misdadigheid.

Sutherland en Cressey (1984:212) voer aan dat navorsing daarop dui dat die gesinslede van jeugoortreders dikwels self afwykend of misdadig optree.

Volgens Kratcoski en Kratcoski (1986:xvii) reflekteer jeugdiges se gedrag gevolglik die probleme wat onmiskenbaar deel is van hul grootwordproses.

Jeugdiges word gekenmerk deur onder andere innerlike konflik, gebrekkige selfvertroue, allerlei gewaarwordinge en toekomsvrese. Dit is ook jare van opwinding, ontluikende fisieke en geestelike vermoëns, bevraagtekening van waardes, portuurgroepinvloede, statusbehoeftes en aanvaarding binne die groter gemeenskap. Indien die jeugdige hierdie ervaringe beleef binne 'n gesinsmilieu wat gekenmerk word deur disharmoniese verhoudinge, waaronder huwelikskonflik, emosionele onstabiliteit, voortdurende gesinsonenigheid, voortdurende spanningstoestande, onjuiste opvoedingshoudings en ander onstabiele gesinsituasies, is gebrekkige sosialisering en gevolglike gebrekkige persoonlikheidsontwikkeling die resultaat. Wanneer die gesin nie daarin slaag om sy opvoedingsfunksie na behore uit te voer nie, kan hierdie ontredderde jeugdige uiting gee aan sy/haar gevoelens wat in die vorm van jeugwangedrag binne of buite skoolverband manifesteer.

□ **Affektiewe verwaarlosing en/of verwerping**

Hierdie kriminogene faktor sluit in 'n groot mate aan by die afwesige vaderfiguur (*supra*) waar daar sprake van geestelike deprivasie by die jeugdige is. Waar affektiewe verwaarlosing en/of verwerping deur een of albei ouers voorkom, word jeugdiges blootgestel aan 'n liefdelose opvoeding. Gebrekkige menseverhoudinge spruit voort uit sodanige opvoeding wat getuig van emosionele deprivasie. Navorsing toon dat jeugmisdaad in besliste verband staan met gevoelens van emosionele deprivasie en dat sodanige jeugdiges minder geheg aan hul ouers is. 'n Gebrek aan vader- of moederliefde in die lewe van 'n kind het 'n vervlakking in die gevoelslewe van so 'n kind tot gevolg. Voortdurende blootstelling aan liefdeloosheid kan jong kinders of jeugdiges aanmoedig tot jeugwangedrag wat later kulmineer in jeugmisdaad.

□ **Gesinsonvolledigheid**

Gibbons (1987:198, 197) wys op navorsingsbevindinge wat daarop dui dat enkelouerskap as gevolg van egskeiding, dood, vervreemding of enige ander vorm van ouerafwesigheid 'n definitiewe korrelasie toon met jeugmisdaad. In die geval van egskeiding of vervreemding is dit dikwels nie die gebrokenheid of afwesigheid op sigself wat soveel skade berokken nie, maar wel die periode en proses wat skeiding van een of ander aard voorafgegaan het. Enkelouerskap gaan dikwels gepaard met gebrekkige toesig oor jong kinders en jeugdiges deur volwassenes. Die resultaat hiervan is ooraggressiewe gedrag vanweë ouerlike verwerping en verwaarlosing. Die veranderde rol van die vrou in die gemeenskap en in die gesin (as onafhanklike beroepsgeoriënteerde individu en soms broodwinner) asook die daarmee gepaardgaande spanning en aanpassing het nood-

wendig 'n verwarrende invloed op jong kinders en jeugdiges. Gibbons (1987:197) meld dat baie navorsers bevind het dat jeugmisdadigers meesal uit gebroke ouerhuise kom. Sutherland en Cressey (1984:212) ondersteun die stelling en voer aan dat jeugmisdadigers meesal produkte van die een of ander vorm van onvolledige gesinne is.

### □ Maatskaplike verandering

Maatskaplike verandering is 'n evolusionêre proses en kan derhalwe onbeheers, met ander woorde sonder sanksionering plaasvind. Dit behels die aanneem van immorele waardes (wat 'n verandering in 'n individu se morele waardes teweeg bring) en gevolglik morele verval. Dit kan dus gebeur dat jeugdiges stelselmatig aan negatiewe assosiasies blootgestel word waar verandering (met afbrekende effek) op verskillende samelewingsterreine soos die gesin intree. Volgens navorsers bring toenemende toeganklikheid tot die gebruik van gesinsvoertuie mee dat die probleem van weglopery en stokkiesdraai hierdeur vererger. Binne maatskaplike verband heers liberale gesindhede ten opsigte van voorhuwelikse seks en buite-egtelike kinders. Egskeidings word makliker aanvaar as die enigste oplossing en daar kleef nie meer so 'n stigma aan as voorheen nie. Die betekenis van die huwelik het vervlak en sensuurstyle het verander. Die gesin as 'n kindgesentreerde milieu het verander na een waarin albei ouers hul eie ideale en werksbevrediging nastreef. Die toeganklikheid tot pornografiese materiaal en verandering in vryetydsbesteding dra ook by tot maatskaplike verandering wat in hierdie gevalle 'n afbrekende effek het op die betrokke samelewingstruktuur. Maatskaplike verandering hoef nie noodwendig 'n afbrekende effek op samelewingstrukture te hê nie. Verandering het verreweg eerder 'n positiewe inslag waarvan groei, ontwikkeling en modernisering voorbeelde is. Waar maatskaplike verandering die blootstelling van jeugdiges aan negatiewe assosiasies behels, of 'n afbrekende effek op samelewingstrukture soos die gesin het, kan dit patologies wees en word die waarde daarvan bevraagteken. Waar die tradisionele sosialiseringsagentia en vorme van maatskaplike beheer, wat die gedrag van jeugdiges binne sosiaal-aanvaarbare grense rig, disfunksioneel raak vanweë die invloed van modernisasie, impliseer dit nie groei nie, maar gebrekkige maatskaplike beheer wat geleenthede tot misdaad skep (Gibbons & Krohn, 1986:195-196).

### □ Ekonomiese deprivasie

Ekonomiese deprivasie kan 'n bydraende rol in die veroorsaking van jeugmisdaad speel indien dit in samehang met ander kriminogene faktore beoordeel word. Jong kinders en jeugdiges uit lae sosio-ekonomiese ouerhuise kan relatief makliker in afwykende gedrag of jeugmisdaad verval as gevolg van hul sosio-ekonomiese status. Dit is egter

ewe belangrik om die feit in ag te neem dat jeugdiges afkomstig uit middelklasse en hoë inkomsteklasse ook in misdaad verval, maar die omvang is nie so groot as in die geval van lae sosio-ekonomiese groepe nie (Gibbons & Krohn, 1986:271; Trojanowicz, 1978:84). Volgens Gibbons en Krohn (1986:271-272) is jeugdiges wat in ernstige misdaad verval, in die reël uit die laer inkomstegroepe afkomstig. Dit wil dus voorkom of ernstige jeugmisdaad 'n besliste verband met sosiale stand toon.

Gibbons en Krohn (1986:195-196) wys daarop dat ekonomiese ontwikkeling in 'n groot mate ook verband hou met jeugmisdaad. Nie alleen neem eiendomsmisdade as gevolg hiervan toe nie, maar dit bring ook mee dat hoër en luukser lewensomstandighede hiermee gepaard gaan. Ekonomiese deprivasie neem toe as gevolg van verhoogde lewenstandaarde, in so 'n mate dat die wat niks of baie min besit, al hoe meer hul lae sosio-ekonomiese posisie aan die onderkant van die leer verwyt. Verstedeliking word dikwels as die enigste oplossing beskou om hul finansiële dilemma te ontkom, terwyl dit in wese nie altyd 'n oplossing bied nie.

Na aanleiding van 'n ondersoek wat in drie Amerikaanse state gedoen is bevind Gibbons en Krohn (1986:122-123) dat jeugmisdaad meesal voorgekom het in gekonsentreerde stadsgebiede en agterbuurtes wat gekenmerk word deur agteruitgang en verval soos ghetto's en "slams". Faktore soos 'n lae inkomste, lae opvoedingspeil, ekonomiese druk as gevolg van onvoldoende inkomste of werkloosheid, ondergemiddelde behuising en oorbewoning was in dié gemeenskappe aan die orde van die dag. Radikale kriminoloë se Marxistiese menings voer, aldus Gibbons (1987:120-121), aan dat die bestaande misdaadveroorsakingsteorieë opvallend mank gaan aan gebreke, omdat die sogenaamde teorieë die kriminogene faktore wat gevorderde kapitalisme en ekonomiese onderdrukking meebring, verbloem. Volgens hulle speel die polities-ekonomiese struktuur van gevorderde kapitalisme 'n gewigtige rol in misdaadetiologie.

### □ Verstedeliking

'n Gesin se verhuising van 'n plattelandse of landelike milieu af na 'n stedelike milieu behels in werklikheid ook 'n totale verandering in leefwyse. So 'n verhuising staan dikwels en aanvanklik in die teken van ekonomiese vooruitgang of verbetering, terwyl die teendeel, naamlik ekonomiese agteruitgang al te dikwels realiseer. Daar word veral 'n groot appèl op die kind se vermoë om aan te pas, geplaas.

In stedelike gebiede is die informele meganismes van maatskaplike beheer nie so sterk as in geïsoleerde homogene, primitiewe of plattelandse gemeenskappe by familietradisies, -gewoontes en gebruike nie.

Navorsers het bevind dat stedelike omgewings waarin jeugmisdaad geredelik voorkom sekere ekologiese eienskappe in gemeen het, naamlik 'n swak infrastruktuur, swak behuising, 'n hoë konsentrasie ekonomies-gedepriveerde inwoners, armoede en lae inkomste. Kinders en jeugdiges in sekere stedelike gebiede word in 'n groot mate blootgestel aan invloede van jeugbendes en ekologiese agteruitgang en verval.

Gepaard hiermee heers algemene verwarring onder kinders en jeugdiges in verband met norme, waardes, morele standaarde, verwagtinge, doelwitte en ideale omdat dit vir hulle vreemd is.

Voorgenoemde faktore werk anomie of aliënasie by die kind in die hand wat ontwrigtend inwerk op sy vermoë om in die nuwe omgewing aan te pas. Wanneer ander kriminogene toestande by sy lewensomstandighede gevoeg word, kan sy woningsomstandighede 'n groot bydraende rol speel in die skep van predisposisies vir misdaadverval, of in ernstige gevalle, residivisme.

Navorsers (genoem in 2.6.2.2.1 *supra*) bestempel jeugmisdaad as 'n "normale" verskynsel in moderne stedelike Westerse samelewings. Onder "normale" moet hier verstaan word dat misdaad onder bepaalde omstandighede 'n logiese uitvloeisel of verwagting sal wees. Dit dui daarop dat die kapitalistiese samelewingstruktuur misdaadveroorsakend kan wees omdat geld en materiële status tot die hoogste doel verhef word en bo alle geestelike en morele waardes gestel word. Dit word 'n tradisionele lewensfilosofie wat noodwendig lei tot 'n gees van individualisme, 'n aftakeling van die gemeenskapsgevoel en gevolglik gevoelens van selfsug kweek. Minderbevoorregtes raak bewus van hul swakker posisie teenoor die van die bevoorregtes. Die minderbevoorregte individu kan nie op 'n aanvaarbare wyse toegang tot die klassestruktuur bekom nie en om hierdie ideaal te verwesenlik, gee hy hom oor aan 'n toestand van anomiese rebellie en pleeg hy misdaad (veral georganiseerde misdaad of witboordjiemisdaad) om sy doel te bereik.

Verstedeliking staan dus in die teken van onsekerheid, ontwrigting, verwarring, toenemende kultuurdiffusie en snelle sosiale veranderinge. Kriminogene stadsgebiede word oor die algemeen gekenmerk deur armoede, afhanklikheid, swak behuisingsomstandig-

hede, oorbewoning, gebrek aan privaatheid, 'n hoë mate van mobiliteit en onbestendigheid, gesinsdisorganisasie, swak kommersiële ontspanningsfasiliteite, maatskaplike euwels (byvoorbeeld drank- en dwelmmisbruik en prostitusie), lae lewens- en opvoedkundige standaarde, anomie en vele geleenthede tot onwettige aktiwiteite. Al die voorgenoemde eienskappe van stedelike misdaadgebiede gaan hand aan hand met die stedelike verval en die verswakking van maatskaplike beheer. Dit vorm 'n teelaarde vir misdaad en residivisme omdat alle gemeenskappe die latente kiem van misdaad met hul saamdra en in "gunstige" omstandighede soos hierbo beskryf, weliswaar sal gedy.

Om die omvang en intensiteit van maatskaplike disorganisasie en die ontwrigting van sosiale en groepsbeheer in moderne, geïndustrialiseerde samelewings te peil, word die teenoorgestelde van laasgenoemde samelewing, die sogenaamde "folk society" of volksgewoontes as maatstaf gebruik. So 'n samelewing word gekenmerk deur 'n kleiner omvang en geïsoleerde lewenswyse asook 'n sterk groepsolariditeit en -kohesie. Verdere kenmerke is die homogeniteit van persoonlikheidstipes, harmoniese naasbestaan, informele leefreëls, sterk ingeburgerde (geïnternaliseerde en geïnstitusionaliseerde) gewoontes en gebruike asook ingewikkelde en noue verwantskapverhoudinge. Gebrekkige konformerende gedrag kom nie baie voor nie vanweë die oorheersende rol wat eie kultuur in die identifisering van doelstellings in sosiale aktiwiteite speel en die metodes om dit te bereik. In so 'n samelewing heers ook min verwarring met betrekking tot persoonlike beskerming. Om jeugmisdaad gevolglik as stedelike verskynsel in perspektief te plaas, kan gekonstateer word dat stedelike groei en prosesse van verstedeliking en industrialisering in 'n mindere of meerdere mate aanleiding kan gee tot die verswakking van tradisionele, volksbindende, reëlende en ordenende leefgewoontes.

Kratcoski en Kratcoski (1986:121-128) beklemtoon die rol van die gesin as sosialiseringsagent binne die raamwerk van verstedeliking as hy meld dat ouers reeds geïdentifiseer is as die invloedrykste opvoeders van hul kinders wat betref kulturele, morele en persoonlikheidsontwikkeling. Hierdie opvoeding sluit die inprenting van wenslike en onwenslike gesindhede en waardes in. Afwykende of misdadige gedrag kan die gevolg wees van jeugdiges se internalisering van gesindhede of gedragspatrone wat verskil van die gemeenskapsnorme. Die gesin bly steeds 'n groot krag in misdaadvoorkoming of misdaadveroorsaking. In samewerking met die invloed van die skool, gemeenskap en die ekonomies-sosiale struktuur, dra dit grootliks by tot jong kinders en jeugdiges se sosialiseringsmilieu waarbinne hulle vir die volwasse lewe voorberei word.

#### 2.6.2.2.2 Kriminogene faktore binne skoolverband

Sosialisering in skoolverband is meer ingewikkeld as in gesinsverband. Meer trek- en stootkragte is werksaam vir onder meer 'n kind se aandag en lojaliteit. Skole word geadministreer deur volwassenes en hulle bepaal die aard van sosiale wisselwerking tydens hul interaksie met die skoliere. Daar is egter 'n sosiale afstand tussen onderwysers en kinders wat veral in die generasiegaping vergestalting vind. Daar kan gemeenskaplike waardes wees soos taal en godsdiens, maar groot verskille bestaan ten opsigte van ander gewoontes soos voorkeure vir kleredrag, voorkoms, haarstyle, ornamente en musiek (Kratcoski & Kratcoski, 1978:409-416).

Die gesin speel die magtigste rol in die kind/jeugdige se opvoedingsproses, maar deesdae dra ouers al hoe meer van hulle verantwoordelikhede oor aan buite-instansies, soos veral die skool. As hierdie ouerlike verantwoordelikhede op onderwysers se skouers gelaai word en laasgenoemde dus 'n dubbele las moet dra, is minder tyd beskikbaar waarin kinders basiese vaardighede kan aanleer.

Aan die hand van Gibbons (1986:112-114); Gibbons & Krohn (1986:126, 127, 151, 196 en 275); Kratcoski & Kratcoski (1986:120-128); Retief (1975:59-67); Trojanowicz (1978:73-130) en Pasques (1982:52-54) word die volgende kriminogene faktore geïdentifiseer:

□ **Gebrekkige sosialisering**

'n Aspek wat die skool se belang vooropstel, is die feit dat dit die plek is waar die kind 'n eie keuse moet uitoefen ten opsigte van assosiasies. Volgens Kratcoski en Kratcoski (1986:364-365) wat na die Colemanverslag in die V.S.A. verwys, beklee die skool hierdie baie belangrike posisie in die totale sosialiseringsproses van jong kinders en jeugdiges, en behoort alle skole te poog om leerlinge met ten minste die volgende vaardighede toe te rus wat hul weg na volwassenheid sal vergemaklik en gevoelens van eiewaarde en onafhanklike identiteit sal versterk.

- Selfgesentreerde vaardighede
  Dit behels bekwaamhede wat nodig is vir ekonomiese onafhanklikheid en vir beroepsaktiwiteite; die vermoë om persoonlike sake te hanteer; die ontwikkeling van smaak; die motivering om te soek na kultureelverrykende ervaringe en om die behoefte te koester om betrokke te raak by een of ander produktiewe aktiwiteit.

- Medemensgerigte vaardighede
  Hierdie vaardighede dui op skakeling met mense van ander sosiale klasse, ouderdomme en subkulture; om die verantwoordelikheid te aanvaar dat ander van jou doen en late afhanklik kan wees; en betrokkenheid by aktiwiteite wat samewerking van ander vereis ten einde 'n gemeenskaplike doel suksesvol na te streef.

Jeugmisdaad vind veral plaas as gevolg van die gebrek aan die ontwikkeling van 'n sterk band met betrekking tot die geordende milieu waarin die jeugdige hom bevind. Hierdie band word gekenmerk deur die gehegtheid aan ouers en skool, die toewyding aan opvoedkundige en beroepskeuses en geloof in die morele en wettige waarde van die reg. Jong kinders en jeugdiges wat nie 'n sterk band met die bogenoemde geordende samelewingsmilieu het nie as gevolg van ontoereikende, onvolledige of onvoltooide sosialisering, is geneig tot misdadige gedrag (Carey & McAnany, 1984:221; Kratcoski & Kratcoski, 1986:169-170).

¤ Gebrekkige dissipline

Wanneer jeugmisdaad met die skool in verband gebring word, sal dit gekoppel word aan sosialiseringsprobleme wat die leerling dáár ondervind. Een van die duidelikste probleme wat Kratcoski en Kratcoski (1986:151) in die verband uitlig, is 'n algemene gebrek aan die nodige dissipline wat moontlik tot gevolg kan hê dat 'n vrugbare teelaarde vir afwykende gedrag geskep word:

» Jong kinders en jeugdiges betoon oor die algemeen minder respek teenoor volwassenes (waaronder ouers en onderwysers).
» Gebrekkige ouerbetrokkenheid en ouerlike toesig doen afbreuk aan skooldissipline.
» Al hoe meer skoolkinders dring aan op meer regte en verkry dit dikwels sonder dat hulle bereid is om die daarmee gepaardgaande verantwoordelikhede te aanvaar.
» Onder invloed van die televisie (en boonop vrye toegang daartoe) ondervind baie skoolkinders konsentrasieprobleme op skool as gevolg van hulle drang om deurentyd "vermaak" te word in plaas daarvan om selfwerksaamheid uit eie inisiatief en aansporing aan die dag te lê.
» Baie leerlinge staan apaties teenoor skoolonderrig en beskou dit slegs as 'n noodsaaklike beslommernis en tydverdryf wat verduur móét word, maar waarin hulle nie 'n lewendige belangstelling hoef te hê nie.

Al die voorgenoemde punte in ag genome, is die kanse op onderrigmislukking redelik goed, wat gevolglik meebring dat die skool as baie belangrike sosialiseringsinstelling nie kan slaag nie.

¤ Onderrig- en akademiese mislukking

Soos reeds vermeld onder punt 2.6.2.2.2 (*supra*) is die opvoedingstaak van die skool kompleks en word die las op onderwysers se skouers al hoe groter. Ouerlike verantwoordelikhede word deur onderwysers oorgeneem. Minder tyd is beskikbaar waarin die kind op 'n individuele wyse basiese vaardighede soos lees, skryf en spelling aanleer. Hierdie gebrekkige aanleer van basiese vaardighede kan 'n versterkende uitwerking tot gevolg hê op die ontwikkeling van 'n swak selfbeeld by die kind. Dit werk gebrekkige selfvertroue in die hand wat aanpassings, volgens die eise van die samelewing, benadeel.

Trojanowicz (1987:409) wys op sy beurt op die feit dat jeugdiges wat misdadige gedrag openbaar, die een of ander lees- of skoolwerkverwante probleem ondervind. Volgens Carrey en McAnany (1984:208-210) is die skool ook direk gekoppel aan buitemuurse aktiwiteite omdat dit 'n bepalende rol daarin speel soos onder andere sport- en kultuuraktiwiteite. 'n Suksesvolle of onsuksesvolle (latere) volwasse beroepswêreld is dus nou verwant aan skoolprestasie. Daar is ook bewyse van korrelasie tussen gebrekkige skoolprestasie en jeugmisdaad. Daar is 'n groter bewuswording onder ouers van die toenemende belangrikheid van effektiewe hoërskoolopleiding. Die skool speel uiteraard ook 'n bepalende rol in die suksesvolle wyse waarop die jeugdige die beroepswêreld na skool betree. Gebrekkige skoolopleiding impliseer gebrekkige persoonlikheidstoerusting om by die eise van die beroepswêreld aan te pas.

Onderrigmislukking het gebrekkige akademiese ontwikkeling tot gevolg en behels leerprobleme, leesprobleme, konsentrasieprobleme, frustrasie en ander skoolwerkverwante probleme. Akademiese mislukking kan in afwykende gedrag en uiteindelike misdadige gedrag kulmineer. Frustrasie ontstaan en word veroorsaak vanweë 'n onvermoë om doelwitte te bereik wat deur die heersende gemeenskapsorde daargestel word. Dié orde is gewoonlik die middelklaskultuur. Om hierdie doelwitte te bereik, soos status en erkenning, wend die jeugdige hom tot misdaad. Ouers en kinders van alle sosiale stande/klasse heg wel waarde aan onderrigsukses. Die gedagte dat ouers en kinders van lae inkomstegroepe nie veel waarde heg aan onderrigsukses nie, alhoewel akademiese mis-

lukking herhaaldelik en algemeen daar voorkom, blyk onwaar te wees (Gibbons & Krohn, 1986:145; Wolfgang *et al.*, 1970:487).

¤ Antisosiale gedragsprobleme
Verskeie vorme van wangedrag waaronder diefstal, seksuele wanaanpassing, rebelsheid, stokkiesdraai, leuenvertelling, oneerlikheid, onbeheerde aggressie en apatiese gedrag word deur navorsers in skoolverband geïdentifiseer. Jeugoortreders in skoolverband maak hul grootliks skuldig aan anti-sosiale gedrag wat voortspruit uit die verwerping van gesag, aggressiwiteit, wispelturigheid, impulsiwiteit, oneerlikheid en onmiddellike behoeftebevrediging. Sodanige jeugdiges se gewetensfunksie is meesal swak ontwikkel en daarom ervaar hulle min of geen skuldgevoelens oor hul antisosialiteit of kriminaliteit nie.

¤ Negatiewe etikettering
Bloch en Flynn (1956:42) is van mening dat die etikettering van oortredende jeugdiges as jeugmisdadigers noodwendig 'n ingrypende uitwerking op hul persoonlikhede en voortgesette gedrag moet hê. Al word 'n jeugdige deur 'n hof onskuldig bevind, kleef die stigma van kriminaliteit vir baie jare aan hom/haar en tree hy/sy dikwels in ooreenstemming daarmee op. Die swaard van diskriminerende etikettering hang deurentyd oor sulke jeugdiges se hoofde en hulle word dikwels bewustelik of onbewustelik daaraan herinner wat hulle pogings om nuttige en volwaardige lewens te lei, kelder.

¤ Negatiewe portuurgroepinvloed
Navorsers is dit eens dat die portuurgroep waarbinne 'n jeugdige beweeg 'n groot invloed, positief of negatief, op hom/haar kan uitoefen. Pasques (1982:52-54) vat die rol wat die portuurgroep in die lewe van 'n jeugdige speel, soos volg saam:

» Die portuurgroep bied aan die jeugdige 'n ruimte waarbinne hy/sy ervaring in die hantering van menseverhoudinge kan opdoen.
» Die portuurgroep verskaf kennis en inligting aan 'n jeugdige wat hy normaalweg nie in gesinsverband sou kry nie.
» Die jeugdige neem 'n spesifieke plek in die groep in en ervaar dus so rolbeoefening binne die portuurgroep.
» Die portuurgroep bied aan die jeugdige 'n weg tot groter selfstandigheid en onafhanklikheid wat behels dat hy/sy eie besluite neem en die gevolge daarvan self dra.

Indien die portuurgroep waarin die jeugdige hom bevind negatief is, behoort die jeugdige se gedragspatrone onkonvensioneel te wees, en sal dit in een of ander vorm van jeugwangedrag manifesteer.

¤ Interpersoonlike probleme

Volgens navorsers uit die literatuurondersoek (*supra*:p.33) ondervind 'n groot aantal jeugoortreders probleme in hul onderlinge menseverhoudinge met veral hul ouers, gesinslede en onderwysers. Dit is te wyte aan die sosiale afstand tussen die jeugdige en ander individue wat deur verskillende aspekte, soos kultuurverskille, generasieverskille en klasseverskille, ten grondslag gelê word. Dit belemmer die jeugdiges se maatskaplike aanpassing volgens die eise van die groep, wat meebring dat hulle negatiewe en openlik antisosiale gedrag openbaar wat in werklikheid verdedigingsmeganismes is waardeur hulle hulself teen hul minderwaardige posisies wil verdedig.

¤ 'n Onpersoonlike, burokratiese atmosfeer in sommige skole

Sommige jong kinders en jeugdiges ervaar die klassituasie en skool as onpersoonlik, streng en koud. Die wyse waarop die skool bestuur word, kan vervreemding en anomie bevorder. Die jeugdige kan hom nie met die skool identifiseer of vereenselwig nie. Die opvoedingsgebeure geskied vir hulle rigtingloos en doelloos en hulle voel onopgemerk, nutteloos, verstote en op hulself aangewese. Navorsers (*supra*:p.33) het bevind dat sodanige situasie gevoelens van frustrasie, aggressie en onttrekking by hierdie jeugdiges laat ontstaan wat later in jeugwangedrag en uiteindelik jeugmisdaad kan manifesteer.

#### 2.6.2.2.3 Belangrike gevolgtrekkings

Die rol van die skool lê primêr in die skepping van 'n milieu wat hom gunstig leen tot doeltreffende en positiewe sosialisering waardeur die jeugdige 'n gebalanseerde persoonlikheid ontwikkel om hom- of haarself beroepsgereed te maak vir die toekoms. Inderdaad beteken dit die ontwikkeling van 'n innerlike weerstand teen misdadigheid. Vanweë die verkrummeling van gesinstrukture en die tradisionele rol van die gesin, speel die skool in die moderne samelewing 'n al hoe belangriker rol as agentia vir doeltreffende sosialisering (Kratcoski & Kratcoski, 1986:152). Kratcoski en Kratcoski (1986:18, 66) en Gibbons en Krohn (1986:151-208) meld almal dat ernstige jeugmisdadigers oor die algemeen, in 'n mindere of meerdere mate die volgende in gemeen het:

- Die oorgrote meerderheid jeugoortreders is seuns.
- Sosio-ekonomies is hulle nie goed daaraan toe nie en leef dikwels in totale armoede.
- 'n Groot persentasie openbaar interpersoonlike en gedragsprobleme in die skool wat tot aanpassingsprobleme in die beroepsmilieu lei.
- Talle is dikwels afkomstig uit gebroke ouerhuise.
- Talle is uit ouerhuise afkomstig waar konflik, onstabiliteit, onvoldoende toesig en ander vorme van gesinsdisorganisasie aan die orde is.
- Hulle lewensomstandighede word gekenmerk deur onvoldoende en/of oorbewoonde woontoestande.
- Hulle gaan gebuk onder emosionele deprivasie wat tot 'n vervlakking in hul gevoelslewe aanleiding gee.

## 2.7 SLOTGEDAGTE

Deur die jeug op te voed, word die volk van môre opgevoed. Ouers en onderwysers moet kinders leer om onafhanklik te wees van eie toevlugte eerder as om dit buite hom-/haarself in onder meer verdowingsmiddels en bendes te soek. Jong kinders en jeugdiges word nie gebore met vermoëns soos selfdissipline en langtermyn doelwitbereiking nie. Hul opvoeding, opleiding, omgewing en omstandighede is in 'n groot mate verantwoordelik vir die wyse waarop hulle volwassenheid bereik. Ouers, onderwysers en gemeenskappe deel almal in die verantwoordelikheid om toe te sien dat jong kinders en jeugdiges in húlle sorg sal leer om persoonlike en sosiale konflik op positiewe, konvensioneel-aanvaarbare wyses die hoof te bied, en nie op negatiewe, reaksionêre wyses soos jeugmisdaad en subkulturele eienskappe soos onder andere nie-utilitarisme, negativisme, veelsydigheid en korttermyn hedonisme nie (Bosch, 1990:286; Trojanowicz, 1987:130).

Uit die bespreking in hierdie hoofstuk kan sonder teenspraak gekonstateer word dat die postulaat vir jeugmisdaadetiologie die stelling is dat jeugmisdaad die gevolg van maatskaplike disorganisasie in sy wye verskeidenheid verskyningsvorme is. Die postulaat word voorts in die volgende hoofstukke by wyse van empiriese veralgemenings gesubstansieer deur korrelasies en vergelyking te tref tussen die gehuldigde standpunte in die literatuur en die bevindinge van gevallestudies van oortredende leerlinge verbonde aan skole in die Oos-Randgebied.

# HOOFSTUK 3

## 'N STATISTIES-BESKRYWENDE BEELD VAN DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN JEUGMISDAAD

### 3.1 INLEIDING

Statistiek is die wetenskap wat statistiese metodes voorsien wat geskik is vir die verwerking van gegewens. Smit (1983:202) omskryf statistiek as "die teorie, dissipline en metodes wat aangewend word vir die bestudering van kwantitatiewe data wat verkry word uit steekproefobservasies, met die doel om eerstens die oorsake van variasie in verskynsels te bestudeer; tweedens om te help besluit of hipotetiese verhoudings tussen verskynsels aanvaar of verwerp moet word, en derdens om as hulpmiddel te dien om betroubare afleidings uit waarnemings te maak". Statistiek kan gevolglik beskou word as die primêre bron waaruit navorsers op die gebied van misdadigheid hulle feitemateriaal kry.

Die ontwikkeling wat die misdaadstatistiek veral in die negentiende eeu gemaak het, was in 'n groot mate aan die ontdekkings van die Belg, Quetelet, te danke. Sy groot verdienste lê daarin dat hy die moontlikheid aangetoon het van die statistiese toepassing op waarneming van menslike eienskappe wat fisies, psigies en/of moreel van aard kan wees, asook op maatskaplike verskynsels. Hy bevind verder dat misdaad as massa-verskynsel 'n reëlmatige jaarlikse patroon toon, dat kwalitatiewe verskille tussen mense ook tot kwantitatiewe verskille teruggevoer kan word en dat die omgewing, eerder as predisposisies wat slegs moontlikhede daarstel, deurslaggewend in misdaadpleging is (Van der Walt, 1965:101-105).

Die Departement van Statistiek/Sentrale Statistiekdiens in samewerking met verskeie ander instansies soos die Suid-Afrikaanse Polisie, die Militêre Polisie en die voormalige Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisie is verantwoordelik vir die samestelling van Suid-Afrikaanse misdaadstatistiek.

Die ondersoeker wil graag daarop wys dat daar enkele leemtes met betrekking tot die volledigheid van die gebruikte misdaadstatistiek bestaan. Eerstens word nie alle misdade wat gepleeg word, aangemeld en geregistreer nie. Slegs misdade wat aan die gereg

bekend is, word statisties aangeteken. Daar is verskeie redes waarom individue, wat kennis dra van sekere misdade, dit nie aanmeld nie. Om maar enkele redes te noem: individue wil nie betrokke raak in hofgedinge nie; baie van hulle is bloot angsbevange oor die moontlike implikasies daarvan en ander maak die betrokke oortredings af as alledaags of gering. Tweedens word daar gebruik gemaak van veroordeelde misdaadsyfers wat 'n vraagteken plaas oor die werklike voorkomssyfer van die betrokke misdade. Ten spyte hiervan is die ondersoeker van mening dat die statistiese materiaal voldoende verteenwoordigend van die geheel is.

## 3.2 NAVORSINGSONTWERP

Dit is nie die doel om die navorsingsontwerp, soos dit in hoofstuk 1 bespreek is, te herhaal nie. Die oogmerk is bloot om die leser se geheue kortliks te verfris ten opsigte van daardie aspekte in die ontwerp wat op hierdie hoofstuk van toepassing gaan wees.

### 3.2.1 Statisties-beskrywende tegniek

Aan die hand van toepaslike tabellariese en grafiese gegewens gaan jeugmisdaad-patroonmatighede blootgelê word. Waar daar na klasse, subklasse en kodes verwys word, dui dit op die indeling van misdrywe soos dit deur die Sentrale Statistiekdiens saamgestel word. Misdrywe word in ses hoofklasse ingedeel en daarna onderverdeel in subklasse. Aan misdrywe word kodes toegeken.

### 3.2.2 Ondersoekbegrensing

#### 3.2.2.1 Ondersoekgroep

In 3.3 (*infra*) word daar gewerk met 40 gevallestudies waarvan almal jeugoortreders is. Andersins word daar verwys na die totale populasie in die RSA.

#### 3.2.2.2 Tydruimtelike begrensing

In 3.4 (*infra*) is die ondersoektydperk vanaf 1980 tot 1991 (dus 10 jaar lank) en die ondersoekgebied die Oos-Rand (Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en Kempton Park). In 3.3 (*infra*) strek die ondersoektydperk vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 (dus 10 jaar lank) en die ondersoekgebied beslaan die hele Republiek van Suid-Afrika.

#### 3.2.2.3 Kwantitatiewe en kwalitatiewe begrensing

In 3.3 (*infra*) word daar gewerk met 40 individue wat almal blanke jeugoortreders en manlik of vroulik is. In 3.4 (*infra*) word daar met al die veroordeelde jeugoortreders (7-21 jaar) ongeag ras of geslag in die republiek van Suid-Afrika gewerk.

### 3.2.3 Dataversamelingstegnieke

Vir doeleindes van 3.3 (*infra*) is daar hoofsaaklik van histories-dokumentêre bronne (volledig uiteengesit in hoofstuk 1, punt 1.3) na aanleiding van *ex post facto*-waarneming gebruik gemaak. In 3.4 (*infra*) is daar ook van histories-dokumentêre bronne, naamlik statistiese gegewens van die Departement van Statistiek/Sentrale Statistiekdiens gebruik gemaak.

### 3.2.4 Meting

Daar word deurgaans van die nominale misdaadmetingskaal gebruik gemaak om die aan- en afwesigheid van die misdaadverskynsel aan te teken.

## 3.3 PATROONMATIGHEDE IN DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN MISDAAD EN VONNISSE IN DIE ONDERSOEKGROEP

### 3.3.1 Leeftyd en eerste oortreding

Aan die hand van tabel 3.1 word die verskillende leeftye/ouderdomme van hierdie jeugoortreders tydens hulle eerste botsing met die gereg uiteengesit.

Uit tabel 3.1 blyk dit dat die mediaan tussen 15- en 18-jarige leeftyd is. Grafies kan dit soos in figuur 3.1 voorgestel word.


**Tabel 3.1 Leeftyd en eerste oortreding in die ondersoekgroep.**

| Leeftyd | N | % |
|---|---|---|
| 9 jaar | 1 | 2,5 |
| 10 jaar | 0 | 0,0 |
| 11 jaar | 1 | 2,5 |
| 12 jaar | 2 | 5,0 |
| 13 jaar | 2 | 5,0 |
| 14 jaar | 3 | 7,5 |
| 15 jaar | 9 | 22,5 |
| 16 jaar | 8 | 20,0 |
| 17 jaar | 3 | 7,5 |
| 18 jaar | 8 | 20,0 |
| 19 jaar | 3 | 7,5 |
| Onbekend | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

### 3.3.2 Jeugmisdaadloopbaan: aard en aantal oortredings

Die aard van al 147 oortredings (gemiddeld 3,6 per persoon) wat deur hierdie groep jeugoortreders oor die tydperk van 10 jaar begaan is, is uiteenlopend, maar dui tog sekere patroonmatighede aan. Die meerderheid het hulle skuldig gemaak aan inbraakdiefstalle en diefstalle soos veral winkeldiefstal en die diefstal van kontantgeld. Kwaadwillige beskadiging van eiendom is nog 'n misdaad waaraan die meerderheid hulle skuldig gemaak het. Tabel 3.2 dui die aantal en aard van al hierdie jeugoortredings volgens klas aan, terwyl tabel 3.3 die spesifieke aard van al die verskillende begane jeugoortredings uiteensit.

**Figuur 3.1 Grafiese voorstelling van leeftyd en eerste oortreding in die ondersoekgroep.**



**Tabel 3.2 Aard en aantal jeugmisdade volgens klas.**


| Jeugmisdade volgens klas | N | % |
|---|---|---|
| Gemeenskapslewe | | |
| Onwelvoeglike geslagtelike en verwante sake | 8 | 5,4 |
| Verdowingsmiddels en afhanklikeidsvormende stowwel | 4 | 2,7 |
| Totaal | 12 | 8,1 |
| Persoonsverhoudings | | |
| Lewe en liggaam van 'n persoon | 1 | 0,7 |
| Goeie naam en eer van 'n persoon | 1 | 0,7 |
| Totaal | 2 | 1,4 |
| Eiendom | | |
| Inbrake en verwante sake | 76 | 51,7 |
| Diefstal van die persoon af , of verkryging van voordele deur geweld of dreigemente | 4 | 2,7 |
| Ander diefstalle | 37 | 25,2 |
| Ander sake betreffende die eiendom | 16 | 10,9 |
| Totaal | 133 | 90,5 |
| **TOTAAL** | **N = 147** | **100** |

Grafies word die aantal en aard van al hierdie jeugoortredings volgens klas in figuur 3.2 voorgestel terwyl die spesifieke aantal en aard van die besondere oortredings in figuur 3.3 voorgestel word.


**Tabel 3.3 Tipologiese verspreiding van jeugmisdade volgens aard en aantal.**

| Jeugmisdade volgens aard en aantal | N | | % | |
|---|---|---|---|---|
| Seksuele molestering van jong dogters | 3 | | 2,04 | |
| Poging tot verkragting | 2 | | 1,36 | |
| Besit van pornografiese materiaal | 2 | | 1,36 | 8,1 |
| Ontbloting | 1 | | 0,68 | |
| Besit van dwelmmiddels | 4 | | 2,70 | |
| Aanranding | 1 | | 0,70 | |
| Naamskending/Crimen injuria | 1 | | 0,70 | 1,4 |
| Huisbraak met opset om te steel en diefstal | | | | |
| in woonpersele | 26 | | 17,70 | |
| in besigheidspersele | 50 | 76 | 34,00 | 51,7 |
| Gewapende roof | 4 | | 2,70 | 2,7 |
| Diefstalle | | | | |
| vuurwapendiefstalle | 6 | | 4,10 | |
| motordiefstalle | 2 | | 1,40 | |
| winkeldiefstal | 12 | 37 | 8,10 | 25,2 |
| diefstal van geld | 13 | | 8,90 | |
| algemene diefstalle (fietse, speelgoed, voedsel, e.s.m.) | 4 | | 2,70 | |
| Saakbeskadiging/ kwaadwillige beskadiging van eiendom | 14 | | 9,50 | |
| Brandstigting | 2 | | 1,40 | 10,9 |
| **TOTAAL** | **N = 147** | | **100** | |

**Figuur 3.2 Grafiese voorstelling van die aard en aantal jeugoortredings volgens klas.**



**Figuur 3.3 Grafiese voorstelling van tipologiese verspreiding van jeugmisdaad volgens aard en aantal.**



### 3.3.3 Jeugmisdaadloopbaan: verspreiding van diefstal

Die persentasie van verspreiding ten opsigte van diefstal onder jeugoortreders in die steekproef gedurende die tydperk 1980 - 1991 was wat inbraakdiefstal betref 51,7% teenoor die 25,2% van Ander Diefstalle.


Dié diefstalle behels onder andere winkeldiefstal, vuurwapendiefstal, motordiefstal en alle ander diefstalle soos dié van kontantgeld, fietse, speelgoed ensovoorts. In tabel 3.4 word die aantal en aard van hierdie Ander Diefstalle uiteengesit en met mekaar vergelyk. Hieruit blyk dit dat alle ander diefstalle, waarna hierbo verwys word, 46% van Ander Diefstalle uitmaak, met winkeldiefstal (32,4%) gevolg deur vuurwapendiefstal (16,2%) en motordiefstal 5,4%).

**Tabel 3.4 Verspreiding van diefstal volgens klas.**

| Diefstal volgens klas | N | % |
|---|---|---|
| Winkeldiefstal | 12 | 32,4 |
| Vuurwapendiefstal | 6 | 16,2 |
| Motordiefstal | 2 | 5,4 |
| Alle ander diefstal (soos geld en ander items) | 17 | 46,0 |
| **TOTAAL** | **N = 37** | **100** |

Die aard van diefstalle volgens klas word in figuur 3.4 voorgestel.

## Figuur 3.4 Diagrammatiese voorstelling van die aard van diefstal volgens klas.



### 3.3.4 Jeugmisdaadloopbaan: huisbraak - aard van persele

In tabelle 3.2 en 3.3 (*supra*) is verwys na die feit dat huisbraak en diefstal as misdaad die hoogste frekwensie toon. In tabel 3.5 word daar onderskei tussen inbrake in woonpersele of inbrake in besigheidspersele.

## Tabel 3.5 Aard van inbraakpersele.

| Inbraakpersele | N | % |
|---|---|---|
| Woonpersele | 26 | 34,2 |
| Besigheidspersele | 50 | 65,8 |
| **TOTAAL** | **N = 76** | **100** |


### 3.3.5 Geslagsverspreiding en oortredings

Uit die 147 verskillende oortredings wat deur hierdie groep van 40 jeugoortreders oor 'n periode van 10 jaar gepleeg is, is 2 daarvan (1,4%) deur dogters gepleeg. Dit hang saam daarmee dat slegs 5% van hierdie groep jeugoortreders dogters is. Die verskillende jeugoortredings en die geslagsverspreiding word in tabel 3.6 en figuur 3.5 uiteengesit.

## Tabel 3.6 Aard van geslagsverspreiding in die ondersoekgroep.

| Geslagsverspreiding | N | % |
|---|---|---|
| Oortredings gepleeg deur vroulike persone | 2 | 1,4 |
| Oortredings gepleeg deur manlike persone | 145 | 98,6 |
| **TOTAAL** | **N = 147** | **100** |

Figuur 3.5 Grafiese voorstelling van die aard van geslagsverspreiding in die ondersoekgroep.



### 3.3.6 Aard van laaste misdryf gepleeg


Hierdie ondersoek toon dat daar 'n beduidende korrelasie is tussen die aard van laaste misdrywe gepleeg en die aard van ál die misdrywe gepleeg. Die korrelasie lê daarin dat in albei gevalle dieselfde twee misdrywe, naamlik i) huisbraak met die opset om te steel en diefstal, en ii) ander diefstalle (waaronder winkeldiefstal, diefstal van geld, motordiefstal, wapendiefstal en ander algemene diefstalle) grootliks of oorwegend voorkom. In die geval van laaste misdrywe gepleeg, kom misdryf i) (*supra*) by 52,5% van die ondersoekgroep voor en misdryf ii) (*supra*) by 32,5% van hulle. As daar na hierdie groep se misdaadloopbaan gekyk word, kom misdryf i) (*supra*) 51,7% voor en misdryf ii) (*supra*) 25,2% (vergelyk tabel 3.3 *supra*).

Die aard van laaste misdrywe gepleeg, word in tabel 3.7 en figuur 3.6 uiteengesit.

**Tabel 3.7 Aard van laaste misdryf gepleeg deur jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Aard van laaste misdryf | | N | | % | |
|---|---|---|---|---|---|
| Huisbraak met opset om te steel en diefstal | | 21 | | 52,5 | |
| Diefstal: | Winkeldiefstal | 5 | 13 | 12,5 | 23,5 |
| | Diefstal van geld | 1 | | 2,5 | |
| | Motordiefstal | 3 | | 7,5 | |
| | Wapendiefstal | 1 | | 2,5 | |
| | Algemene diefstalle (fiets, speelgoed, juwele) | 3 | | 7,5 | |
| Besit van dwelmmiddels (dagga) | | 3 | | 7,5 | |
| Saakbeskadiging/kwaadwillige beskadiging van eiendom | | 1 | | 2,5 | |
| Gewapende roof | | 1 | | 2,5 | |
| Aanranding | | 1 | | 2,5 | |
| Onbekend | | 0 | | 0 | |
| **TOTAAL** | | **N = 40** | | **100** | |

Figuur 3.6 Grafiese voorstelling van die aard van laaste misdrywe gepleeg deur jeugoortreders in ondersoekgroep.



### 3.3.7 Jeugmisdaad in groepsverband

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat negatiewe portuurgroepinvloed 'n groot rol gespeel het in die misdaadpleging van hierdie jeugoortreders. As die laaste misdrywe gepleeg in aanmerking geneem word, is 77,5% daarvan in groepsverband (twee of meer portuurgroeplede) gepleeg, terwyl slegs 10% daarvan op 'n individuele basis gepleeg is. In 12,5% van die gevalle was die inligting onbekend. In hoofstuk 6 onder punt 6.3.9 word negatiewe portuurgroepdruk in skoolverband, wat op 'n direkte of indirekte wyse hierby kan aansluit, verder toegelig. Tabel 3.8 toon jeugmisdaad in groepsverband aan en figuur 3.7 stel die tabellariese uiteensetting grafies voor.

**Tabel 3.8 Aard van jeugmisdaad gepleeg in groepsverband.**

| Jeugmisdaad gepleeg in groepsverband | N | % |
|---|---|---|
| Groepsverband | 31 | 77,5 |
| Individuele pogings | 4 | 10,0 |
| Onbekend | 5 | 12,5 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

### 3.3.8 Aard van vonnisse

As al die verskillende vonnisse wat strek oor 'n tydperk van 10 jaar, in ag geneem word, blyk dit baie duidelik dat lyfstraf (32,3%), uitgestelde vonnisse onderhewig aan sekere voorwaardes (28%) en die oorplasing na kinderwetskole (20,6%) die gebruiklikste vonnisse was. Van die oorblywende 19,1% dui 10,3% daarvan op ontslag met waarskuwings terwyl slegs 8,8% gevangenisstraf behels. Die aard van voorgenoemde vonnisse word in tabel 3.9 uiteengesit.

Die aard van hierdie vonnisse vir die eerste, tweede, derde en selfs vierde oortreding (waarvoor hierdie onderhawige jeugoortreders strafregtelik aangekla is) word in tabel 3.10 weerspieël.

**Tabel 3.9 Aard van vonnisoplegging van jeugoortreders in die ondersoekgroep.**


| Aard van vonnisse | N | % |
|---|---|---|
| Oorplasing na kinderwetskole | 14 | 20,6 |
| Uitgestelde vonnisse | 19 | 28,0 |
| Lyfstraf | 22 | 32,3 |
| Ontslaan met waarskuwing | 7 | 10,3 |
| Gevangenisstraf | 6 | 8,8 |
| **TOTAAL** | **N = 68** | **100** |

**Tabel 3.10 Aard van vonnisse vir veroordeling in die misdaadloopbaan van jeugoortreders in die ondersoekgroep.**


| VONNISSE | Misdrywe | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1e misdryf | | 2e misdryf | | 3e misdryf | | 4e misdryf | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Oorplasing na kinderwet-skole | 7 | 10,3 | 6 | 8,8 | 1 | 1,5 | 0 | 0,0 |
| Uitgestelde vonnisse | 9 | 13,2 | 8 | 11,8 | 2 | 2,9 | 0 | 0,0 |
| Lyfstraf | 16 | 23,5 | 6 | 8,8 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Ontslaan met waarskuwing | 7 | 10,3 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Gevangenisstraf | 1 | 1,5 | 3 | 4,4 | 1 | 1,5 | 1 | 1,5 |
| **TOTAAL** | **40** | **58,8** | **23** | **33,8** | **4** | **5,9** | **1** | **1,5** |

Die gegewens van tabel 3.10 word in figuur 3.9 grafies voorgestel


**Figuur 3.7 Grafiese voorstelling van jeugmisdaad gepleeg in groepsverband.**



## Figuur 3.8 Grafiese voorstelling van die aard van vonnisoplegging.



**Tabel 3.9 Grafiese voorstelling van vonnisse in die misdaadloopbaan van jeugoortreders in ondersoekgroep.**



### 3.3.9 Enkele opmerkings oor die aard van vonnisse

#### 3.3.9.1 Oorplasing na kinderwetskole

Die oorplasing van jeugoortreders na skole met 'n meer gestruktureerde opset blyk redelik gebruiklike vonnisse te wees, veral in die geval van eerste en tweede oortredings.

#### 3.3.9.2 Uitgestelde vonnisse

Uitgestelde vonnisse is meesal opgelê vir periodes wat wissel van 2 tot 5 jaar, onderhewig aan sekere toepaslike voorwaardes soos een of meer van die volgende (of ander, na gelang van elke besondere geval):

- Ontvang van gespesialiseerde onderwys.
- Terugkeer na kinderwetskool.
- Skoolloopbaan tot st.10 voltooi.
- Neerlê by reëls.
- Geen verdere soortgelyke oortredings nie.
- Saamwerk met behandelingsprogram.
- Ondertoesigstelling van 'n proefbeampte.

#### 3.3.9.3 Lyfstraf

Lyfstraf blyk, wat hierdie ondersoek betref, die gebruiklikste opgelegde vonnis te wees. Dit is meesal opgelê in die geval van eerste oortredings en die aantal houe wissel tussen vier en sewe - meesal toegedien met 'n ligte rottang. Hierdie vonnis gaan gewoonlik gepaard met toesigdienste vir een of twee jaar lank.

#### 3.3.9.4 Ontslaan met 'n waarskuwing

Hierdie vonnis is slegs opgelê in die geval van eerste oortredings en het in baie gevalle gepaard gegaan met boetes of toesigdienste vir een of twee jaar.

#### 3.3.9.5 Gevangenisstraf

Gevangenisstraf is meesal opgelê vir tweede, derde en vierde oortredings. In 83% van die gevalle waar gevangenisstraf opgelê is, is die volle tydperke opgeskort. In slegs

17% van hierdie gevalle is effektiewe gevangenisstraf uitgedien. Gevangenisstraf is meesal opgelê en opgeskort vir tydperke wat wissel tussen een en vyf jaar.

### 3.3.10 Vryetydsbesteding

Dit is insiggewend om waar te neem dat slegs 7,5% van hierdie groep jeugoortreders hul vryetyd nuttig, konstruktief en positief aangewend het. By 87,5% van hulle het verskeie vorme van nadelige, doellose en skadelike vryetydsbesteding soos rondlopery en leeglêery voorgekom.

'n Hoë persentasie van hierdie jeugoortreders het hul vryetyd doelloos, nutteloos en/of skadelik aangewend, wat die siening van ander navorsers soos Venter (1983:157) steun dat daar 'n besliste verband bestaan tussen jeugwangedrag en die aard en gehalte van vryetydsbesteding. Vryetydsbesteding word weer in hoofstuk 6 (6.3.4 *infra*) te berde gebring.

## 3.4 PATROONMATIGHEDE IN DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN JEUGMISDAAD IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA


### 3.4.1 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens klasse n.a.v. veroordelingsyfers vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991

**Tabel 3.11 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens klas en veroordelingsyfer. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**

**(Bron: Sentrale Statistiekdiens.)**

| Jeugoortredings in die RSA | N | % |
|---|---|---|
| Klas A - Owerheidsgesag en goeie orde | 31107 | 3,04 |
| Klas B - Gemeenskapslewe | 125725 | 12,28 |
| Klas C - Persoonsverhoudings | 227784 | 22,24 |
| Klas D - Eiendom | 614735 | 60,03 |
| Klas E - Ekonomiese sake | 313 | 0,03 |
| Klas F - Maatskaplike sake | 24405 | 2,38 |
| **TOTAAL** | **N=1024069** | **100** |

**Figuur 3.10 Grafiese voorstelling van aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens klas en veroordelingsyfer. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**




Bron: Sentrale Statistiekdiens.

Die meeste jeugoortredings in die RSA hou verband met eiendom soos dit in klas D voorkom. 60% van alle jeugoortredings vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 staan bekend as eiendomsmisdade. Hierdie feitelike bevinding is in ooreenstemming met die bevindinge wat voortvloei uit die onderhawige ondersoek dat die meeste jeugoortredings in klas D-Eiendom voorkom. Die aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens klasse en na aanleiding van veroordelingsyfers vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 is in tabel 3.11 uiteengesit en in figuur 3.10 grafies voorgestel.

### 3.4.2 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens sekere klasse, subklasse en kodes na aanleiding van veroordelingsyfers vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991

Slegs sekere klasse, subklasse en kodes word vir hierdie doel aangewend om aan te sluit by die onderhawige ondersoekbevindinge waar moontlike ooreenstemmende patroonmatighede blootgelê kan word. Die gekose klasse, subklasse en kodes verteenwoordig 17 "gewilde" jeugmisdrywe wat 56,26% van alle jeugmisdaad in die RSA insluit en betekenisvolle ooreenkomste met die onderhawige gevalle-ondersoekbevindinge toon. Van die 56,26% voorgenoemde gekose oortredings binne sekere klasse en subklasse, verteenwoordig 48,42% daarvan verskillende eiendomsmisdade. Beide die onderhawige gevalleondersoek en die ondersoek na jeugmisdaad in die RSA toon aan dat die meeste jeugoortredings voorkom in klas D-Eiendom, veral oortredings soos inbraakdiefstal, algemene diefstal en winkeldiefstal. Tabel 3.12 toon die aard en aantal jeugoortredings in die RSA aan volgens sekere klasse, subklasse en kodes na aanleiding van veroordelingsyfers vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991.

### 3.4.3 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens geslag na aanleiding van veroordelingsyfers vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991

Manlike jeugoortreders is verreweg in die meerderheid. Slegs 11,9% van alle jeugoortreders in die RSA oor 'n periode van 10 jaar was vroulik. In geen besondere jeugmisdaad speel vroulike jeugoortreders 'n leidende rol nie. In die geval van winkeldiefstal speel vroulike jeugoortreders teenoor hul manlike eweknieë die sterkste rol en is die verhouding manlike jeugoortreders tot vroulike jeugoortreders by benadering 2:1. Tabelle 3.13 en 3.14 toon die aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens geslag en na aanleiding van veroordelingsyfers aan vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991.

Die aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens geslag vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 word in figuur 3.11 voorgestel.

**Tabel 3.12 Aard en aantal jeugoortreding in die RSA volgens sekere klasse, subklasse en kodes na aanleiding van veroordelingsyfers.**

**(Bron: Sentrale Statistiekdiens.)**

| Spesifieke jeugoortredings in die RSA | N | % |
|---|---|---|
| Klas B - Gemeenskapslewe | | |
| Subklas B2: Onwelvoeglike, geslagtelike en verwante sake | | |
| Kode 092/095: Onsedelike aanranding teen 'n vroueper-soon waar sy nie 'n meewerkende party is nie | 222 | 0,02 |
| Kode 092/089: Verkragting of poging tot verkragting - blanke vrou deur blanke man | 196 | 0,01 |
| Kode 101: Pornografiese publikasies | 544 | 0,05 |
| Kode 100: Ontbloting | 612 | 0,05 |
| Subklas B3: Verdowingsmiddels en afhanklikheidsvormende stowwe | | |
| Kode 109: Besit van dagga | 73524 | 7,17 |
| Klas C - Persoonsverhoudings | | |
| Subklas C1: Lewe of liggaam van 'n persoon | | |
| Kode 130: Aanranding - blanke deur blanke | 2207 | 0,21 |
| Subklas C2: Goeie naam en eer van 'n persoon | | |
| Kode 176/200: Crimen injuria | 2573 | 0,25 |
| Klas D - Eiendom | | |
| Subklas D1: Inbrake en verwante sake | | |
| Kode 190/209: Inbrake in besigheidspersele | 53525 | 5,22 |
| Kode 191/212: Inbrake in woonpersele deur blanke persone bewoon | 76514 | 7,47 |
| Kode 192/218: Inbrake in woonpersele deur nie-blanke persone bewoon | 49535 | 4,83 |
| Subklas D2: Diefstal van die persoon af, of verkryging van voordele deur geweld of dreigemente | | |
| Kode 201/221: Roof met 'n vuurwapen - blanke deur blanke | 169 | 0,01 |
| Subklas D4: Ander diefstalle | | |
| Kode 228/255: Winkeldiefstal | 104270 | 10,18 |
| Kode 230/257: Diefstal van vuurwapens | 1037 | 0,10 |
| Kode 233/260: Diefstal van motorvoertuig of motorfiets | 18343 | 1,79 |
| Kode 235/262: Alle ander diefstalle | 156216 | 15,25 |
| Subklas D6: Ander sake betreffende die eiendom | | |
| Kode 250/275-279: Brandstigting | 1637 | 0,15 |
| Kode 251/280-284: Kwaadwillige beskadiging van eiendom | 35073 | 3,42 |
| **TOTAAL** | **N=576197** | **56,26** |

**Tabel 3.13 Aantal jeugoortredings in die RSA volgens geslag en veroordelingsyfer. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**

**(Bron: Sentrale Statistiekdiens.)**


| Jeugoortredings volgens geslag n.a.v. veroordelingsyfers | N | % |
|---|---|---|
| Misdrywe deur vroulike jeugoortreders gepleeg | 122266 | 11,9 |
| Misdrywe deur manlike jeugoortreders gepleeg | 901803 | 88,1 |
| **TOTAAL** | **N=1024069** | **100** |

**Tabel 3.14 Aard en aantal jeugoortredings in sekere klasse, subklasse en kodes volgens geslag en veroordelingsyfer. Tydperk: 1 Jul. tot 30 Jun. 1991.**

**(Bron: Sentrale Statistiekdiens.)**

| Aard en aantal jeugoortredings volgens geslag | N | | % | |
|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Manlik | Vroulik |
| Klas B - Gemeenskapslewe | | | | |
| Subklas B3: Verdowingsmiddels en afhanklikheidsvormende stowwe | | | | |
| Kode 109: Besit van dagga | 71326 | 2198 | 6,96 | 0,21 |
| Klas C - Persoonsverhoudings | | | | |
| Subklas C1: Lewe of liggaam van 'n persoon | | | | |
| Kode 103: Aanranding (blanke deur blanke) | 2047 | 160 | 0,20 | 0,02 |
| Klas D - Eiendom | | | | |
| Subklas D1: Inbrake en verwante sake | | | | |
| Kode 180, 191 en 192/209, 212 en 213: Inbrake in besigheids- of woonpersele | 170873 | 8701 | 16,69 | 0,85 |
| Subklas D4: Ander Diefstalle | | | | |
| Kode 228/225: Winkeldiefstal | 66006 | 38264 | 6,45 | 3,74 |
| Kode 235/262: Alle ander diefstalle | 134573 | 21643 | 13,14 | 2,11 |
| **TOTAAL** | **444825** | **70966** | **43,44** | **6,93** |
| | **515791** | | **50,37** | |

**Figuur 3.11 Grafiese voorstelling van die aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens geslag. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**




Bron: Sentrale Statistiekdiens.

### 3.4.4 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA volgens twee ouderdomsgroepe na aanleiding van veroordelingsyfers vir 'n tydperk van 10 jaar vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991

Oortreders onder die ouderdom van 21 jaar staan volgens die Sentrale Statistiekdiens se statistieke van misdrywe bekend as minderjariges en word in twee ouderdomsgroepe van 7-17 jaar en 18-20 jaar verdeel. Oorkoepelend beskou verteenwoordig die 7 tot 17-jaargroep 'n gemiddelde jeugmisdaadpersentasie van 42,75% en die 18 tot 20-jaargroep 'n gemiddelde jeugmisdaadpersentasie van 57,25%. Tabelle 3.15 en 3.16 sit die aantal jeugoortredings in die RSA volgens die genoemde twee ouderdomsgroepe uiteen.

**Tabel 3.15 Aantal jeugoortredings in die RSA volgens ouderdomsgroep en veroordelingsyfer. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**

**(Bron: Sentrale Statistiekdiens.)**

| Aantal jeugoortredings volgens ouderdomsgroep | N | | % | |
|---|---|---|---|---|
| | 7-17 | 18-20 | 7-17 | 18-20 |
| 1980 - 1981 | 51785 | 67223 | 5,06 | 6,56 |
| 1981 - 1982 | 46780 | 66040 | 4,57 | 6,45 |
| 1982 - 1983 | 45612 | 67082 | 4,45 | 6,55 |
| 1984 - 1985 | 44312 | 61466 | 4,33 | 6,00 |
| 1985 - 1986 | 44060 | 55990 | 4,30 | 5,47 |
| 1986 - 1987 | 42948 | 56031 | 4,20 | 5,47 |
| 1987 - 1988 | 41381 | 53187 | 4,04 | 5,20 |
| 1988 - 1989 | 40387 | 53676 | 3,94 | 5,24 |
| 1989 - 1990 | 38733 | 51978 | 3,78 | 5,08 |
| 1990 - 1991 | 41819 | 53579 | 4,08 | 5,23 |
| **TOTAAL** | **437817** | **586252** | **42,75** | **57,25** |
| **GROOTTOTAAL** | **1024069** | | **100** | |

**Tabel 3.16 Jaarlikse gemiddelde persentasie van aantal jeugoortredings volgens ouderdomsgroep. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**


**(Bron: Sentrale Statistiekdiens.)**

| Aantal jeugoortredings volgens ouderdomsgroep - jaarlikse gemiddelde persentasie | N | | % | |
|---|---|---|---|---|
| | **7-17** | **18-20** | **7-17** | **18-20** |
| 1980 - 1981 | 51785 | 67223 | 43,51 | 56,49 |
| 1981 - 1982 | 46780 | 66040 | 41,46 | 58,54 |
| 1982 - 1983 | 45612 | 67082 | 40,47 | 59,53 |
| 1984 - 1985 | 44312 | 61466 | 41,89 | 58,11 |
| 1985 - 1986 | 44060 | 55990 | 44,03 | 55,97 |
| 1986 - 1987 | 42948 | 56031 | 43,39 | 56,61 |
| 1987 - 1988 | 41381 | 53187 | 43,75 | 56,25 |
| 1988 - 1989 | 40387 | 53676 | 42,93 | 57,07 |
| 1989 - 1990 | 38733 | 51978 | 42,69 | 57,31 |
| 1990 - 1991 | 41819 | 53579 | 43,83 | 56,17 |
| **TOTAAL** | **437817** | **586252** | | |
| **GROOTTOTAAL** | **1024069** | | | |

Die gegewens in tabel 3.16 word grafies in figuur 3.12 voorgestel.

Wanneer daar egter na spesifieke oortredings verwys word, is dit nie altyd die geval dat die hoër ouderdomsgroep dienooreenkomstig meer oortredings as die laer ouderdomsgroep begaan nie. In sekere eiendomsmisdrywe soos inbrake in besigheids- of woonpersele en winkeldiefstal is dit die jonger groep (7-17 jaar) wat die voortou neem. Hierdie gegewens word in tabel 3.17 uiteengesit en in figuur 3.13 grafies voorgestel.

**Figuur 3.12 Grafiese voorstelling van jaarlikse gem. % van aantal jeugoortredings in RSA volgens ouderdomsgroep. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**





**Bron: Sentrale Statistiekdiens.**

**Tabel 3.17 Aard en aantal jeugoortredings in die RSA in sekere klasse, subklasse en kodes volgens ouderdomsgroep. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**

**(Bron: Sentrale Statistiekdiens.)**

| Aard en aantal jeugoortredings volgens ouderdomsgroep | N | | % | |
|---|---|---|---|---|
| | 7-17 | 18-20 | 7-17 | 18-20 |
| Klas B - Gemeenskapslewe | | | | |
| Subklas B3: Verdowingsmiddels en afhanklikheids vormende stowwe | | | | |
| Kode 109: Besit van dagga | 21156 | 52368 | 2,07 | 5,11 |
| Klas C - Persoonsverhoudings | | | | |
| Subklas C1: Lewe of liggaam van 'n persoon | | | | |
| Kode 130: Aanranding (blanke deur blanke) | 459 | 1748 | 0,05 | 0,17 |
| Klas D - Eiendom | | | | |
| Subklas D1: Inbrake en verwante sake | | | | |
| Kode 190, 191 en 192/209, 212 en 213: Inbrake in besigheids- of woonpersele | 105313 | 74261 | 10,28 | 7,25 |
| Subklas D4: Ander Diefstalle | | | | |
| Kode 228/255: Winkeldiefstal | 56873 | 47397 | 5,55 | 4,63 |
| Kode 235/262: Alle ander diefstalle | 75571 | 80645 | 7,38 | 7,88 |
| **TOTAAL** | **259372** | **256419** | **25,33** | **25,04** |
| **GROOTTOTAAL** | **515791** | | **50,37** | |

**Figuur 3.13 Grafiese voorstelling van jeugoortredings in klasse, subklasse en kodes volgens ouderdomsgroep. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**




Bron: Sentrale Statistiekdiens.

### 3.4.5 Vergelyking tussen die aantal jeugmisdrywe teenoor alle ander misdrywe in die RSA Tydperk: 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991

Dit blyk uit statistiese gegewens dat jeugmisdaad in die RSA vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 geleidelik met gemiddeld 5,68% afgeneem het teenoor misdade deur volwassenes wat weer met gemiddeld 5,68% toegeneem het. Jeugmisdrywe maak gemiddeld 27,20% van alle misdrywe, gemeet oor 'n periode van 10 jaar vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991, uit. Tabel 3.18 sit die onderhawige syfermatige gegewens uiteen.


**Tabel 3.18 Vergelykende syfers van aantal jeugmisdrywe teenoor alle misdrywe in die RSA. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**

**(Bron: Sentrale Statistiekdiens.)**

| Aantal jeugmisdrywe teenoor alle misdrywe in die RSA | N | | % (10-jaarliks) | | % (Jaarliks) | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1980 - 1981 | 119008 | 254638 | 3,16 | 6,76 | 31,85 | 68,15 |
| 1981 - 1982 | 112820 | 260749 | 3,00 | 6,92 | 30,20 | 69,80 |
| 1982 - 1983 | 112694 | 271803 | 2,99 | 7,22 | 29,30 | 70,70 |
| 1984 - 1985 | 105778 | 287612 | 2,81 | 7,64 | 26,88 | 73,12 |
| 1985 - 1986 | 100050 | 273930 | 2,66 | 7,27 | 26,75 | 73,25 |
| 1986 - 1987 | 98979 | 281115 | 2,63 | 7,47 | 26,04 | 73,96 |
| 1987 - 1988 | 94568 | 295410 | 2,51 | 7,84 | 24,24 | 75,76 |
| 1988 - 1989 | 94063 | 281509 | 2,50 | 7,48 | 25,04 | 74,96 |
| 1989 - 1990 | 90711 | 265357 | 2,41 | 7,05 | 25,47 | 74,53 |
| 1990 - 1991 | 95398 | 269120 | 2,53 | 7,15 | 26,17 | 73,83 |
| **TOTAAL** | **1024069** | **2741243** | **27,20** | **72,80** | | |
| **GROOTTOTAAL** | **3765312** | | **100** | | | |

Figuur 3.14 stel die vergelykende syfers van die aantal jeugmisdrywe teenoor alle ander misdrywe in die RSA jaarliks vanaf 1 Julie 1980 tot 30 Junie 1991 grafies voor.

**Figuur 3.14 Vergelykende voorstelling van die aantal jeugmisdrywe teenoor alle ander misdrywe gepleeg in die RSA. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**




Bron: Sentrale Statistiekdiens.

Tabel 3.19 vat die aantal jeugmisdrywe teenoor alle ander misdrywe in die RSA vir die ooreenstemmende periode globaal saam.

**Tabel 3.19 Aantal jeugmisdrywe teenoor alle misdrywe in die RSA. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.**

**(Bron: Sentrale Statistiekdiens.)**


| Aantal jeugmisdrywe teenoor alle misdrywe in die RSA | N | % |
|---|---|---|
| Jeugmisdrywe (0-20 jaar) | 1024069 | 27,20 |
| Alle ander misdrywe/volwasse misdrywe | 2741243 | 72,80 |
| **TOTAAL** | **N=3765312** | **100** |

Die aantal jeugmisdrywe teenoor alle ander misdrywe in die RSA vir die ooreenstemmende periode word globaal in figuur 3.15 voorgestel.

## 3.5 SLOTGEDAGTE

Sekere beduidende korrelasies spruit voort uit hierdie statistiese vergelyking van gegewens wat betref die ondersoekgroep en die universum in die RSA. Die meerderheid jeugoortreders maak hulle skuldig aan eiendomsmisdade, veral inbraakdiefstal en ander vorme van diefstal. Dit is oorwegend seuns wat hulle skuldig maak aan voorgenoemde misdade, veral die in die ouderdomsgroep 7-17 jaar.

## Figuur 3.15 Grafiese voorstelling van aantal jeugmisdrywe teenoor alle ander misdrywe in RSA. Tydperk: 1 Jul. 1980 tot 30 Jun. 1991.




**Bron: Sentrale Statistiekdiens.**

# HOOFSTUK 4

## PERSOONLIKE HOEDANIGHEDE VAN DIE JEUGOORTREDER

### 4.1 INLEIDING

Met persoonlike hoedanighede van die jeugoortreder word daar, vir doeleindes van hierdie ondersoek, verwys na alle kwaliteite wat op die persoon van die jeugoortreder van toepassing is. Hierdie kwaliteite dui onder andere op aspekte soos leeftyd en fisieke, verstandelike en geestelike gesteldheid, wat weer faktore soos ouderdom, geslag, intelligensie, gesondheidstoestand, temperament en baie ander persoonlikheidsfaktore omvat.

Resultate van die onderhawige navorsing het aan die lig gebring dat sekere persoonlike hoedanighede of kwaliteite by jeugoortreders betekenisvol korreleer en ander weer verskil. Hoedanighede soos ouderdom (by die eerste toelating tot 'n skool), geslag, gesondheidstoestand, huistaal, verstandelike gesteldheid en geestesgesteldheid speel beslis 'n beduidende rol by jeugkriminaliteit en word vervolgens bespreek.

### 4.2 OUDERDOM BY DIE EERSTE TOELATING TOT 'N SKOOL

In hierdie ondersoek is gevind dat 92,5% van die oortreders in die ondersoekgroep vir die eerste skool toe is op ses- of sewejarige ouderdom. Hierdie ouderdom word allerweë deur kundiges as die ideale ouderdom beskou vir 'n kind om met sy/haar skoolloopbaan te begin. Slegs 7,5% is dus moontlik te jonk, op 5-jarige ouderdom, skool toe gestuur. Die meerderheid het gevolglik hul skoolopleiding op die gewenste skoolgereedheidsouderdom begin.

Wat hierdie streekgebonde ondersoek betref, blyk dit duidelik dat vroeë of latere skooltoelating hier nie 'n beduidende verband toon met jeugkriminaliteit nie.

## 4.3 GESLAG

Tabel 4.1 toon die geslagsverspreiding in die ondersoekgroep aan wat uit 40 jeugoortreders bestaan.

**Tabel 4.1 Geslag as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Geslag | N | % |
|---|---|---|
| Manlik | 38 | 95 |
| Vroulik | 2 | 5 |
| Onbekend | 0 | 0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

Die proporsionele vergelyking en die geslagsverspreiding met betrekking tot die onderhawige ondersoekgroep word in figuur 4.1 met behulp van 'n sirkeldiagram voorgestel.


Uit tabel 4.1 en figuur 4.1 is dit duidelik dat seuns, wat hierdie ondersoek betref, hulle meer dikwels skuldig maak aan wetsoortredings as dogters. Die verhouding is kwantitatief gesproke 19 (seuns) tot 1 (dogter). Volgens Venter (1983:35-36) openbaar die statistiek van alle lande dat die kriminaliteit van die vrou geringer as die van die man is, en dat die verskynsel ook geld vir jonger dogters teenoor jonger seuns. Die belangrikste motivering vir hierdie groot verskil is volgens Venter (*supra*) geleë in die maatskaplike statusverskille en rolle van dogters teenoor die van seuns.

Seuns en meisies verskil ook aansienlik wat die aard van hul oortredings betref. Uit hierdie ondersoek sien die aard van hul onderskeie oortredings soos volg daaruit.

### 4.3.1 Ekonomiese oortredings

Die meeste manlike jeugoortreders maak hulle skuldig aan ekonomiese oortredings, veral inbraakdiefstal. Items soos kassetbande, radio's, hoëtroustelle, juwele, klerasie, geld, elektriese ware, allerlei masjinerie (meesal verhandelbare goedere) fietse, motorfietse en motoronderdele word meesal wederregtelik geneem. Baie van die items word

**Figuur 4.1 Sirkeldiagrammatiese voorstelling van geslagsverspreiding in die ondersoekgroep.**



gesteel met die doel om dit later van die hand te sit om op dié wyse kontantbedrae in te win. Ander items is weer eie aan die leef- en belangstellingswêreld van die gemiddelde jong seun, naamlik kassetbande, sigarette, radio's, bandopnemers, klerasie en elektriese ware en word hoofsaaklik wederregtelik geneem vir eie gebruik of uit oorweging van ander motiewe gerig deur bravade, hebsug, genotsug, selfgelding, wraak en so meer.

Motordiefstal kom wel voor, maar in 'n mindere mate as inbraakdiefstal, wat verreweg die gewildste oortreding by manlike jeugoortreders is.

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat meisies hulle wel skuldig maak aan ekonomiese oortredings, veral winkeldiefstal. Ongeveer 2,5% van die vroulike jeugoortreders in die ondersoekgroep het hul skuldig gemaak aan een of ander vorm van diefstal teenoor die 65% manlike jeugoortreders.

### 4.3.2 Oortredings in verband met verbode, afhanklikheidsvormende medisyne of middels

Dit blyk dat 10% van die ondersoekgroep hul skuldig gemaak het aan die besit of gebruik van dwelms soos veral hasjisj of marihuana (dagga), maar ook LSD (lisergiensuurdiëtielamied). 2,5% hiervan was vroulike jeugoortreders en 7,5% was manlik. Venter (1983:38-41) sê dat dit begryplik is dat seuns hulle in verhouding meer aan hierdie tipe oortredings skuldig maak as dogters omdat seuns meer uithuisig is en meer vryheid gegun word teenoor dogters wat 'n meer beskermde huislikheid geniet.

### 4.3.3 Geslagsoortredings

Geslagsoortredings waaraan 12,5% jeugoortreders uit die ondersoekgroep hul skuldig gemaak het, sluit oortredings in soos:

- Ontbloting/ekshibisionisme.
- Seksuele aanranding.
- Homoseksualisme (slegs 'n afwyking).
- Soöfilie (slegs 'n afwyking).
- Die besit van pornografiese materiaal.

Alle geslagsoortredings is gepleeg deur manlike jeugoortreders en kan die gevolge wees van problematiese puberteitsfases, gebrekkige voorligting in dié verband deur ouers en

opvoeders, swak huislike omstandighede, onjuiste opvoedingshoudings wat veral sedelike aspekte betref, swak rolmodelle en baie ander meewerkende faktore.

### 4.3.4 Geweldsoortredings

Gewapende roof, brandstigting en aanranding is geweldsoortredings waaraan 10% manlike jeugoortreders in die ondersoekgroep hulself skuldig gemaak het. Geen vroulike jeugoortreder was hierby betrokke nie.

Dit blyk dat hoe meer empaties jeugdiges optree, hoe minder sal geweld hul gedrag kenmerk of hoe moeiliker sal hulle hul gewelddadige optrede kan regverdig. Omdat geweldsoortredinge ook onder andere dikwels brute liggaamskrag, inspanning, ratsheid en aggressiwiteit verg, kom dit waarskynlik daarom veel meer by seuns as dogters voor. Daar is egter 'n veelheid van faktore wat op unieke wyses meewerk in seuns wat hul skuldig maak aan geweldsoortredinge.

## 4.4 FISIEKE HOEDANIGHEDE (LIGGAAMLIKE GESTELDHEID EN GESONDHEIDSTOESTAND)

Dit blyk uit hierdie ondersoek dat 37,5% van die jeugoortreders wel mediese probleme (meesal fisiek van aard) ondervind terwyl 62,5% geen noemenswaardige gesondheidsprobleme ondervind nie. 17,5% van hulle ly aan ondernormale liggaamlike ontwikkeling, 5% van hulle ondervind 'n tipe spraakgebrek, 2,5% is oorgewig, 2,5% ly aan epilepsie, 2,5% is hiperaktief, 2,5% het breinskade in hul jonger dae opgedoen en nog 2,5% ly aan asma.

Die voorgaande bevindinge word in tabel 4.2 weergegee.

Die aard van die ongunstige liggaamlike gesteldhede in proporsionele verband teenoor die gunstige liggaamlike gesteldhede word by wyse van 'n sirkeldiagram in figuur 4.2 voorgestel.

**Tabel 4.2 Liggaamlike gesteldheid as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**


| Liggaamlike gesteldheid | N | | % | |
|---|---|---|---|---|
| Gesondheidsprobleme | | | | |
| • Sielkundige probleme | 5 | 15 | 12,5 | 37,5 |
| • Ondernormale liggaamlike ontwikkeling | 3 | | 7,5 | |
| • Spraakgebrek | 2 | | 5,0 | |
| • Bonormale liggaamlike ontwikkeling (oorgewig) | 1 | | 2,5 | |
| • Epilepsie | 1 | | 2,5 | |
| • Hiperaktiwiteit | 1 | | 2,5 | |
| • Breinskade | 1 | | 2,5 | |
| • Asma | 1 | | 2,5 | |
| Geen noemenswaardige gesondheidsprobleme nie | 25 | | 62,5 | |
| Onbekend | 0 | | 0,0 | |
| **TOTAAL** | **N = 40** | | **100** | |

Alhoewel die meerderheid oortreders in hierdie ondersoek liggaamlik geskik en gesond is, is daar wel jeugoortreders wie se gesondheidsprobleme 'n primêre oorsaak van hul wangedrag is. Aansluitend hierby sê Venter (1983:70-72) dat gesondheidsprobleme kan meebring dat 'n persoon se selfbeeld skade ly en dat so 'n persoon gevoelens van minderwaardigheid, selfbewustheid en nutteloosheid ervaar. 'n Swak gesondheidstoestand hou ook direk verband met swak maatskaplike inskakeling, gebrekkige sosiale besef en swak skoolprestasie wat 'n teelaarde skep vir negatiewe kompensasiepogings in die vorm van onder andere jeugmisdaad.

Omdat jeugoortreders dikwels aan verskeie vorme van maatskaplike verwaarlosing blootgestel word, bevorder dit dikwels die voortbestaan van 'n siektetoestand en benadeel dit die persoon se gesondheid op die lange duur. Maatskaplike ontsporing en antisosiale gedrag kan sodoende in die hand gewerk word (Venter, 1983:71).

Die geykte uitdrukking dat 'n gesonde liggaam 'n gesonde gees huisves, is gewis waar. Navorsers soos David Lund en Cyril Burt bevestig al lank dat liggaamlike en geestesontwikkeling hand aan hand loop. Jeugdiges met 'n gunstige liggaamlike gesteldheid besit 'n waardevolle bate teenoor dié jeugdiges met 'n ongunstige liggaamlike gesteldheid (Venter, 1983:70).

**Figuur 4.2 Diagrammatiese voorstelling van vgl. toestande tussen gunstige en ongunstige liggaamlike gesteldhede.**



## 4.5 HUISTAAL

Van die ondersoekgroep was 87,5% Afrikaanssprekend, 10% Engelssprekend en 2,5% Afrikaans-en-Engelssprekend. Die bevindinge kan nooit veralgemeen word nie vanweë die ruimtelike begrensing waaraan hierdie navorsing onderhewig is. Daar kan gevolglik gekonstateer word dat, wat hierdie ondersoekgroep (blanke jeugoortreders) en hul leefmilieu (Oos-Randse hoërskole) betref in soverre die nie-ewekansige steekproefstrategieë veralgemening toelaat, verreweg die meeste jeugoortreders Afrikaanssprekend is. Die huistaalverspreiding in hierdie ondersoekgroep word in tabel 4.3 uiteengesit.

**Tabel 4.3 Huistaal as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**


| Huistaal | N | % |
|---|---|---|
| Afrikaans | 35 | 87,5 |
| Engels | 4 | 10,0 |
| Afrikaans en Engels | 1 | 2,5 |
| Ander | 0 | 0,0 |
| Onbekend | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

Die gegewens van tabel 4.3 word met behulp van 'n sirkeldiagram in figuur 4.3 voorgestel.

## 4.6 INTELLIGENSIEKWOSIËNT (I.K.)

In die onderhawige studie is daar bevind dat 5% van die ondersoekgroep oor 'n bonormale intelligensie beskik terwyl 57,5% oor 'n ondernormale intelligensie beskik. In tabel 4.4 word die verspreiding van die ondersoekgroep se intelligensiekwosiëntvlakke uiteengesit.

**Figuur 4.3 Sirkeldiagrammatiese voorstelling van onderskeie huistale van jeugoortreders in die ondersoekgroep.**




**Tabel 4.4 Aard van intelligensiekwosiëntvlakke by jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Intelligensiekwosiënt | | N | % | |
|---|---|---|---|---|
| Geniaal | | 0 | 0,0 | |
| Baie superieur | Bonormaal | 0 | 0,0 | 5,0 |
| Superieur | | 2 | 5,0 | |
| Normaal | | 14 | 35,0 | |
| Domnormaal | | 10 | 25,0 | |
| Subnormaal | Ondernormaal | 10 | 25,0 | 57,5 |
| Swaksinnig | | 3 | 7,5 | |
| Onbekend | | 1 | 2,5 | |
| **TOTAAL** | | **N = 40** | **100** | |


Die verspreiding van die ondersoekgroep se intelligensiekwosiëntvlakke word in figuur 4.4 grafies voorgestel.

Hierdie bevindinge sluit aan by baie ander navorsers se bevindinge in dié verband. Hirschi en Hindelang (1977:572) het bevind dat jeugoortreders as 'n groep swakker vaar in gestandaardiseerde intelligensietoetse as nie-oortredende jeugdiges. Kritici teen voorgenoemde bevindinge kan en het al aangevoer dat jeugoortreders in die reël swakker presteer in intelligensietoetse, nie omdat hulle intellektueel nie oor die vermoë beskik nie, maar omdat hierdie jeugdiges grootgeword het in lae sosio-ekonomiese milieus waar intellektuele voorregte nie geredelik beskikbaar was/is nie. In antwoord hierop het Hirschi en Hindelang (*supra*) daarop gewys dat daar, ongeag die betrokke en lae sosio-ekonomiese peil, 'n sterk korrelasie tussen 'n ondergemiddelde IK en jeugmisdaad bestaan. Volgens Bartol en Bartol (1980:110-120) is 'n lae intelligensie een van die beste voorspellers vir jeugmisdaad en/of latere misdaad as volwassene. Gibbens (1977:11) ondersteun ook die voorgenoemde navorsers in hul bevindinge en meld verder dat IK van die uiterste belang is in die onderskeiding tussen jeugoortreders en nie-oortredende jeugdiges. Uit die onderhawige ondersoek en in aansluiting by voorgenoemde navorsers se bevindinge, blyk daar 'n besliste korrelasie tussen 'n lae intelligensiekwosiënt en onder andere faktore soos 'n lae sosio-ekonomiese lewenspeil, ongunstige huislike omstandighede en 'n lae onderwyspeil van die ouers te wees. Omdat hierdie ondersoek


**Figuur 4.4 Grafiese voorstelling van intelligensiekwosiëntvlakke by jeug-oortreders in die ondersoekgroep.**




**Figuur 4.5a** Grafiese voorstelling van intelligensiekwosiënt as verbandhoudende kriminogene faktor in ondersoekgroep.





**Figuur 4.5b** Grafiese voorstelling van onderwyspeil van ouers as verbandhoudende kriminogene faktor in ondersoekgroep.




**Figuur 4.5c** Grafiese voorstelling van huislike omstandighede as verbandhoudende kriminogene faktor in ondersoekgroep.




**Figuur 4.5d** Grafiese voorstelling van sos.-ekon. lewenspeil as verbandhoudende kriminogene faktor in ondersoekgroep.



tydruimtelik begrens word en daarom slegs van toepassing is op blanke jeugoortreders aan Oos-Randse hoërskole vanaf 1980 tot 1991, mag geen veralgemenings in hierdie opsig gemaak word nie. Die bevindinge is daarom slegs van toepassing op die genoemde streek, groep en tyd. Dit is egter interessant om waar te neem dat hierdie bevindinge in 'n groot mate ook saamhang met die bevindinge van ander voorgenoemde navorsers. Uit figuur 4.5 blyk die verband tussen intelligensiekwosiënt en ander kriminogene faktore beduidend te wees.

Die meeste jeugoortreders beskik oor 'n ondernormale intelligensiekwosiënt, beleef ongunstige huislike omstandighede, word groot in lae sosio-ekonomiese milieus en die onderwyspeil van hul ouers is laag. Hoe die intelligensiekwosiënt verder 'n verband toon met ander gesinsaspekte, word in hoofstuk 5 aangedui.

In hoofstuk 6 word gelet op intelligensiekwosiënt en die verband met jeugmisdaad wanneer die rol van die skool in die etiologie van jeugmisdaad van nader beskou word.

## 4.7 PSIGIESE HOEDANIGHEDE (PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE)

Die psige van die mens is een van die belangrikste komponente van sy totale menswees en seker ook die komponent wat die moeilikste verstaanbaar is. Die mens se gedrag kon nog nooit van sy psigiese prosesse geskei word nie, of anders gestel, die persoonlikheid van 'n individu bepaal in 'n groot mate sy gedrag. In hierdie ondersoek word die uitgangspunt gehuldig dat die persoonlikheid die vertrekpunt vir jeugmisdaadveroorsaking vorm en dat die wisselwerking tussen individueel-menslike en omringende milieufaktore, in wisselende verhoudingsterkte tot mekaar, misdaadetiologie ten grondslag lê (Bosch, 1984:95-98).

Om 'n formule te verskaf vir 'n sogenaamde "misdadige persoonlikheid" is onmoontlik omdat die persoonlikheid van 'n jeugoortreder bepaal word deur sy unieke en totale omstandighede. Enkele belangrike persoonlikheidseienskappe soos dit in die onderhawige ondersoekgroep gemanifesteer het en in figuur 4.6 voorgestel word, word vervolgens bespreek.

#### 4.7.1 Aggressie en onbeheerbaarheid

Aggressie en onbeheerbaarheid manifesteer in 65% van die ondersoekgevalle, dikwels as gevolg van geblokkeerde doelwitte wat aanleiding gee tot frustrasie. Hierdie jeugoortreders tree gewoonlik rebels, humeurig, dominerend, opvlieënd, afknouerig, uittartend en uitdagend op. Hulle gebruik gereeld kru taal, skel op gesinslede en vriende en kry gereeld woede-uitbarstings. Dit wil voorkom of hierdie jeugoortreders se gevoelens van konsiderasie en empatie nie voldoende ontwikkel het nie, en as gevolg daarvan openbaar hulle antagonistiese en gebelgde houdings jeens ander individue of instansies.

#### 4.7.2 Onaanpasbaarheid en teruggetrokkenheid

Dit blyk uit hierdie navorsing dat 72,5% van die groep jeugoortreders dit baie moeilik vind om aan te pas by hul verskillende lewensmilieus. Hulle leef introverties, voel baie keer minderwaardig en is dikwels gespanne, angstig en onseker van hulself. Omdat hierdie jeugoortreders hulself as geïsoleerd en eensaam beleef, is dit moontlik dat hulle juis daarom hulself makliker aan hul misdadige neigings onderwerp.

#### 4.7.3 Algemene emosionele onbestendigheid

##### 4.7.3.1 Emosionele onstabiliteit

Emosionele onstabiliteit kom voor by 75% van die ondersoekgroep en manifesteer in gevoelens van neerslagtigheid, geïrriteerdheid, sensitiwiteit, angs, onsekerheid, 'n soeke na aandag, liefde en simpatie, impulsiwiteit en onvoorspelbaarheid.

##### 4.7.3.2 Emosionele wanaanpassing

Gevoelens van selfgesentreerdheid en angs dui onder andere op emosionele wanaanpassing. Hierdie jeugoortreders sonder hulself af en hou ander mense dikwels op 'n afstand omdat hulle mense moeilik vertrou. 67,5% van die ondersoekgroep is emosioneel wanaangepas en ervaar gevoelens van onveiligheid en minderwaardigheid omdat hulle meesal deur gesinslede verwerp word en ook onenigheid binne die gesin beleef.

##### 4.7.3.3 Emosionele ongelykmatigheid, onrypheid en konflik

Kenmerke soos temperamentele buierigheid, impulsiwiteit, angstigheid, humeurigheid en rebelsheid kom na vore in 70% van die jeugoortreders in die ondersoekgroep.

Emosionele skommeling en inkonsekwente gedrag of optredes kom dikwels by hierdie jeugoortreders voor. Hulle buie wissel van opgewektheid tot neerslagtigheid en hulle verset hulle teen gesag op 'n kinderagtige en onnadenkende wyse.

### 4.7.4 Affektiewe ontbering/deprivasie/verwaarlosing

Affektiewe ontbering dui op die onthouding van of gebrek aan noodsaaklike geestelike gevoelsgewaarwordinge, waar gevoelsgewaarwordinge meer spesifiek dui op gevoelens van liefdevolle sorg en beskerming, geborgenheid, diepgaande belangstelling, hartlike geneentheid en besondere gehegtheid. Affektiewe ontbering is deur 97,5% van die ondersoekte gevalle ondervind en hou hoofsaaklik verband met die ouers (veral die vaders) van hierdie groep jeugoortreders. Affektiewe ontbering kom gevolglik hoofsaaklik voor in die primêre leefwêrelde van hierdie jeugoortreders, naamlik hul gesinne. Die redes vir gebrekkige ouerliefde is uiteenlopend van aard. Die drie vernaamste redes in belangrikheidsvolgorde (soos blyk uit hierdie ondersoek) is soos volg:

☐ **'n Afwesige vaderfiguur as gevolg van**

- lang werksure,
- werkskontrakte ver weg van die huis af,
- egskeiding,
- dood, en
- doelbewuste verwerping ('n koue en vyandige gesindheid teenoor sy gesinslede).

☐ **'n Onjuiste opvoedingshouding van een of albei ouers as gevolg van**

- die vader wat 'n "afwesige" of passiewe rol speel, terwyl die moeder, meesal tevergeefs, orde en dissipline probeer handhaaf,
- gesinsonenigheid (rusies en fisieke bakleiery),
- materiële verwaarlosing,
- inkonsekwente optredes,
- alkoholmisbruik.

☐ **Ongunstige huislike omstandighede soos**

- 'n onstabiele huweliksverhouding tussen die moeder en vader,
- gesinsonvolledigheid,
- materiële nood,

- alkoholmisbruik,
- oorbewoning.

### 4.7.5 Impulsiwiteit en wispelturigheid


Jeugoortreders wat nie geleer het om hul behoeftebevrediging uit te stel nie, openbaar gewoonlik impulsiewe gedrag om te kompenseer vir hul verlies aan onmiddellike behoeftebevrediging. 32,5% van die onderhawige ondersoekgroep tree dikwels impulsief op. Hulle is meesal op die hede gerig en volg beskikbare weë eerder as om te wag op toekomstige en beter uitweë. 'n Gesonde en nugter besluitnemingsvermoë en 'n groot mate van selfbeheer, wat nodig is vir langtermyn-behoeftebevrediging, ontbreek by hierdie jeugoortreders. Hulle handel volgens die aandrif van die oomblik en tree dan dikwels onberekend en onbesonne op.

### 4.7.6 Ander persoonlikheidseienskappe van die jeugoortreders

- Beïnvloedbaarheid.
- Oneerlikheid.
- Onverantwoordelikheid.
- Gebrekkige konsentrasievermoë.
- Doelloosheid.
- Minderwaardigheid.
- Gewetenloosheid.
- Swak oordeelsvermoë.
- Swak probleemoplossingsvermoë.
- Gebrekkige realiteitsbesef.
- Seksueel-afwykende neigings.
- Manipulasie.
- Passiwiteit.

Die manifestasie van persoonlikheidseienskappe in hierdie groep jeugoortreders word in figuur 4.6 grafies voorgestel.

**Figuur 4.6 Grafiese voorstelling van die aard van persoonlikheidseienskappe soos dit in die ondersoekgroep voorkom.**



### 4.7.7 Oortredings en wangedrag in skoolverband

Dit is opmerklik dat die voorkomssyfers van die voorgenoemde oortredings en wangedrag in skoolverband effens laer is as die voorkomssyfers van oortredings en wangedrag waarna in hoofstukke 4, 5 en 7 verwys word. Die rede hiervoor is dat die oortredings en wangedrag in skoolverband slegs aangeteken is indien dit deur onderwyspersoneel in skoolverband opgemerk en aangemeld is. Dit mag ook wees dat sekere oortredings en wangedrag eers na die betrokke jeugoortreders se skoolloopbane voorgekom en/of geïdentifiseer is, en gevolglik nie in die skoolverslae van hierdie ondersoeke deur ondersoekbeamptes in hul proefbeampte- en/of voorvonnisverslae voorkom nie.

Verskillende vorme van afwykende of antisosiale gedrag in skoolverband is meer as dikwels die voorlopers vir misdadigheid. In die onderhawige gevalle het die volgende vorme van afwykende of antisosiale gedrag in skoolverband voorgekom:

- **Dros/stokkiesdraai**

50% van hierdie groep jeugoortreders het hulle hieraan skuldig gemaak. Baie van hulle het vir dae lank van kinderwetskoolkoshuise af gedros voordat hulle gevind kon word; ander het weer daagliks en gereeld stokkiesgedraai van die skool af.

- **Diefstal**

45% van hierdie jeugoortreders het hulle aan diefstal in skoolverband skuldig gemaak. Goedere en geld van medeskoliere en onderwysers is wederregtelik geneem en skool-apparatuur soos bandopnemers is dikwels gesteel óf om dit self te gebruik óf om dit van die hand te sit vir kontantgeld.

- **Onbeheerbaarheid**

Uittartende, rebelse en ander vorme van wangedrag teenoor onderwysers en medeskoliere het by 35% van hierdie groep jeugoortreders voorgekom. Vorme van wangedrag teenoor onderwysers en medeskoliere het by 35% van hierdie groep jeugoortreders voorgekom.

- **Alkoholmisbruik**

22,5% van hierdie groep jeugoortreders het alkohol so gereeld misbruik dat dit selfs in skoolverband opgemerk en aangeteken is.

- **Onbeheerbare aggressie**

'n Hoë mate van aggressie wat meesal in 'n fisieke bakleiery op die skoolterrein ontaard het, is by 42% van hierdie jeugoortreders opgemerk.

- **Inbraakdiefstal**

Daar is deur 10% van hierdie jeugoortreders tydens hul skoolloopbane ingebreek by skoolgeboue veral laboratoria, administratiewe kantore, mediasentrums en snoepwinkels om sodoende goedere wederregtelik te bekom vir óf eie gebruik óf om die goedere elders te verkoop vir kontantgeld.

- **Seksueel-afwykende gedrag**

10% van hierdie jeugoortreders tree seksueel afwykend op. Seksueel-afwykende gedrag wat opgemerk is by hierdie jeugoortreders wissel van soöfilie, homoseksualisme, die seksuele molestering van dogters tot die besit en verspreiding van pornografiese materiaal. Hierdie seksuele afwykings is op 'n direkte of indirekte wyse in skoolverband opgemerk en aangeteken.

- **Vloekery**

7,5% van hierdie groep jeugoortreders maak hulle skuldig aan openlike en herhaalde vloektaal - in so 'n mate dat dit in skoolverband opgemerk en aangeteken is.

- **Dwelmgebruik**

7,5% van hierdie groep jeugoortreders gebruik dwelms reeds in skoolverband op 'n gereelde basis. Dit is deur onderwysers opgemerk, aangemeld en aangeteken. Dwelmmiddels soos LSD (lisergiensuurdiëtielamied), Mandrax en dagga (hasjisj of marihuana) is gebruik. Gevalle waar van die jeugoortreders gereeld petroldampe snuif, is ook aangeteken.

☐ **Brandstigting**

Voorvalle van doelbewuste brandstigting in skoolverband het by 5% van die onderhawige groep jeugoortreders voorgekom.

☐ **Oneerlikheid**


By 17,5% van hierdie groep jeugoortreders is die een of ander vorm van oneerlikheid in skoolverband opgemerk en aangeteken.

In tabel 4.5 word die oortredings en wangedrag in skoolverband uiteengesit en in figuur 4.7 word dit grafies voorgestel.

**Tabel 4.5 Aard van oortredings en wangedrag in skoolverband.**

| Oortredings en wangedrag in skoolverband | N | % |
|---|---|---|
| Dros/Stokkiesdraai | 20/40 | 50,0 |
| Diefstal | 18/40 | 45,0 |
| Onbeheerbare aggressie | 17/40 | 42,5 |
| Onbeheerbaarheid | 14/40 | 35,0 |
| Alkoholmisbruik | 9/40 | 22,5 |
| Inbraakdiefstal | 4/40 | 10,0 |
| Seksueel-afwykende gedrag | 4/40 | 10,0 |
| Vloekery | 3/40 | 7,5 |
| Dwelmgebruik | 3/40 | 7,5 |
| Brandstigting | 2/40 | 5,0 |

**Figuur 4.7 Grafiese voorstelling van die aard van oortredings en wangedrag in skoolverband.**



### 4.7.8 Die verband tussen psigopatologiese toestande en jeugmisdaad

Baie ondersoekers is van mening dat alle vorme van jeugmisdaad teruggevoer kan word na psigopatologiese toestande terwyl ander weer volhou dat die voorkoms van sodanige toestande bloot 'n uitsondering is. In die onderhawige ondersoekgroep het psigopatologiese toestande soos die volgende voorgekom:

#### 4.7.8.1 Epilepsie

Vroeëre navorsers het geglo dat daar slegs 'n geringe verband tussen jeugmisdaad en epilepsie is, maar latere navorsing het die teendeel bewys. Daar is 'n besliste verband (in 'n meerdere of mindere mate) tussen epilepsie en jeugmisdaad. 'n Individu kan hom-/haarself, as gevolg van 'n epilepsieaanval, skuldig maak aan onsedelikheid in die openbaar. Dit is ook moontlik dat oortredings kan voorkom as gevolg van persoonlikheidseienskappe wat tydens en as gevolg van hierdie toestand ontstaan het (Louw, 1975:70-71).

In die onderhawige ondersoek kom epilepsie voor saam met persoonlikheidseienskappe soos aggressie, onbeheerbaarheid, angstigheid, senuweeagtigheid, neerslagtigheid en wan-aanpassing. Epilepsie kom ook in hierdie ondersoek voor in jeugdiges wat hul skuldig gemaak het aan vorme van diefstal.

#### 4.7.8.2 Alkohol- en dwelmpsigoses

Kenmerkende eienskappe van die psigopatologiese toestande wat in hierdie ondersoekgroep na vore gekom het, is seksueel-afwykende gedrag, neerslagtigheid, onbeheerbaarheid, aggressiwiteit en rebelsheid. Oortredings wat met hierdie psigopatologiese toestande gepaard gaan, is inbraakdiefstal, motordiefstal, gewapende roof en die besit van dagga en ander verbode verdowingsmiddels. Opmerklik is die verlies aan selfbeheersing en verlaging van die moraal wat intree en gevolglik die genoemde ernstiger oortredings tot gevolg het. Verskeie navorsers is dit eens dat hierdie psigopatologiese toestande 'n paar jaar gelede nog gering was onder jeugdiges, in teenstelling met vandag waar dit toenemend voorkom.

#### 4.7.8.3 Neurotiese toestande

Dit blyk uit hierdie ondersoek dat neurotiese toestande in jeugoortreders saamhang met persoonlikheidseienskappe soos angstigheid, senuweeagtigheid, impulsiwiteit, hiperakti-

witeit, onbeheerbaarheid, verwardheid en algemene doellose en onverantwoordelike gedrag. Oortredings soos seksuele aanranding, die besit van verbode verdowingsmiddels en inbraakdiefstal het voorgekom onder jeugoortreders wat ly aan een of ander vorm van neurose.

#### 4.7.8.4 Psigopatie/Antisosialiteit

In hierdie ondersoekgroep is jeugdiges met persoonlikheidsafwykings wat sekere reeds geïdentifiseerde psigopatiese/antisosiale eienskappe toon naamlik aggressiwiteit, onbeheerbaarheid, onverantwoordelikheid, gewetenloosheid, impulsiwiteit en lae frustrasietoleransiedrumpels. Oortredings soos motordiefstal, wapendiefstal en seksuele aanranding het voorgekom onder hulle.

#### 4.7.8.5 Kleptomanie

Kleptomanie dui op 'n psigopatologiese toestand wat tot uiting kom in 'n onweerstaanbare, ongemotiveerde, kompulsiewe neiging om te steel sonder ekonomiese motiewe (Louw *et al.*, 1978:39). Van die jeugoortreders in hierdie ondersoekgroep wat kleptomanies geïdentifiseer is, het persoonlikheidseienskappe soos rebelsheid, oneerlikheid en onbetroubaarheid getoon. Hulle gevoelens van eiewaarde was gebrekkig en 'n swak probleemoplossingsvermoë het hulle verder gekenmerk. Diefstal van klere en geld het meesal by hierdie jeugoortreders voorgekom.

#### 4.7.8.6 Enurese

Enurese of bedwatering kom by 7,5% van die jeugoortreders in hierdie ondersoek voor. Persoonlikheidseienskappe wat in hierdie jeugoortreders manifesteer is gevoelens van minderwaardigheid, onsekerheid, neerslagtigheid, verwardheid, verwerping, aggressie en teruggetrokkenheid Oortredings soos motordiefstal, wapendiefstal en winkeldiefstal het onder hulle voorgekom.

## 4.8 KOGNITIEWE (BEWUSTELIKE/KENVERMOËNDE) EN MORELE (SEDELIKE) ONTWIKKELING MET BETREKKING TOT JEUGMISDAAD

Die wyse waarop jeugdiges waardes ontwikkel vul 'n belangrike plek in die soeke na verklarings in verband met jeugmisdaad.

Verskeie navorsers wys daarop dat individue hul moraliteite ontwikkel deur sekere kognitiewe fases, waar die hoogste ontwikkelingsvlak bereik word deur logika en self-ontdekking. Deur middel van logika en voortdurende leerprosesse ontdek en vorm jeugdiges etiese en morele beginsels soos regverdigheid, geregtigheid, verantwoordelikheid en empatie. Tydens hierdie gevorderde kognitiewe en morele ontwikkelingsfases verloor onmiddellike behoeftebevrediging, straf en navolging hulle belangrikheid (Bartol & Bartol, 1980:116).

Morele optrede word egter bepaal deur 'n spesifieke situasie: jeugdiges sal nie noodwendig dieselfde prysenswaardige gedrag in elke situasie en onder alle omstandighede openbaar nie. Uit pasafgehandelde ondersoeke blyk dit egter dat persoonlikheidsfaktore en individuele verskille, eerder as die spesifieke situasie, 'n belangrike rol in die bepaling van morele gedrag speel. Dit wil nie sê dat die situatiewe aspek géén rol speel nie.

In verdere ondersoeke na morele ontwikkeling, het die klem geval op morele oordeel en redenasie. Piaget (1948) se hipotese is deur Kohlberg (1977:63) hersien en dit kom daarop neer dat morele ontwikkeling in opeenvolgende fases geskied (waar die eerste fase 'n voorvereiste van die tweede is, en so meer). Alhoewel elke individu teen 'n verskillende tempo deur hierdie fases beweeg, identifiseer hy (Kohlberg) drie primêre fases aan die hand van ouderdom as riglyne:

□ **Prekonvensionele fase**

In die vroeë prekonvensionele stadium tree die individu amoreel op (slegs om straf te vermy en beloning te ontvang). In die latere fase kenmerk selfsug en selfgesentreerdheid die individu.

□ **Konvensionele fase**

Die individu se gedrag is gerig op sosiale aanvaarding deur veral die portuurgroep of die publiek. In hierdie fase begin die individu se gewete op die voorgrond tree. In die latere konvensionele stadium tree die individu op uit respek vir gesagsdraers en val hy in by 'n sisteem van wet en orde.

□ **Postkonvensionele fase**

Baie min mense bereik uiteindelik hierdie hoogste fase van morele ontwikkeling. Hiertydens openbaar die individu 'n waarderende gevoel vir die regte van ander individue

en handhaaf hy 'n balans tussen individuele en sosiale regte. In die latere fase beskik die individu oor abstrakte morele en etiese beginsels wat getuig van universele geregtigheid. Die menswaardigheid van alle individue word hoog aangeskryf.

Die toepassing van bogenoemde lê daarin opgesluit dat verskillende mense teen verskillende tempo's deur hierdie morele ontwikkelingsfases beweeg en dit gevolglik op verskillende tye (ouderdomme) bereik. So sal sommiges nooit verby die prekonvensionele fase beweeg nie en ander sal weer nooit die postkonvensionele fase bereik nie - morele ontwikkeling sal afhang van die individu se intellektuele kapasiteit en lewenservarings. Daar is gevind dat 'n groot hoeveelheid jeugoortreders se morele ontwikkeling beperk is tot fases 1 en/of 2 (Kohlberg, 1977:63).

Kohlberg (1977:63) wys verder daarop dat jeugdiges se morele ontwikkeling nie net tot een fase beperk is nie, wat beteken dat situasionele faktore 'n invloed daarop kan uitoefen. Kohlberg se teorie beklemtoon die feit dat daar eers na die jeugdige se bedoelings gekyk moet word alvorens gevolgtrekkings in verband met sy gedrag gemaak kan word. Om kriminele gedrag te begryp, moet daar deeglik na die oortreder se kognitiewe ontwikkeling, leerprosesse en omgewingsfaktore gekyk word. Universeel morele beginsels word op 'n natuurlike wyse aangeleer tydens die jeugdige se ontwikkeling en korrekte optrede word deur regverdigheidsreëls aangedui. In aansluiting by voorgenoemde ondersteun die interpersoonlike-volwassenheidsteorie (kortweg die I-teorie genoem) Kohlberg se teorie in soverre kognitiewe ontwikkeling die gevolg is van 'n wisselwerking tussen die aangebore kognitiewe vermoë en 'n individu se persoonlike omgewingservarings. Uit hierdie wisselwerking ontwikkel die individu 'n stel lewensbeskoulike verwagtinge wat uiteindelik die kern van so 'n persoonlikheid vorm. Omgewingservarings sal dus 'n voortdurende herorganisasie van die kognitiewe samestelling veroorsaak. Anders as die Kohlbergteorie, beklemtoon die I-teorie die progressiewe ontwikkeling van interpersoonlike verhoudings met die sosiale omgewing (Bartol & Bartol, 1980:121).

## 4.9 DIFFERENSIËLE ONTVANKLIKHEID MET BETREKKING TOT JEUGMISDAAD

In sekere lewenstadia sal jeugdiges meer (of minder) ontvanklik wees vir misdadige gedrag as andersins. In vroeë stadia mag die ouers en gesinsmilieu 'n belangriker rol speel. Later mag persoonlikheidsfaktore weer 'n bepalende invloed uitoefen. Jong kinders sal ook meer ontvanklik wees vir kondisionering as volwassenes. Namate jeugdiges

ontwikkel, begin die konseptuele denkprosesse 'n groter rol speel. Sosiale leerprosesse is weer belangrik tydens die fase waar assosiasie met die portuurgroep voorkom; derhalwe bied laasgenoemde moontlik 'n verklaring van jeugmisdaad in bendeverband.

Die waarde van differensiële ontvanklikheid lê opgesluit in die feit dat daar rekening gehou moet word met individuele verskille met betrekking tot jeugmisdaad. Dit verduidelik verder waarom sommige jeugmisdadigers hulle anti-sosiale gedrag "ontgroei" en ander nie (Bartol & Bartol, 1980:1-2).

## 4.10 SLOTOPMERKING

Kognitiewe prosesse (byvoorbeeld waardes, denke, en so meer) in die verklaring van jeugmisdaad word hoog aangeskryf. Kondisioneringsprosesse speel 'n sekondêre alhoewel belangrike rol. Die jeugdige se waardes, selfbeeld en lewensbeskouing is die primêre riglyn vir sy gedrag. In die meeste gevalle gee jeugmisdaad uitdrukking aan waardes wat die jeugdige óf self aangeneem het óf waaraan hy blootgestel was in sy omgewing (Bartol & Bartol, 1980:123).

# HOOFSTUK 5

## DIE KRIMINOGENE VERWANTSKAP VAN GESINSFAKTORE

### 5.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is aangedui dat talle skrywers die stelling handhaaf dat geen ander milieu die plek van die gesin as primêre opvoedingsmilieu kan inneem nie. Die gesin is die basis en sentrum van opvoeding en saamlewe. Dit is 'n onvervangbare milieu waar liefdevolle verbondenheid en opvoedingskommunikasie tussen ouer en kind plaasvind. Ouers is primêr verantwoordelik vir die fisiese, psigiese en sosiale welsyn van hul kinders. In hul onderskeie gesinne behoort kinders gevolglik geborge te voel sodat hul hul moontlikhede daarbinne kan verwerklik. Ongelukkig is dit ook so dat die gesin, wat die sentrale en grondliggende opvoedingsmilieu van die kind vorm, rekening moet hou met talle samelewingsfaktore wat stremmend inwerk op die gesinsopvoeding en -lewe. Belemmerende samelewingsinvloede benadeel die opvoedingsituasie en het ongewenste verhoudinge en gesteldhede onder andere gesinsonvolledigheid, armoede, oorbewoning en werkloosheid tot gevolg (Pretorius, 1987:1-2).

Vervolgens word die kriminogene verwantskap van gesinsfaktore soos gesinsvolledigheid, beroepsarbeid van ouers, woonomstandighede, sosio-ekonomiese lewenspeil, godsdienstige meelewing en ander patologieë bespreek.

### 5.2 GESINSVOLLEDIGHEID

#### 5.2.1 Getroud

Hieronder word verstaan dat die jeugoortreder, binne sy/haar volledige gesinsverband, saam met sy/haar biologiese en wettig getroude ouers leef. Uit die onderhawige ondersoekgroep blyk dit dat slegs 27,5% van die jeugoortreders deel is van volledige gesinne. Dit beteken dat 72,5% van hulle binne een of ander vorm van onvolledige gesinsverband leef en daar opgevoed word. Die verhouding tussen gesinsvolledigheid en gesinsonvolledigheid word in tabel 5.1 en figuur 5.1 uiteengesit.

**Tabel 5.1 Gesinsvolledigheid as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Gesinsvolledigheid | N | % |
|---|---|---|
| Onvolledig | 29 | 72,5 |
| Volledig | 11 | 27,5 |
| Onbekend | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

Dit is onnodig om te sê dat hierdie bevindinge onrusbarend is, veral gesien in die lig daarvan dat die gesin die primêre fundamentele, wesenlike en onontbeerlike opvoedingsmilieu van die kind is. As hierdie primêre en essensiële opvoedingsmilieu van die kind in 72,5% van die nagevorste gevalle mank gaan aan gebreke, hoe kan die opvoeding en ontwikkeling van die kind dan gunstig geskied? Dit is die logiese vraag wat enigiemand sou vra wat hierdie bevindinge onder oë gehad het.


Verskeie vorme van gesinsonvolledigheid wat uit hierdie ondersoek gemanifesteer het, word vervolgens bespreek.

### 5.2.2 Saamleefverhoudings

In 10% van die ondersoekte gevalle het die biologiese ouers dit verkies om eerder saam te leef as om wettig te trou. As die 5% ongehude moeders van hierdie groep jeugoortreders hierby gereken word, beteken dit dat 15% van die ondersoekgroep buite-egtelike kinders is.

Al die voorgenoemde saamleefverhoudings word gekenmerk deur sporadiese verlating, onmin, en algemene onstabiliteit. Om saam te leef, beteken enigeen van die partye kan na willekeur en sonder enige verpligtinge of verantwoordelikhede die gemeenskaplike woonplek verlaat. In so 'n "gesin" is daar min/geen sprake van sekuriteit, veiligheid, sekerheid en algemene geborgenheid (nie) en kan 'n kind binne só 'n milieu moeilik sy moontlikhede verwerklik. Kinders wat uit saamleefverhoudings buite-egtelik gebore word, gaan volgens Venter (1983:140) dikwels gebuk onder die stigma van 'n "optelkind". Die wete van hulle buite-egtelike geboorte is skadelik vir hulle. Uit die onderhawige

**Figuur 5.1 Grafiese voorstelling van gesinsonvolledigheid.**



ondersoekgroep blyk dit dat hulle hoofsaaklik gevoelens van minderwaardigheid, nutteloosheid en neerslagtigheid ervaar. Hulle is verder geneig tot teruggetrokkenheid en wanaanpassing. Volgens Venter (1983:140-141) lê die oorsake van hul wangedrag nie in 'n swak aanleg nie, maar veel eerder in 'n ongunstige maatskaplike agtergrond en negatiewe ontwikkelingsmoontlikhede.

### 5.2.3 Enkelouerskap

#### 5.2.3.1 Enkelouerskap as gevolg van egskeiding of vervreemding

Enkelouerskap as gevolg van egskeiding en vervreemding is op 10% van die ondersoekgroep van toepassing. Die enkelouers in hierdie gevalle was almal vroulik. Hierdie moeders het nie hertrou nie en was gevolglik broodwinners van hul onderskeie gesinne. Kriegler (1987:1-2) beweer dat enkelouerskap as gevolg van egskeiding nie noodwendig nadelig van aard is nie - in baie gevalle is kinders in gesinne wat gekenmerk word deur konflik en aggressie swakker daaraan toe as wanneer 'n egskeiding die spanningsbron verwyder en 'n enkelouer nalaat. Dit is dikwels ook die enigste manier waarop kinders beskerm kan word teen voortgesette vernietiging.

Egskeiding, vervreemding en gevolglike enkelouerskap hou baie nadele in vir jeugdiges. Dit sluit onder andere in die skielike handhawing van 'n laer lewenstandaard, die gebrek aan moederlike aandag tuis (as gevolg van haar hertoetrede tot die arbeidsmark), moontlike verhuising en nuwe (dikwels riskante) verbintenisse met vriende. Sodanige kinders ervaar ook gevoelens van angs, kommer, hartseer, verlange, eensaamheid, verworpenheid, verdeelde lojaliteit, woede, skuldgevoelens, skaamte en verwardheid (Kriegler, 1987:5-6).

Die 10% jeugoortreders in die onderhawige ondersoekgroep ervaar die volgende gemeenskaplike gevoelens: verwerping, opstandigheid, aggressie, onttrekking, angs en oordrewe sensitiwiteit. Gevoelens voortspruitend uit affektiewe verwaarlosing en verwerping staan hier sterk op die voorgrond.

#### 5.2.3.2 Enkelouerskap as gevolg van dood/afsterwe

In die ondersoekte gevalle na enkelouerskap as gevolg van dood of afsterwe sorg 7,5% van die jeugoortreders se moeders alleen vir hulle. Dit blyk verder uit die ondersoek dat hierdie jeugoortreders meesal onbeheerbaar, aggressief en opstandig optree, waarskynlik en hoofsaaklik as gevolg van dissiplinêre slapte en gebrekkige gesagsuitoefening aan die kant van die moeder. Omdat hierdie moeders almal broodwinners is en bedags

tot laat werk, word die kinders tuis na skool aan hulself oorgelaat om te doen wat hulle goeddink. Hierdie kinders sien hul moeders slegs saans en voel onveilig, onseker, sekuriteitloos en op hulself aangewese. Dit is daarom nie vreemd dat daar in 5% van hierdie gevalle 'n totale verwydering tussen moeder en kind ingetree het nie, met gevolglike ernstige ontsporing aan die kant van die kinders.

#### 5.2.3.3 Enkelouerskap as gevolg van 'n ongehude staat

In 2,5% van die ondersoekte gevalle was die moeder ongehuud en is die kinders gevolglik buite-egtelik gebore. Dit blyk ook uit hierdie ondersoek dat die ongehude moeder dikwels baie jonk was toe die eerste kind gebore is met die gevolg dat daar weinig geleentheid of tyd was vir naskoolse opleiding met die oog op die arbeidsmark. Wanneer familie of vriende nie meer met die versorging van die kind kan help nie, moet hierdie moeder noodgedwonge enige tipe werk aanvaar wat haar aangebied word. Behalwe dat sulke kinders op hierdie wyse emosioneel en affektief verwaarloos word, ondervind hulle ekstreme gevoelens van verwerping, aggressie, onsekerheid, onttrekking en skaamte. Waar in die gevalle van enkelouerskap as gevolg van sterfte, egskeiding of vervreemding die identiteit van die biologiese vader bekend is, is die identiteit van die biologiese vader in hierdie geval dikwels onbekend of word dit geheim gehou. Dit versterk die jeugdige se gevoelens van verwerping en skaamte en so 'n jeugdige dobber ankerloos rond tussen hoop en vertwyfeling. (Vergelyk ook 5.2.2 *supra* oor saamleef-verhoudings en buite-egtelike kinders.)

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat alle enkelouers, hetsy as gevolg van afsterwe, egskeiding, vervreemding of 'n ongehude staat, vroulik is. Die meeste vaders het na hul egskeiding of die dood van hul vroue hertrou.

'n Groot persentasie, naamlik 22,5% van die jeugoortreders in hierdie ondersoekgroep het enkelouers (slegs moeders) gehad teenoor die 40% wat stiefouers en die 37,5% wat hul eie ouers (getroud of ongetroud) gehad het. Die verspreiding van gesinsvolledigheid wat eie biologiese ouers, stiefouers en enkelouers betref word in tabel 5.2 uiteengesit. Die sirkeldiagram in figuur 5.2 stel die ouerstaat van hierdie groep jeugoortreders grafies voor.

**Tabel 5.2 Ouerstaat as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Ouerstaat | N | % |
|---|---|---|
| Eie biologiese ouers (getroud of ongetroud) | 15 | 37,5 |
| Enkelouers | 9 | 22,5 |
| Stiefouers | 16 | 40,0 |
| Onbekend | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

### 5.2.4 Stiefouer-kindverhoudings


#### 5.2.4.1 Stiefmoeder

In die ondersoekgroep het 12,5% van die jeugoortreders stiefmoeders - 10% van hulle nadat hul eie moeders oorlede is en 2,5% van hulle nadat hulle ouers geskei is. Die meeste van hierdie stiefmoeder-kindverhoudings kan as ongunstig getipeer word en word gekenmerk deur twis en onenigheid. Die jeugoortreders met stiefmoeders ervaar gevoelens van verwerping, aggressie en opstandigheid. Emosionele en affektiewe verwaarlosing kenmerk die meeste van hulle.

#### 5.2.4.2 Stiefvader

22,5% van hierdie jeugoortreders het stiefvaders gehad - 17,5% van hulle as gevolg van egskeiding en 5% van hulle as gevolg van die eie vader se dood. Hierdie stiefvader-kindverhoudings word eweneens gekenmerk deur rusie, opstandigheid, aggressie en onbegrip. Dit blyk uit hierdie ondersoek dat die stiefvader-kindverhoudings baie meer gespanne is as die stiefmoeder-kindverhoudings; waarskynlik en onder meer omdat die jeugoortreders met stiefouers almal manlik is en dienooreenkomstig meer bedaard, rustiger en gemakliker met stiefmoeders as met stiefvaders omgaan.

**Figuur 5.2 Sirkeldiagrammatiese voorstelling van ouerstaatsituasie in die ondersoekgroep.**



#### 5.2.4.3 Pleegouer-kindverhoudings

In 5% van die ondersoekgroep het stiefouerskap aanleiding gegee tot pleegouerskap. In een van die gevalle kon of wou geeneen van die geskeide ouers hul kind in hul onderskeie nuwe huweliksverbintenisse akkommodeer nie, waarna die kind toe in pleegsorg geplaas is. In 'n ander geval het die stiefmoeder, na die dood van die biologiese vader, nie kans gesien om die kind langer te versorg nie. Hy is toe in pleegsorg geplaas.

Hierdie jeugdiges se gedrag getuig deurgaans van onbeheerbaarheid en hulle ervaar totale verwerping aangesien hulle heeltemal ankerloos - sonder enige ouer - gelaat word. Hulle tree baie impulsief en onnadenkend op en handhaaf meesal swak menseverhoudinge.

### 5.2.5 Die afwesigheid van ouerfigure

Jeugdiges leer hul waardes en norme aan binne die verhoudingsisteme waarin hulle hulself bevind en waarbinne hulle met ander individue assosieer. Na aanleiding van hierdie assosiasies neem jeugdiges 'n individu of groep as verwysing en identifiseer daarmee. Sodanige jeugdiges bring hul gedrag in ooreenstemming met die normatiewe verwagtinge van die verwysingsgroep of individu om sodoende deur hulle aanvaar te word. Jeugdiges identifiseer self met die verwysingsgroep of individu deur laasgenoemdes se gedragspatrone na te boots. Volgehoue nabootsing bring mee dat jeugdiges hul vereenselwig met die waardes, norme, houdings, rasionalisasies, roloriëntasies en so meer van die verwysingsgroep of individu (Bosch, 1984:107).

Die lewenslange sosialiseringsproses van jeugdiges vind grondslag in en begin by hul onderskeie gesinne waar rolidentifikasies en roloriëntasies aangeleer word wat noodsaaklik is vir groepsverhoudinge. Dit is hier waar die jeugdige se persoonlikheid gevorm word. Die gesin is met ander woorde die primêre en fundamentele groepsverband of lewenskring waarbinne sosialisering plaasvind (Bosch, 1984:108).

Binne hul gesinne as primêre en fundamentele lewensgemeenskappe word jeugdiges dus gevorm en omvorm, gedra en geborg. Hul ouers gee rigtinggewende leiding sodat die jeugdiges liggaamlik, geestelik, opvoedkundig, sedelik, godsdienstig en kultureel volwaardig kan ontwikkel. Die gehalte van ouerskap (die inherente hoedanighede van ouerskap en die wyse waarop hulle hul opvoedingstaak benader en volvoer) is gevolglik van kardinale belang vir die positiewe ontwikkeling van jeugdiges se persoonlikhede.

Die eerste en vernaamste eis met betrekking tot die opvoeding van jeugdiges is die volwaardigheid van die ouers as egpaar en opvoeders (Venter, 1983:107-108).

In die lig van die voorgaande besinning is dit skrikwekkend om die ware toedrag van sake, soos dit duidelik blyk uit die onderhawige bevindinge rondom die ondersoekgroep, te besef. 72,5% van die jeugoortreders het grootgeword en is opgevoed in verskillende vorme van onvolledige gesinne. Hierdie jeugdiges is gevolglik reeds van jongs af blootgestel aan onvolwaardigheid, onveiligheid, ongeborgenheid en verwildering. Die letterlike of figuurlike afwesigheid van een of albei ouerfigure (veral die afwesigheid van die vaderfiguur op 'n permanente of tydelike basis) blyk uit hierdie ondersoek die primêre sosio-patologiese faktor te wees wat maatskaplike disorganisasie in die hand werk en gevolglik predisposisies vir jeugmisdaad skep.

Die letterlike of figuurlike afwesigheid van die vaderfiguur word in tabel 5.3 weerspieël.

**Tabel 5.3 Letterlike of figuurlike afwesigheid van vaderfigure byjeugoortreders as 'n kriminogene faktor in die ondersoekgroep.**

| Letterlike /figuurlike afwesigheid van vaderfigure | N | % |
|---|---|---|
| Ja | 38 | 95,0 |
| Nee | 1 | 2,5 |
| Onbekend | 1 | 2,5 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

Die volledige uiteensetting van gesinsvolledigheid al dan nie word in tabel 5.4 weergegee.


**Tabel 5.4 Gesinsvolledigheid as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Gesinsvolledigheid | | N | % |
|---|---|---|---|
| Getroude ouers | | 11 | 27,5 |
| Saamleefverhoudings (eie ouers) | | 4 | 10,0 |
| Enkelouer (moeder): | geskei | 3 | 7,5 |
| | vader oorlede | 3 | 7,5 |
| | nooit getroud | 2 | 5,0 |
| | vervreem | 1 | 2,5 |
| Enkelouer (vader): | geskei | 0 | 0,0 |
| | moeder oorlede | 0 | 0,0 |
| | vervreem | 0 | 0,0 |
| Stiefouer-kindverhoudings: | stiefmoeder (eie moeder oorlede) | 4 | 10,0 |
| | stiefmoeder (geskei) | 1 | 2,5 |
| | stiefvader (eie vader oorlede) | 2 | 5,0 |
| | stiefvader (geskei) | 7 | 17,5 |
| Pleegouer-kindverhouding | | 2 | 5,0 |
| Onbekend | | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | | **N = 40** | **100** |


Die verskillende vorme van gesinsvolledigheid al dan nie word grafies in figuur 5.3 weergegee.

Figuur 5.4 gee 'n oorkoepelende beeld van gesinsvolledigheid.

Figuur 5.3 Grafiese voorstelling van die staat van gesinsvolledigheid.



**Figuur 5.4 Grafiese voorstelling van die staat van gesinsvolledigheid.**



## 5.3 BEROEPSARBEID VAN OUERS

Dit is opmerklik dat die vaders van hierdie groep jeugoortreders oorwegend uit die onderste beroepslae kom. Hulle beoefen hul beroepe meesal op verskillende nabygeleë en soms verafgeleë plekke en "trek" al agter werksgeleenthede aan. Dit sluit veral aan by die syfer van 40% wat betrekking het op jeugoortreders wat in vier of meer skole ingeskryf was. Die vaders van hierdie jeugoortreders se werksure was in 32% van die gevalle baie ongereeld en behels onder andere skofte en oortyd. Nie alleen is hierdie toedrag van sake ongunstig vir die daarstelling van 'n positiewe opvoedingsklimaat vir jeugdiges nie, maar bring dit ook spanning en ontwrigting binne die gesin as lewenskring. Soos reeds vermeld, speel die afwesige vaderfiguur (hetsy permanent, tydelik of dikwels) in 80% van hierdie jeugoortreders 'n deurslaggewende rol om maatskaplike disorganisasie in die hand te werk en sodoende predisposisies vir misdaadpleging daar te stel. Die verskillende beroepe van die vaders van hierdie jeugoortreders word in tabel 5.5 aangedui.

**Tabel 5.5 Beroepsverspreiding van die vaders van jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Beroepe van vaders | N | % |
|---|---|---|
| Werkloos | 5 | 12,5 |
| Klerke | 4 | 10,0 |
| Telefooninspekteurs | 3 | 7,5 |
| Bouers | 2 | 5,0 |
| Ketelmakers | 2 | 5,0 |
| Sweisers | 2 | 5,0 |
| Posbestellers | 2 | 5,0 |
| Loodgieterassistente | 2 | 5,0 |
| Elektrisiën | 1 | 2,5 |
| Spuitskilder | 1 | 2,5 |
| Lykbesorger | 1 | 2,5 |
| Mynwerker | 1 | 2,5 |
| Skrynwerker | 1 | 2,5 |
| Produksievoorman | 1 | 2,5 |
| Onbekend | 12 | 30,0 |
| **TOTAAl** | **N = 40** | **100** |

### 5.3.1 Moeder

By 37% van die bekende gevalle (die onbekende 17,5% word hier nie in berekening gebring nie) verrig die jeugoortreders se moeders buitenshuise beroepsarbeid. Die werkende moeders kom meesal, nes die werkende vaders, uit die onderste beroepslae van die samelewing. Dit is moontlik dat die dubbele pligsvervulling (beroepsvrou asook moeder tuis) baie tyd en inspanning verg wat meebring dat onderlinge gesinsverhoudinge in die slag bly. Die 37% werkende moeders teenoor die 63% nie-werkende moeders is egter, wat hierdie ondersoek betref, nie werklik beduidend wat gebrekkige moedersorg as gevolg van beroepsverpligtinge betref nie. In 63% van die bekende gevalle was die moeders wel tuis om die nodige geborgenheid aan hierdie jeugoortreders te bied.

Die verskillende beroepe van die jeugoortreders se moeders word in tabel 5.6 aangedui.

**Tabel 5.6 Beroepsverspreiding van die moeders van jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Beroepe van moeders | N | % |
|---|---|---|
| Huisvroue | 21 | 52,5 |
| Klerke | 7 | 17,5 |
| Tikster | 1 | 2,5 |
| Verkoopsdame | 1 | 2,5 |
| Verpleegster | 1 | 2,5 |
| Kelnerin | 1 | 2,5 |
| Sekretaresse | 1 | 2,5 |
| Onbekend | 7 | 17,5 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

## 5.4 WOONOMSTANDIGHEDE

### 5.4.1 Behuising/Aard van woning

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat 55% van die jeugoortreders ondergemiddelde, swak en selfs geen behuising het nie. Dié syfer is kommerwekkend as in ag geneem word dat die gesin, as primêre en fundamentele lewensgemeenskap, binne sulke demoraliserende omstandighede 'n volwaardige opvoeding moet verseker. Huurhuise en lae-kostebehuising kom meesal hier voor en hou weer verband met die lae sosio-ekonomiese lewenspeil van hierdie gesinne. Sulke verwaarlosende omstandighede blyk gevoelens van traak-my-nie-agtigheid en minderwaardigheid by hierdie jeugdiges aan te wakker wat aanleiding kan gee tot verskillende vorme en grade van wangedrag.

Die behuisingsomstandighede word in tabel 5.7 weergegee.

**Tabel 5.7 Aard van woning van jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Behuising | N | % |
|---|---|---|
| Spogwoonhuis | 0 | 0,0 |
| Bogemiddelde woonhuis | 3 | 7,5 |
| Gemiddelde woonhuis | 13 | 32,5 |
| Ondergemiddelde woonhuis | 10 | 25,0 |
| Swak woonplek | 10 | 25,0 |
| Geen woonplek nie | 2 | 5,0 |
| Onbekend | 2 | 5,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

### 5.4.2 Oorbewoning

In slegs 16 van die 40 ondersoekte gevalle kon oorbewoning al dan nie met sekerheid vasgestel word. Van die bekende 16 gevalle was 11 (68,7%) wel blootgestel aan toestande van oorbewoning, terwyl in 5 (31,2%) gevalle die situasie normaal was. Hierdie syfer wat oorbewoning in 68,7% van die bekende gevalle bevestig, korreleer beduidend met die syfer wat aantoon dat 67,5% van die gesinne uit 3 of meer kinders bestaan en dat 90% van hierdie jeugoortreders afhanklik van hul ouer(s) is en inwoon.

In die onderhawige gevalle waar oorbewoning voorkom, is dit meesal getroude kinders met hul gesinne wat bly inwoon of familie (broers, susters of grootouers) met hul gesinne wat inwoon as gevolg van woningnood en ander verbandhoudende redes. Daar is gevalle waar tot drie gesinne in een gemiddelde woonhuis saamwoon. Dit is moontlik dat sulke omstandighede sedelike ontreddering en verwarring tot gevolg kan hê omdat die leefruimte van sodanige individue te klein geword het. Daar is geen of min sprake van privaatheid en gesinsamehorigheid. Ouer broers, susters, niggies en nefies word verplig om kamers, ongeag hul geslag, te deel. Geen formele gesinstruktuur en daarmee gepaardgaande gesagstruktuur kan in sulke omstandighede staande bly nie. Elkeen word hier aan hom-/haarself oorgelaat terwyl die werkende individue 'n oorlewingstryd voer.

Oorbewoning, gesinsgrootte en die afhanklikheid van jeugoortreders word in tabelle 5.8, 5.9 en 5.10 uiteengesit.

**Tabel 5.8 Oorbewoning as 'n kriminogene faktor in die ondersoekgroep.**

| Oorbewoning | N | % |
|---|---|---|
| Oorbewoning | 11 | 27,5 |
| Normaal | 5 | 12,5 |
| Onbekend | 24 | 60,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

Tabel 5.9 **Grootte van die gesin as veranderlike in die ondersoekgroep.**


| Gesinsgrootte | N | % |
|---|---|---|
| 7 kinders | 2 | 5,0 |
| 6 kinders | 6 | 15,0 |
| 5 kinders | 5 | 12,5 |
| 4 kinders | 2 | 5,0 |
| 3 kinders | 12 | 30,0 |
| 2 kinders | 9 | 22,5 |
| 1 kind | 4 | 10,0 |
| Onbekend | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

**Tabel 5.10 Afhanklikheid van jeugoortreders as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Afhanklikheid | N | % |
|---|---|---|
| Afhanklik van ouer/-s of familie | 36 | 90,0 |
| Onafhanklik/selfonderhoudend | 4 | 10,0 |
| Onbekend | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

Oorbewoning al dan nie, gesinsgrootte en afhanklikheid al dan nie word in figure 5.5 (i) en (ii), 5.6 en 5.7 grafies voorgestel. Die verbandhoudende voorkoms van oorbewoning, groot gesinne en die afhanklikheid van jeugoortreders word in figuur 5.8 grafies voorgestel.


## Figuur 5.5 Oorbewoning as 'n kriminogene faktor by jeugoortreders in die ondersoekgroep.





i)

ii) Wanneer slegs die bekende gevalle in berekening gebring word.


**Figuur 5.6 Diagrammatiese voorstelling van gesinsgrootte by die ondersoekgroep.**



**Figuur 5.7 Diagrammatiese voorstelling van die afhanklikheid by jeugoortreders in die ondersoekgroep.**



## Figuur 5.8 Grafiese voorstelling van oorbewoning, gesinsgrootte en afhanklikheid as veranderlikes.



### 5.4.3 Die gehalte van die buurt

Hierdie onderhawige jeugoortreders is oorwegend (57,5%) woonagtig in ondergemiddelde en swak buurte waar klein en verwaarloosde huisies digby mekaar staan. Weer eens korreleer hierdie syfer van 57,5% beduidend met die 55% gevalle waar hierdie jeugoortreders in ondergemiddelde tot swak woonplekke gevestig word. Hierdie ondergemiddelde en swak buurte is naby groot nywerhede en digby swart- of kleurlinggebiede geleë. Heelwat skakelhuise en nywerheidshuise (wat gehuur word) kom in hierdie buurte voor.


Uit hierdie ondersoek blyk dit dat jeugdiges se daaglikse lewensomgewings (uitgesonder die skool) in 'n groot mate hul gedrag en gesindhede help bepaal. Volgens Venter (1983:156) oefen 'n jeugdige se onmiddellike lewensomgewing, die mense daarbinne, die maatskaplike gewoontes en gebruike van die mense daarbinne en die heersende sedelike, godsdienstige en kulturele norme in die buurt 'n bepalende invloed uit op sy/haar gedrag. Wanneer swak mensemateriaal oorwegend in sulke buurte voorkom en toestande van maatskaplike disorganisasie sodanige buurte kenmerk, kan dit wel pre-disponerend ten opsigte van jeugmisdaad in werking wees.

Die buurtgehalte van jeugoortreders word in tabel 5.11 weergegee. Die feit dat die meeste jeugoortreders uit ondergemiddelde en swak woonbuurte kom, blyk duidelik uit figuur 5.9.

**Tabel 5.11 Buurtgehalte as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Buurtinvloed | Frekwensie | N | % |
|---|---|---|---|
| Rykmansbuurt | | 0 | 0,0 |
| Gegoede buurt | .. | 2 | 5,0 |
| Gemiddelde buurt | ............... | 15 | 37,5 |
| Ondergemiddelde buurt | ................ | 16 | 40,0 |
| Swak buurt | ....... | 7 | 17,5 |
| Onbekend | | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | | **N = 40** | **100** |

## Figuur 5.9 Grafiese voorstelling van die aard van buurtgehalte van jeugoortreders in die ondersoekgroep.



### 5.4.4 Rondtrekkery of woningverwisseling

In slegs 21 van die 40 ondersoekte gevalle kon rondtrekkery al dan nie met sekerheid vasgestel word. As slegs die bekende gevalle in berekening gebring word, blyk dit uit hierdie ondersoek dat 77,2% van hierdie jeugoortreders al 4 of meer as 4 skole besoek het. Vir 'n jeugdige om 4 of meer skole te besoek, word deur die T.O.D. (Transvaalse Onderwysdepartement) as ongunstig bestempel. In sommige van die onderhawige gevalle het jeugoortreders tot so veel as 11 skole besoek. Rondtrekkery het meesal voorgekom as gevolg van omstandighede wat ekonomiese onbestendigheid meebring soos broodwinners wat afgedank word en werkloos is, egskeiding, dood en ander vorme van finansiële nood. In hierdie ondersoek was rondtrekkery meesal beperk tot Oos-Randse dorpe en nabygeleë stede.

Rondtrekkery bring sosiale, ekonomiese en emosionele onbestendigheid mee. Nuwe verbintenisse moet telkens aangegaan word, nuwe omgewings moet leer ken word en nuwe onderwysers en gepaardgaande werksprogramme moet onder die knie gekry word. Sulke aanpassings skep gevoelens van onsekerheid by jeugdiges en verg baie inspanning van hulle. Die huisgesin as primêre leef- en opvoedingsmilieu bied onder sodanige omstandighede nie meer die nodige sekuriteit en sekerheid nie. Hierdie vorm van maatskaplike disorganisasie kan jeugdiges se verkeerde gedragspatrone wat hierdeur ontstaan laat ontaard in jeugwangedrag wat weer kan lei tot jeugmisdaad.

## 5.5 SOSIO-EKONOMIESE LEWENSPEIL

Die wisselwerking tussen maatskaplike en ekonomiese toestande bring mee dat 'n gesin 'n bepaalde sosio-ekonomiese lewenspeil handhaaf. Die volgende faktore speel 'n rol met betrekking tot die sosio-ekonomiese lewenspeil van die onderhawige jeugoortreders en hul onderskeie gesinne:

### 5.5.1 Werkloosheid

By 10% van die ondersoekgroep was die broodwinners lang tye werkloos. Dit bring uiterste vorme van ellende mee en daar word onder die broodlyn geleef. Liefdadigheidsinstansies (onder andere kerke en welsyntakke) help in hierdie gevalle om die pot aan die kook te hou. In so 'n lewenskring, waar 'n menswaardige bestaan beswaarlik gehandhaaf kan word, kan daar nie sprake wees van 'n positiewe opvoedingsklimaat nie. Die ouers verpand of verkoop essensiële lewensmiddele soos yskaste, beddens en ver-

voermiddele om aan die lewe te bly. In een van die gevalle was daar geen meubels of toebehore in die huis meer oor nie en het almal op die vloer geslaap. Dit is sulke omstandighede van gesinsdisorganisasie wat by jeugdiges gevoelens van neerslagtigheid, onsekerheid en minderwaardigheid ontketen as gevolg van materiële en gevolglike emosionele en affektiewe verwaarlosing. So word 'n vrugbare teelaarde vir jeugmisdaad geskep.

### 5.5.2 Inkomste


Uit die ondersoekgroep blyk dit dat 72,5% 'n ondergemiddelde en lae inkomste verdien. 32,5% leef selfs onder die broodlyn. 'n Skrale 27,5% verdien 'n gemiddelde, bogemiddelde of hoë inkomste. In hierdie groep jeugoortreders verdien die broodwinners oorwegend 'n ondergemiddelde en lae inkomste. Dit op sigself is egter nie genoegsame rede tot misdaadpleging nie. Uit hierdie ondersoek blyk dit dat armoede en die daarmee gepaardgaande lae inkomste sterk bydraende faktore kan wees wat, in die teenwoordigheid van verskeie ander kriminogene faktore soos affektiewe verwaarlosing, 'n swak buurtgehalte en nadelige vriendskapsverhoudings, die weg kan baan tot jeugmisdaad.

Die inkomste van die ondersoekte gesinne word in tabel 5.12 uiteengesit en in figuur 5.10 grafies voorgestel.

**Tabel 5.12 Inkomste as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Inkomste | N | % |
|---|---|---|
| Hoë inkomste | 1 | 2,5 |
| Bogemiddelde inkomste | 1 | 2,5 |
| Gemiddelde inkomste | 9 | 22,5 |
| Ondergemiddelde inkomste | 16 | 40,0 |
| Lae inkomste (leef onder broodlyn) | 13 | 32,5 |
| Onbekend | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

**Figuur 5.10 Grafiese voorstelling van inkomste van gesinne as veranderlike in die ondersoekgroep.**



Faktore wat, met betrekking tot hierdie ondersoekgroep, 'n verbandhoudende rol ten opsigte van lae inkomste en 'n gevolglike lae sosio-ekonomiese lewenspeil speel, is:

### 5.5.2.1 Resessies

Periodes van verminderde algemene ekonomiese bedrywigheid wat veral die omliggende groot nywerhede betref, bring mee dat werkgeleenthede ook ingekort moet word. Broodwinners word afgedank of werk teen verminderde salarisse.

### 5.5.2.2 Rasionalisasie

Omdat groot nywerhede hul produksie praktieser en ekonomieser inrig ten einde produkte se pryse daardeur te handhaaf of selfs te verlaag, bring dit noodwendig en onder andere 'n verlies van arbeid mee. Soos in die geval van resessies, word broodwinners afgedank of verrig hulle deeltydse arbeid teen 'n aangepaste (meesal 'n verminderde) salaris.

### 5.5.2.3 Skool- en beroepsopleiding van ouers

In slegs 46% van die ondersoekgroep kon skool- en/of beroepsopleidingskwalifikasies met sekerheid vasgestel word. Van dié bekende gevalle het geen ouer formele tersiêre opleiding ondergaan nie en

- slaag slegs 16% st. 10 sonder vrystelling,
- slaag 41% st. 8 of 9,
- slaag 32% st. 6 of 7,
- ondergaan 11% spesiale onderwys.

Die aard van hul beroepe (sien tabelle 5.5 en 5.6 *supra*) vereis in baie gevalle slegs indiensopleiding eerder as 'n formele tersiêre opleiding.

Faktore soos werkloosheid, lae inkomste en lae onderwyspeile speel, soos blyk uit dié ondersoek, 'n beduidende rol in die lewens van hierdie jeugoortreders en hul onderskeie gesinne. Lae sosio-ekonomiese lewenspeile kenmerk gevolglik die meeste van hierdie jeugoortreders en hul gesinne.

Die onderskeie sosio-ekonomiese lewenspeile van hierdie jeugoortreders en hul gesinne word in tabel 5.13 uiteengesit.

**Tabel 5.13 Sosio-ekonomiese lewenspeil van die gesin as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Sosio-ekonomiese lewenspeil | N | % |
|---|---|---|
| Hoog/baie goed | 0 | 0,0 |
| Goed | 2 | 5,0 |
| Gemiddeld | 11 | 27,5 |
| Ondergemiddeld | 12 | 30,0 |
| Swak | 15 | 37,5 |
| Onbekend | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |


Die verspreiding van die jeugoortreders se sosio-ekonomiese lewenspeile word in figuur 5.11 grafies voorgestel.

Langdurige lae sosio-ekonomiese lewenspeile gee aanleiding tot ontevredenheid, opstandigheid en swak menseverhoudinge by jeugdiges wat soms so ver as wangedrag - wat later mag kulmineer in jeugmisdaad - gevoer word.

## 5.6 GODSDIENSTIGE LEWE

Die mens se totale verankering is geleë in sy/haar geloofsoortuiging. Möller (1987:1-2) sê dat elke ouer 'n geroepene is - iemand wat geroep is om veral 'n goddelike opdrag te volvoer. Daar word van ouers verwag om hul kinders Christelik op te voed en die Bybel as 'n besondere bron van opvoedingskennis dienooreenkomstig daarvoor aan te wend. 'n Mens se sedelike beginsels is fundamenteel veranker in sy/haar godsdienstige oortuigings. Wanneer hierdie godsdienstige oortuigings vir die mens minder belangrik word, kan dit 'n belemmerende en nadelige uitwerking op die leefwêreld van die mens hê.

**Figuur 5.11 Grafiese voorstelling van die sosio-ekonomiese lewenspeil van gesinne as veranderlike in ondersoekgroep.**




### 5.6.1 Kerkverband

Die 40 jeugoortreders in hierdie ondersoekgroep verteenwoordig altesaam 12 verskillende kerkverbande. Hierdie jeugoortreders se inskakeling by die genoemde verskillende kerkverbande word in tabel 5.14 uiteengesit en in figuur 5.12 grafies voorgestel.

**Tabel 5.14 Aard van kerkverband by jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Kerkverband | N | % |
|---|---|---|
| Nederduitse Gereformeerde Kerk | 6 | 15,0 |
| Nederduitsch Hervormde Kerk | 6 | 15,0 |
| Algemene Geloof Sending Kerk | 8 | 20,0 |
| Pinkster Protestantse Kerk | 4 | 10,0 |
| Ou Apostoliese Kerk van Afrika | 6 | 15,0 |
| Volle Evangelie Kerk | 1 | 2,5 |
| Christian City Church | 1 | 2,5 |
| Jehovasgetuie Kerk | 1 | 2,5 |
| Mica Kerk | 1 | 2,5 |
| Sewendedagadventiste Kerk | 1 | 2,5 |
| Rooms-Katolieke Kerk | 2 | 5,0 |
| Mormoonse Kerk | 1 | 2,5 |
| Onbekend | 2 | 5,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

**Figuur 5.12 Grafiese voorstelling van die aard van kerkverband by jeugoortreders in die ondersoekgroep.**



### 5.6.2 Gemeentebetrokkenheid


Onder 70% van die onderhawige jeugoortreders en hul gesinne heers daar 'n onbetrokkenheid wat godsdiensbeoefening en gemeentebetrokkenheid betref. Die betrokke jeugoortreders woon kategeseklasse op 'n ongereelde basis by. Dit is gevolglik duidelik dat daar in die meeste gevalle nie juis sprake van kerklike meelewing en gemeentebetrokkenheid kan wees nie. Kerkskuheid bring mee dat individue kerklos word. Venter (1983:110) vat hierdie gedagte goed saam wanneer hy sê dat 'n kragtige godsdiensbesef 'n uiters belangrike hoeksteen van 'n gesonde jeuglewe verteenwoordig en dat dit een van die sterkste skanse teen verval in misdaad is.

Gemeentebetrokkenheid word in tabel 5.15 uiteengesit en in figuur 5.13 grafies voorgestel.

**Tabel 5.15 Aard van gemeentebetrokkenheid by jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Gemeentebetrokkenheid | N | % |
|---|---|---|
| Gereelde betrokkenheid | 3 | 7,5 |
| Ongereelde betrokkenheid | 3 | 7,5 |
| Onbetrokkenheid | 26 | 65,0 |
| Algehele onbetrokkenheid | 2 | 5,0 |
| Onbekend | 6 | 15,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

**Figuur 5.13 Grafiese voorstelling van die aard van gemeentebetrokkenheid by jeugoortreders in die ondersoekgroep.**



## 5.7 ANDER GESINSVERBONDE PATOLOGIEË

### 5.7.1 Alkoholmisbruik

In 45% van die 40 jeugoortredende gesinne speel alkoholmisbruik 'n beduidende rol om gesinsdisorganisasie in die hand te werk. Omdat alkoholmisbruik aanleiding gee tot gesinsrusies, ordeloosheid, materiële agteruitgang en werkloosheid, hou dit ook onvermydelik die materiële, emosionele en affektiewe verwaarlosing van die kinders in wat die predisposisie tot wangedrag verhoog.

### 5.7.2 Wangedrag in die gesin

#### 5.7.2.1 Kindermolestering

Enkele voorvalle (7,5%) van kindermolestering het in hierdie ondersoek voorgekom. Hiertydens het stiefvaders hul stiefdogters of stiefseuns seksueel gemolesteer en al dié voorvalle het gepaard gegaan met alkoholmisbruik. Omdat hierdie lewenskringe gekenmerk word deur dronkenskap, losbandigheid en algemene sedelike verval, is daar weinig sprake dat sodanige betrokke jeugdiges ooit persoonlike en maatskaplike volwaardigheid sal bereik.

#### 5.7.2.2 Seksueel-afwykende gedrag

Seksueel-afwykende gedrag waaraan 12,5% van die manlike onderhawige jeugoortreders hulself skuldig gemaak het, is:

- ontbloting van die geslagsdele voor dogters,
- seksuele aanranding op dogters,
- homoseksualisme (vriende en ouer mans),
- soöfilie (hoenders), en
- aanhou en vertoon van pornografiese materiaal.

Dit blyk uit hierdie ondersoek dat seksuele bemoeienis (op watter wyse ook al) bloot uit fisieke oorweging gemaak word. Hierdie seksuele afwykings dui daarop dat die normale en positiewe seksuele ontwikkeling by die onderhawige jeugoortreders skipbreuk ly as gevolg van 'n remmende uitwerking op die sedelike persoonlikheidsontwikkeling.

#### 5.7.2.3 Gesinsonenigheid

Gesinsonenigheid kenmerk 87,5% van die ondersoekgroep en hou onder andere verband met rusie, fisieke aanranding, skel en vloek. Aanleidende faktore sluit in alkoholmisbruik, buite-egtelike verhoudings, stiefverhoudings, huweliksprobleme, materiële nood, werkloosheid en armoede.

Binne die gesin ontwikkel gevoelens soos besorgdheid, regverdigheid en empatie. Die kwaliteit van 'n gesinsmilieu oefen 'n bepalende invloed uit op die ontwikkeling van jeugwangedrag al dan nie. In hierdie gesinne ervaar jeugdiges geen geborgenheid, liefdevolle sorg, sekuriteit en sekerheid nie. Binne sulke negatiewe gesinsmilieus ontspoor jeugdiges makliker en sodoende vergroot die moontlikheid van misdadige gedrag.

### 5.7.3 Die gebrekkige handhawing van ouerlike gesag, dissipline en opvoeding


'n Onjuiste opvoedingshouding kenmerk 95% van die ondersoekgevalle. Die opvallendste vorm van verwaarlosende opvoeding dui op die affektiewe verwaarlosing van jeugdiges. Hierdie ouers tree liefdeloos en harteloos teenoor hul kinders op. In 97,5% van die ondersoekte gevalle het affektiewe verwaarlosing in 'n mindere of meerdere mate voorgekom, meesal as gevolg van die permanente of tydelike afwesigheid van ouerfigure, gepaardgaande gevoelens van verwerping en ander verbandhoudende en bydraende faktore.

Ander onjuiste opvoedingshoudings getuig van inkonsekwentheid, veeleisende strengheid, oortoegeeflikheid, passiwiteit, verwenning en aggressiwiteit. Ouers bly so in gebreke om as toereikende en verantwoordelike opvoeders op te tree.

Die tersaaklike onjuiste opvoedingshoudings word in figuur 5.14 met 'n staafgrafiek voorgestel.

Die meeste onderhawige ouers slaag nie daarin om gesag op 'n positiewe wyse te handhaaf nie en faal in hul opvoedingsfunksie en gepaardgaande dissiplinêre uitoefening. Hulle plaas hul kinders op 'n verkeerde weg wat lei tot verskeie vorme van jeugwangedrag en uiteindelike jeugmisdaad.

Figuur 5.14 Grafiese voorstelling van gesinspatologieë in die ondersoekgroep.



## 5.8 SLOTOPMERKING

Samevattend word beklemtoon dat die gesin die fundamentele en primêre leefruimte van enige jeugdige is. Binne hierdie gesinsmilieu word sy/haar opvoedingsproses deur 'n veelheid faktore, wat in wisselende sterkte en hoedanigheid tot mekaar staan, beïnvloed en gee aanleiding tot menslike gedragspatrone. Wanneer die gesin as primêre opvoedingsinstelling daarin slaag om doeltreffende opvoeding te verseker, voel die ontwikkelende en kwesbare jeugdiges daarbinne veilig en geborge en word hul gedragspatrone dienooreenkomstig gerig.

Uit hierdie ondersoek blyk dit egter duidelik dat wanneer jeugdiges hul onderskeie gesinsituasies as onseker, ongeborge, liefdeloos en onveilig beleef, hulle negatiewe gedragspatrone openbaar wat mettertyd ontaard in verskeie vorme van jeugwangedrag en uiteindelik kulmineer in jeugmisdaad.

# HOOFSTUK 6

## DIE ROL VAN DIE SKOOL IN DIE ETIOLOGIE VAN JEUGMISDAAD

### 6.1 INLEIDING

In hierdie navorsing is by herhaling reeds gepostuleer dat jeugmisdaad die gevolg is van maatskaplike disorganisasie. Verskeie faktore dra by tot die veroorsaking van maatskaplike disorganisasie. Hierdie faktore staan bekend as sosio-patologiese faktore en skep toestande van maatskaplike disorganisasie wat op sy beurt tot predisposisies vir misdaad aanleiding gee. Sosio-patologiese toestande kom op alle vlakke, lae, sfere, verbande of kringe van die samelewing voor, en daarom ook in enige skoolmilieu. Sosio-patologiese faktore wat met die skool verband hou of met die skool in verband staan, skep 'n gedisorganiseerdheid of versteuring in die geordende lewensomgewing van die jong kind en jeugdige.

Patologieë in die persoonlikheidsamestelling van die jeugdige manifesteer in sy/haar skoolaktiwiteite soos akademiese prestasie, deelname aan sport- en kultuurbedrywighede, aanpassing, portuurgroepverhoudinge, gesindheid teenoor onderwysers, die wyse waarop gesag aanvaar word, skooldissipline, algemene voorkoms en ander skoolaktiwiteite.

### 6.2 DIE SKOOL AS TEENVOETER IN DIE ONTWIKKELING VAN JEUGMISDAAD

#### 6.2.1 Die belangrikheid van die skool as teenvoeter in die ontwikkeling van 'n antisosiale persoonlikheid

In die RGN-verslag van 1981 beklemtoon die omvattende onderwysdoelstelling dat "die skool met inagneming van dit wat in die ouerhuis plaasvind en reeds plaasgevind het, die kind inlei en help om op sistematiese wyse die kultuur- en leerinhoude waarheen hy as nie-volwassene op pad is, te verower, dit voldoende te beheers, dit in lewensituasies in te skakel en die norme wat daarmee gemoeid is, te erken en te gehoorsaam" (RGN, 1981:5).

Die skool het gevolglik 'n gewigtige en betekenisvolle rol en taak om te vervul in die weerbaarmaking van jeugdiges. Hierdie professionele taak vereis opvoedkundigheid en vakkundigheid van die onderwyser omdat negatiewe invloede op jeugdiges nie met oppervlakkigheid, gebrekkige kennis en onwetenskaplikheid die hoof gebied kan word nie. Jeugdiges behoort sinvol opgevoed te word om die onderskeie samelewingsinvloede te neutraliseer (Jacobs, 1987:6-7).

Jeugdiges met antisosiale persoonlikheidstrekke kom hoofsaaklik uit gesinne waar die pedagogiese grondverhoudings versteur is. Daarom het juis hierdie jeugdiges indirek behoefte aan 'n verantwoordbare en verantwoordelike skoolpraktyk wat oorwegend bepaal word deur belangstellende en positiewe onderwysers (Louw, 1987:16). Vir hierdie wordingsgeremde jeugdiges is die skool dikwels die enigste bron van struktuur, kontinuïteit en sekuriteit. Die skoolmilieu se vaste dissipline en roetine bied geleenthede tot skolastiese prestasie en deelname aan buitemuurse aktiwiteite. Binne die raamwerk van hierdie stabiliserende faktore motiveer die skool positiewe gedragspatrone by kinders en jeugdiges (Kriegler, 1987:7).

Die Transvaalse Onderwysdepartement (1990:2) beklemtoon in sy 1990-jaartema, KOESTER ONS JEUG, die waarde van opvoeding met liefde, empatie, begrip en agting. Die skool se voortsetting en uitbouing van 'n gesonde, praktiese opvoedkundige beleid in samewerking met ander onderwysvennote, skep moontlikhede van sinvolle kort- en langtermyndoelwitbereiking vir die skoolgaande jeugdige. Die onderwyser wat in loco parentis optree en dienooreenkomstig die kind lei tot selfstandige en verantwoordelike volwassenheid, verseker só dat die skool as teenvoeter optree in die ontwikkeling van jeugwangedrag en jeugmisdaad.

Met jeugwangedrag of antisosiale gedrag word bedoel gedrag wat indruis teen die norme of regsvoorskrifte wat in 'n gemeenskap geld en die geordenheid van die samelewing reël, met ander woorde nie-strafbare asook strafbare optrede (Louw *et al*, 1987:5). Die volgende opvallende (afwykende en normale) persoonlikheidseienskappe en aanverwante gedrag blyk uit die onderhawige ondersoek:

- Onbeheerbare aggressie.
- Oneerlikheid.
- Diefstal.
- Stokkiesdraai.
- Rebelsheid.
- Onbeheerbaarheid.

- Gesagsverwerping.
- Emosionele uitbarstings/onbestendigheid.
- Gewetenloosheid.
- Alkohol- en dwelmmisbruik.
- Vloekery.
- Aanranding/aggressie.
- Vorme van seksuele wangedrag.
- Passiwiteit en doelloosheid.
- Neerslagtigheid en teruggetrokkenheid.
- Angstigheid.
- Selfgesentreerdheid.
- Onsekerheid en minderwaardigheid.
- Impulsiwiteit en onverantwoordelikheid.
- Manipulerende gedrag.
- Gebrekkige realiteitsbesef, probleemoplossingsvermoë, oordeelsvermoë en konsentrasievermoë.
- Affektiewe ontbering.
- Onaanpasbaarheid.
- Beïnvloedbaarheid.

Die voorgenoemde kenmerkende en opvallende persoonlikheidseienskappe en aanverwante gedrag van die jeugoortreders in hierdie ondersoekgroepe is met sekerheid vasgestel. Vanselfsprekend kom nie al dié eienskappe en aanverwante gedrag in een jeugoortreder se lewe voor nie, maar kry daar ván hierdie eienskappe en aanverwante gedrag in 'n mindere of meerdere mate volgens unieke samestellingswyses hul beslag in elk van hierdie jeugoortreders. In hoofstuk 4, figuur 4.6 word die geïdentifiseerde persoonlikheidseienskappe van hierdie jeugoortreders grafies voorgestel.

### 6.2.2 Ouer-kind-skoolverhouding

#### 6.2.2.1 Ouerbetrokkenheid

Die betrokkenheid van ouers by die formele onderrig van hul kinders is hoofsaaklik gebaseer op die doopbelofte wat meeste van die ouers afgelê het en steeds aflê. Kragtens ouers se regsbevoegdheid het hulle ook 'n natuurlike reg tot betrokkenheid by hul kinders se onderwys. Omdat die skool die plek is waar die huislike opvoeding van ouers op 'n kontinue basis voortgesit word, is ouerlike betrokkenheid gevolglik van kardinale belang. Die ouerhuis en skool moet poog om 'n positiewe gees en lewens-

beskouing by die kind te vestig en dit voort te sit. Sonder kommunikasie tussen die ouers en skool kan daar weinig sprake wees van 'n kontinue, gesonde vestiging van lewensbeginsels (Kruger, 1987:7-10).


Dit is duidelik dat die ouerhuis die skool se hand ook kan sterk in die bekamping van jeugmisdaad deur betrokke te raak by skoolaktiwiteite en belang te stel in die skolastiese deelname en/of vordering en/of prestasies van hul kinders. Alhoewel ouers en onderwysers se bydraes in die opvoeding van (hul) kinders eiesoortig is, kan hulle steeds aanvullend tot mekaar optree en só potensiële wangedrag by kinders betyds opmerk sodat die nodige aandag aan so 'n probleem verleen kan word. Die ouer en onderwyser beweeg hierin elk op sy eie bevoegdheidsterrein en hierdie terreine behoort wedersyds gerespekteer te word. Oorvleueling in die uitoefening van die ouer se natuurlike gesag en die onderwyser se statutêre gesag sal egter noodwendig plaasvind en behoort op 'n grootmoedige en vennootskaplike wyse hanteer te word (Kruger, 1987:14-16).

Uit die onderhawige ondersoek blyk dit duidelik dat die gebrek aan ouerbetrokkenheid 'n groot rol speel in die lewens van hierdie jeugoortreders. Gevoelens van apatiese ingesteldhede, introversie, minderwaardigheid, liefdeloosheid en 'n sterk behoefte aan gemeensaamheid en geborgenheid word by hierdie jeugoortreders opgemerk wat later, namate hierdie negatiewe gevoelens voortduur, in wangedrag - in die voorloper van jeugmisdaad - kan kulmineer. Soos blyk uit tabel 6.1 en figuur 6.1 is 97,5% van die ondersoekgroep se ouers geensins by skoolbedrywighede, van watter aard ook al, betrokke nie.

**Tabel 6.1 Ouerbetrokkenheid by skoolbedrywighede as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| **Ouerbetrokkenheid** | | **N** | **%** |
|---|---|---|---|
| Gereeld betrokke | aktief | 0 | 0,0 |
| Sporadies betrokke | | 1 | 2,5 |
| Glad nie betrokke nie | passief | 39 | 97,5 |
| Nie vermeld nie | | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | | **N = 40** | **100** |

**Figuur 6.1 Grafiese voorstelling van die aard van ouerbetrokkenheid by skoolbedrywighede in die ondersoekgroep.**



Die vernaamste oorsake van gebrekkige ouerbetrokkenheid by die ouers van die onderhawige groep jeugoortreders kan saamgetrek word na onstabiele en ongeborge ouerhuise waarin kinders hul eie heil uitwerk. Vanweë hoër beroepseise, gesinsonvolledigheid, alkoholmisbruik, armoede, gesinsonenigheid en gebrekkige rolmodelle is ouers onkundig of net nie meer in staat tot opvoedingsake soos byvoorbeeld godsdienstige of geslagtelike opvoeding nie omdat hulle selde tuis is óf net nie meer daarin belangstel nie. Kinders word hierdeur geestelik en maatskaplik verwaarloos wat 'n vrugbare teelaarde vir wangedrag skep. Dit is hier waar die skool en die onderwyser se verantwoordelikheid al hoe groter word omdat belangrike opvoedingsaspekte wat deur die ouers nagelaat word nou deur die skool "oorgeneem" word. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat daar 'n opvoedingsvennootskap tussen ouer en onderwyser moet bestaan, en dat hierdie vennootskap gekenmerk moet word deur wedersydse lojaliteit en samewerking ten einde 'n positiewe lewensmilieu vir die kind daar te stel en predisposisies vir jeugwangedrag daardeur aansienlik te verminder en/of te bekamp.

#### 6.2.2.2 Onderwyser-kindverhouding

Om aan te sluit by die Transvaalse Onderwysdepartement se 1990-jaartema waarna verwys is in par. 6.2.1 (*supra*), staan die woord *koester* sentraal ten opsigte van kinders of leerlinge. Om leerlinge koesterend op te voed, dui daarop om gesag met begrypende liefde uit te oefen, om kinders of leerlinge geborge te laat voel en hulle met die nodige opvoedkundigheid en vakkundigheid, liefdevolle sorg en bystand weerbaar te maak vir 'n sinvolle volwasse beroepslewe. Binne só 'n onderwyser-kindverhouding ontstaan noodwendig 'n positiewe omgangs- en vertrouensverhouding waarbinne die kind kan gedy tot weerbare volwassenheid.

In die lewens van 75% van die onderhawige groep jeugoortreders is daar egter sprake van swak en negatiewe onderwyser-kindverhoudings. Verskillende vorme van wangedrag by leerlinge soos stokkiesdraai, leuentaal, vloekery, onbeheerbare aggressie en opstandigheid ontlok negatiewe gevoelens by onderwysers wat weer op hul beurt positiewe onderwyser-kindverhoudings kelder. Die gehalte van onderwyser-kindverhoudings word in tabel 6.2 weergegee en in figuur 6.2 grafies voorgestel.

**Tabel 6.2 Onderwyser-kindverhouding van jeugoortreders as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Onderwyser-kindverhouding | N | % |
|---|---|---|
| Goed | 2 | 5 |
| Gemiddeld | 6 | 15 |
| Swak | 30 | 75 |
| Nie vermeld nie | 2 | 5 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |


Vir die daarstelling en handhawing van gesonde onderwyser-kindverhoudings, is dit volgens Jacobs (1987:7) noodsaaklik vir die kind om aan sy/haar eie weerbaarmaking deel te neem deur sin en betekenis al dan nie toe te ken aan die inhoud van die weerbaarmaking, asook aan die geloofwaardigheid van die opvoeder in dié situasies. Sonder 'n gesonde onderwyser-kindverhouding waarbinne kinders gevoelens van geborgenheid ervaar en 'n openhartigheid jeens onderwysers openbaar, maak dit die pad na verskeie problematiese gedragspatrone, wangedrag en uiteindelik jeugmisdaad makliker.

Uit 'n onderwyser se oogpunt is die daarstelling en instandhouding van gesonde onderwyser-kindverhoudings nie 'n maklike taak nie, veral gesien in die lig van die veranderende onderwysomstandighede waar dieselfde hoeveelheid leerlinge nou aan al hoe minder onderwysers toevertrou word. Die verantwoordelikheid op die skouers van onderwysers word gevolglik al hoe swaarder sodat daar, sonder die lojale hulp en bystand van die ouers, beswaarlik 'n gesonde verhouding gehandhaaf kan word.

### 6.2.2.3 Skoolgesindheid van jeugdiges

Jeugdiges se gesindheid teenoor hul skool speel 'n bepalende rol in hul ontvanklikheid al dan nie ten opsigte van aspekte van positiewe opvoedingspraktyke wat deur onderwysers aangebied en/of voorgeleef word. In 75% van die ondersoekgevalle het die jeugoortreders 'n negatiewe gesindheid teenoor hulle skool geopenbaar. Die onderhawige jeugoortreders voer hiervoor redes aan wat verband hou met swak onderwyser-kindverhoudings, belemmerde huislike omstandighede, negatiewe portuurgroepdruk en akademiese vasgelopenheid. Die gesindhede wat hierdie groep jeugoortreders jeens hul onderskeie skole koester, word in tabel 6.3 en meegaande figuur 6.3 weergegee.

**Figuur 6.2 Grafiese voorstelling van die aard van onderwyser–kindverhouding van jeugoortreders in ondersoekgroep.**



**Tabel 6.3 Gedrag en gesindheid van jeugoortreders teenoor die skool en onderwysers as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**


| Gedrag en gesindheid teenoor die skool en onderwysers | | N | % | |
|---|---|---|---|---|
| Onberispelik en positief | Positief | 0 | 0,0 | 15,0 |
| Goed en redelik positief | | 3 | 7,5 | |
| Normaal en gemiddeld | | 3 | 7,5 | |
| Ondergemiddeld en negatief | Negatief | 20 | 50,0 | 75,0 |
| Swak en uiters negatief | | 10 | 25,0 | |
| Nie vermeld nie | | 4 | 10,0 | |
| **TOTAAL** | | **N = 40** | **100** | |

Binne die ouer-kind-skoolverhouding hang die drie bespreekte aspekte daarbinne, naamlik ouerbetrokkenheid, onderwyser-kindverhouding en skoolgesindheid baie nou saam, soos blyk uit tabel 6.4 en figuur 6.4.


**Tabel 6.4 Verband tussen ouerbetrokkenheid, onderwyser-kindverhouding en skoolgesindheid as veranderlikes in die ondersoekgroep.**

| | **Ouer-betrokkenheid** | | **Onderwyser-kindverhouding** | | **Skoolgesindheid** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **N** | **%** | **N** | **%** | **N** | **%** |
| Positief/Aktief | 1 | 2,5 | 8 | 20 | 6 | 15 |
| Negatief/Passief | 39 | 97,5 | 30 | 75 | 30 | 75 |
| Onbekend | 0 | 0,0 | 2 | 5 | 4 | 10 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** | **N = 40** | **100** | **N = 40** | **100** |

**Figuur 6.3 Grafiese voorstelling van die aard van gedrag en gesindheid teenoor skole en onderwysers.**



**Figuur 6.4 Grafiese voorstelling van verband tussen ouerbetrokkenheid, onderwyser–kindverhouding en skoolgesindheid.**



Die voorgenome drie veranderlikes se verband lê daarin dat kinders graag met belangrike volwassenes soos ouers en onderwysers wil identifiseer, maar dat dit slegs moontlik is as daar gereelde en positiewe ouerbetrokkenheid plaasvind sodat daar gesonde onderwyser-kindverhoudings ontstaan en die ouers en kinders positiewe gesindhede jeens die skool koester. Volgens Kruger (1987:11) lei aktiewe ouerbetrokkenheid in die formele onderwys tot 'n meer positiewe ingesteldheid jeens die skool, tot beter akademiese prestasies by die kind en die verwesenliking van 'n sinvolle en gesonde opvoedingspraktyk by die ouers wat - alles inaggenome - die kind tot voordeel strek.

Dit wat kinders in hul ouerhuise ervaar, bepaal grootliks die sukses wat die skool ten opsigte van die algemene opvoedingspraktyk, en veral dan die aspek jeugmisdaadvoorkoming, kan bepaal.

## 6.3 ENKELE PERSOONLIKE PATOLOGIEë IN SKOOLVERBAND

Met persoonlike patologieë in skoolverband word daar in werklikheid verwys na die kriminogene verband, met ander woorde dat daar predisposisies (omstandighede wat gunstig is vir die jeugdiges se verval in misdaad) vir misdaadpleging geskep word. Jeugmisdaad in hierdie gevalle word meesal voorafgegaan deur verskillende vorme van afwykende of antisosiale gedrag. Patologieë wat in skoolverband onder die onderhawige groep jeugoortreders voorgekom het, is soos volg:

### 6.3.1 Vroeë skoolverlating

Vroeë skoolverlating om óf na spesiale skole te gaan óf met die oog daarop om die arbeidsmark te betree, kom in 75% van die ondersoekgevalle voor terwyl slegs 17,5% van hulle st.10 aan 'n gewone hoërskool slaag. Die oorblywende 7,5% van die gevalle is onbekend. Die vroeë skoolverlating van die onderhawige groep jeugoortreders word in tabel 6.5(a) en (b) in fyner besonderhede weergegee.

Redes vir vroeë skoolverlating van hierdie groep jeugoortreders blyk soos volg te wees:

- Swak huislike omstandighede, waaronder finansiële nood.
- Akademiese vasgelopenheid of mislukking.
- Gedrag- en aanpassingsprobleme.

**Tabel 6.5(a) Verwysing na kinderwetskole, verbeteringskole of ander spesiale skole as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Verwysing na spesiale skole | N | % |
|---|---|---|
| Slaag st. 6 aan 'n gewone hoërskool en vertrek na een van bg. spesiale skole | 4 | 10,0 |
| Slaag st. 7 aan 'n gewone hoërskool en vertrek na een van bg. spesiale skole | 8 | 20,0 |
| Slaag st. 8 aan 'n gewone hoërskool en vertrek na een van bg. spesiale skole | 5 | 12,5 |
| Slaag st. 9 aan 'n gewone hoërskool en vertrek na een van bg. spesiale skole | 0 | 0,0 |
| Slaag st. 10 aan 'n gewone hoërskool | 7 | 17,5 |
| Vroeë skoolverlating om die arbeidsmark te betree | 13 | 32,5 |
| Onbekend | 3 | 7,5 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

**Tabel 6.5(b) Vroeë skoolverlating en toetrede tot die arbeidsmark van jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Vroeë skoolverlating en toetrede tot die arbeidsmark | N | % |
|---|---|---|
| Slaag st. 6 en verlaat skool | 0 | 0,0 |
| Slaag st. 7 en verlaat skool | 2 | 5,0 |
| Slaag st. 8 en verlaat skool | 10 | 25,0 |
| Slaag st. 9 en verlaat skool | 1 | 2,5 |
| Slaag st. 10 | 7 | 17,5 |
| Vroeë skoolverlating om na spesiale skole te gaan | 17 | 42,5 |
| Onbekend | 3 | 7,5 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

Baie navorsers is dit eens dat vroeë skoolverlating meesal ongunstig inwerk op die lewens van jeugdiges omdat hulle die vormende invloed van die skool ontbeer en as onryp "volwassenes" nie gereed is om sinvolle beroepsbeoefening te onderneem nie. Ledigheid, frustrasie en verveeldheid wat hieruit voortvloei kan aanleiding gee tot verskillende vorme van wangedrag, wat weer uiteindelik kan kulmineer in jeugmisdaad.

### 6.3.2 Mobiliteit in skoolverband (skoolverwisseling)

In 45% van die ondersoekgevalle kon skoolverwisseling nie vasgestel word nie. Wat die oorblywende 55% betref, het 42,5% meer as drie skole besoek, wat as ongunstig of ongewens bestempel kan word. Soos reeds in hoofstuk 5, onder 5.4.4 (*supra*) vermeld is, is daar gevalle waar tot 11 skole (6 laerskole en 5 hoërskole) besoek is. Hierdie gegewens word in tabel 6.6 weergegee.

**Tabel 6.6 Aard van skoolverwisseling by jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Skoolverwisseling | N | % |
|---|---|---|
| 1 skool besoek | 0 | 0,0 |
| 2 skole besoek | 3 | 7,5 |
| 3 skole besoek | 2 | 5,0 |
| 4 skole besoek | 5 | 12,5 |
| 5 skole besoek | 4 | 10,0 |
| 6 skole besoek | 4 | 10,0 |
| 7 skole besoek | 2 | 5,0 |
| 8 skole besoek | 0 | 0,0 |
| 9 skole besoek | 1 | 2,5 |
| 10 skole besoek | 0 | 0,0 |
| 11 skole besoek | 1 | 2,5 |
| Onbekend | 18 | 45,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

Alhoewel daar 'n besliste verband bestaan tussen woningverwisseling en skoolverwisseling, geld dit nie vir alle gevalle nie. Woningverwisseling het feitlik deurgaans skoolverwisseling tot gevolg, terwyl skoolverwisseling nie noodwendig woningverwisseling insluit nie. Uit tabel 6.6 blyk dit dan dat 77,2% van die bekende gevalle vier of meer skole besoek het, en in sommige van hierdie gevalle het skoolverwisseling ook met woningverwisseling gepaard gegaan. Skoolverwisseling op sigself gaan gepaard met nuwe en moeilike aanpassings; woningverwisseling daarmee saam verdubbel as't ware dié moeilike aanpassingslas. In onderwysgeledere word die besoek van meer as drie skole as ongunstig beskou vanweë die herhaalde ontwrigting wat verskillende nuwe aanpassings meebring, soos 'n vreemde en nuwe onderrigmilieu (terrein, klaskamers, onderwysers, maats en leerstof).

### 6.3.3 Drostery en stokkiesdraai

Volgens Louw *et al.*, (1978:17) dui dros op die handeling om jouself te onttrek en skuil te gaan, soos stokkiesdraai van die skool. Die onderhawige groep jeugoortreders het meesal van kinderwetskoolkoshuise af gedros vir dae lank of stokkiesgedraai van die skool af. Deur slegs die bekende gevalle in ag te neem, blyk dit dat 92,8% van die jeugoortreders hulself skuldig gemaak het aan drostery, en dat 78,5% van hulle chroniese drosters was. Slegs 7,1% van die bekende gevalle het hulle nooit skuldig gemaak aan drostery nie. Soos blyk uit die onderhawige ondersoek, kom dros of stokkiesdraai van die skool af by die meeste van hierdie jeugoortreders op 'n gereelde basis voor. In die meeste van hierdie gevalle het dit ook gelei tot verskillende vorme van wangedrag en uiteindelik tot die een of ander vorm van jeugmisdaad. Daar is geen vasgestelde "resep" wat drostery of stokkiesdraai in die hand werk nie, maar eiesoortige kombinasies van die volgende oorsake kan aanleiding gee tot dros of stokkiesdraai:

- 'n Gebrekkige belangstelling in skoolwerk met gevolglike akademiese mislukking.
- Gebrekkige ouerbetrokkenheid en belangstelling ten opsigte van die kind se skolastiese vordering.
- Swak huislike omstandighede.
- Negatiewe portuurgroepdruk.
- Gevoelens van nutteloosheid, mislukking en verwerping.

Alliënasie bestaan dikwels in die lewens van hierdie jeugoortreders in dié sin dat hulle geen ambisie koester nie, aangesien dit deur die skool (as medium), waarmee hulle niks te doen wil hê nie, bereik word.

Mettertyd raak hul vervreem van doelwitte, ideale en aspirasies wat nie-oortredende jeugdiges vir hulself stel.

Negatiewe persepsies en houdings teenoor die skool ontwikkel in 'n stereotipe wat beteken die jeugdige kan teenoor alles in sy/haar lewe (soos ouers, volwassenes, die kerk die regering) 'n apatie ontwikkel.

Dros of stokkiesdraai se gevolge is dus verreikend. Op skool raak hul, wat die leerplan betref, so ver agter dat agterstallige werk beswaarlik bemeester kan word, wat weer kontinue en verdere mislukkings kan inhou. Hierdeur verbeur sodanige jeugdiges positiewe opvoeding (soos 'n positiewe houdingsingesteldheid teenoor die skool) en onderrig en staan sodoende 'n groter kans om in jeugwangedrag - die voorloper van jeugmisdaad - te verval. Die drostery van hierdie groep jeugoortreders word in tabel 6.7 weergegee.

**Tabel 6.7 Drostery van jeugoortreders as 'n kriminogene faktor in die ondersoekgroep.**

| Drostery | N | % |
|---|---|---|
| Chroniese drostery | 22 | 57,5 |
| Sporadiese drostery | 4 | 10,0 |
| Geen drostery nie | 2 | 5,0 |
| Onbekend | 11 | 27,5 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

### 6.3.4 Gebrekkige deelname aan nie-akademiese skoolbedrywighede en vryetydsbesteding

Soos reeds vermeld in hoofstuk 3 (onder 3.2.10 *supra*) het die meerderheid van hierdie groep jeugoortreders nie daarin belang gestel om deel te neem aan nie-akademiese skoolbedrywighede soos sport- en kultuuraktiwiteite nie. Slegs 27,5% van hulle het sporadies deelgeneem aan skoolbedrywighede en net 7,5% van hulle het gereeld en konstruktief daaraan deelgeneem. Die vraag ontstaan nou spontaan: Wat doen die res van hulle dan met hulle vryetyd? Uit die ondersoek blyk dit dat die meeste van hulle hul vryetyd deurbring deur rond te loop, rond te kuier by vriende en/of na televisie

of video's te kyk. Van die 27,5% wat wel aan skoolbedrywighede deelgeneem het, het almal van hulle aan atletiek en/of rugby deelgeneem. Geeneen van hulle het aan kultuurbedrywighede deelgeneem nie.

Volgens Venter (1983:156-158) is daar 'n besliste verband tussen wangedrag en die aard en gehalte van vryetydsbesteding. In die meerderheid van die onderhawige gevalle word hulle vryetyd negatief bestee deur in dorpstrate en by kafees met allerlei slotmasjiene en biljarttafels rond te slenter, doelloos rond te kuier en ure lank na video's te kyk waarin allerlei versinsels en onwerklikhede voorkom. Hierdie negatiewe vorme van vryetydsbesteding skep beslis 'n gunstige teelaarde vir jeugwangedrag. Daar is ruim geleentheid vir jong kinders en jeugdiges om deel te neem aan verskeie nie-akademiese skoolbedrywighede waaronder alle kultuur- en sportaktiwiteite ressorteer. Deur hulself fisies en/of geestelik te ontwikkel, strek dit hul totale menswees tot voordeel. Hul deelname aan nie-akademiese skoolbedrywighede asook die gehalte en aard van hul vryetydsbesteding word in tabelle 6.8, 6.9 en 6.10 asook figure 6.5, 6.6 en 6.7 uiteengesit.

**Tabel 6.8 Deelname aan nie-akademiese skoolbedrywighede as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Deelname aan nie-akademiese skoolbedrywighede | N | % |
|---|---|---|
| Aktiewe deelname | 3 | 7,5 |
| Gemiddelde deelname | 5 | 12,5 |
| Ondergemiddelde deelname | 3 | 7,5 |
| Geen deelname nie | 29 | 72,5 |
| Onbekend | 0 | 0,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |


**Tabel 6.9 Gehalte van vryetydbesteding deur jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Vryetydbesteding | N | % |
|---|---|---|
| Konstruktief en positief | 3 | 7,5 |
| Passief en negatief | 35 | 87,5 |
| Onbekend | 2 | 5,0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |


**Tabel 6.10 Aard van vryetydbesteding deur jeugoortreders in die ondersoekgroep.**

| Vryetydbesteding | N | % |
|---|---|---|
| Rondlopery | 31 | 36,5 |
| Kuier by vriende | 16 | 18,8 |
| Partytjies/Diskoteke | 7 | 8,2 |
| Video's | 16 | 18,8 |
| "Niksdoen" (Leeglêery) | 8 | 9,4 |
| Sportbeoefening | 4 | 4,7 |
| Lees | 2 | 2,4 |
| Tuinwerk | 1 | 1,2 |
| **TOTAAL** | **N = 85** | **100** |


**Figuur 6.5 Diagrammatiese voorstelling van deelname aan nie-akademiese skoolbedrywighede in die ondersoekgroep.**



**Figuur 6.6 Grafiese voorstelling van die gehalte van vryetydbesteding deur jeugoortreders in die ondersoekgroep.**



**Figuur 6.7 Grafiese voorstelling van die aard van vryetydbesteding deur jeugoortreders in die ondersoekgroep.**



### 6.3.5 Die meting van ontoereikende akademiese vordering/prestasie

#### 6.3.5.1 Intelligensiekwosiënt

In hoofstuk 4, onder 4.6, is reeds verwys na die intelligensiekwosiënt van hierdie groep jeugoortreders en hoe dit verband hou met ander navorsingsresultate in hierdie verband. Hoe die onderhawige groep jeugoortreders se intelligensiekwosiënt verband hou met hulle akademiese prestasie, blyk duidelik uit die volgende bevindinge:

- Geeneen van hulle was geniaal nie en geeneen van hulle het akademies puik gevorder nie.
- 5% van hulle beskik oor 'n superieure intelligensiekwosiënt en 5% van hulle presteer akademies bogemiddeld.
- 35% van hierdie jeugoortreders het 'n normale intelligensiekwosiënt terwyl 17,5% van hulle akademies gemiddeld presteer.
- 25% van hulle beskik oor 'n domnormale intelligensiekwosiënt en 22,5% van hulle presteer akademies ondergemiddeld.
- 25% van hierdie jeugdiges het 'n subnormale intelligensiekwosiënt terwyl 45% van hulle akademies swak presteer.
- 7,5% van hulle word as swaksinnig getipeer en 7,5% van hulle presteer akademies baie swak en word aanbeveel vir spesiale onderwys.

#### 6.3.5.2 Onderrigvlakke (hoër graad/standaardgraad/laer graad)

Inligting in verband met die vlak waarop hierdie jeugoortreders in hul vakke onderrig is, was moeilik bekombaar. In al die gevalle waar hierdie inligting bekom kon word, het hierdie jeugoortreders meer as een of selfs alle vakke op die laer graad geneem.

#### 6.3.5.3 Druipgeskiedenis

Uit die onderhawige groep jeugoortreders het 46,1% van hulle 'n druipgeskiedenis van een of meer jare.

#### 6.3.5.4 Spesiale onderwysgevalle

In 7,6% van die ondersoekgevalle is die jeugoortreders as verstandelik vertraag of verstandsgerem geïdentifiseer en na spesiale skole vir dié doel verwys.

Sonder om te verabsoluteer, is dit duidelik uit die bostaande inligting dat daar, wat hierdie ondersoek betref, wel 'n verband is tussen lae intelligensiekwosiënt en swak akademiese prestasie. Hierdie verband word in tabel 6.11 weerspieël en in figuur 6.8 grafies voorgestel.


**Tabel 6.11 Intelligensiekwosiënt en akademiese peil as veranderlikes in die ondersoekgroep.**

| | Intelligensiekwosiënt | | Akademiese peil | |
|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % |
| Geniaal/Baie goed | 0 | 0,0 | 0 | 0,0 |
| Superieur/Bo-gemiddeld | 2 | 5,0 | 2 | 5,0 |
| Normaal/Gemiddeld | 14 | 35,0 | 7 | 17,5 |
| Domnormaal/Ondergemiddeld | 10 | 25,0 | 9 | 22,5 |
| Subnormaal/swak | 10 | 25,0 | 18 | 45,0 |
| Swaksinnig/Baie swak | 3 | 7,5 | 3 | 7,5 |
| Onbekend | 1 | 2,5 | 1 | 2,5 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** | **N = 40** | **100** |


### 6.3.6 (Sosiale) wanaanpassing in skoolverband

In 50% van die onderhawige gevalle het dié jeugdiges baie moeilik aangepas in hul onderskeie skoolmilieus. Hulle kon om verskillende redes nooit werklik deel word van 'n groep mense wat harmonies saamleef as 'n bepaalde skoolgemeenskap nie. Sulke wanaangepaste leerlinge soek aanvaarding en bevrediging in dikwels ongewenste milieus buite die skool soos hotelle, nagklubs en diskoteke waar die kanse om hul aan wangedrag skuldig te maak aansienlik groter as normaalweg is. Sodanige jeugdiges het ook meesal ouer vriende buite skoolverband wat hul vergesel na voorgenoemde, ongewenste milieus waar skoolkinders nie werklik tuishoort nie. Op hierdie wyse word 'n gunstige teelaarde vir jeugwangedrag en uiteindelik ook jeugmisdaad geskep. In tabel 6.12 word die sosiale wanaanpassing van hierdie jeugoortreders in skoolverband uiteengesit. In figuur 6.9 word die voorgaande data grafies voorgestel.

**Figuur 6.8 Grafiese voorstelling van die verband tussen intelligensiekwosiënt en akademiese peil by ondersoekgroep.**



**Figuur 6.9 Grafiese voorstelling van wanaanpassing in skoolverband as veranderlike in die ondersoekgroep.**



**Tabel 6.12 Wanaanpassing in skoolverband as 'n veranderlike in die ondersoekgroep.**

| Wanaanpassing | N | % |
|---|---|---|
| Goed aangepas | 6 | 15 |
| Normaal | 14 | 35 |
| Wanaangepas | 20 | 50 |
| Onbekend | 0 | 0 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |


### 6.3.7 Die negatiewe invloed van portuurgroepe

Uit verskillende ondersoeke wat oor die jare deur navorsers gedoen is, is almal dit eens dat maats van dieselfde geslag en ouderdom 'n besliste rol in die veroorsaking van wangedrag speel (Venter, 1983:158).

Omdat mense sosiale wesens is, het hulle vriende. So ook met jong kinders en jeugdiges. Die onderhawige groep jeugoortreders het meesal vriende van dieselfde geslag en min of meer dieselfde ouderdom gehad. In sommige gevalle was die vriende baie ouer. In skoolverband het opvoeders 'n negatiewe portuurgroepinvloed by 70% van hierdie jeugoortreders opgemerk. Sommige van hierdie jeugoortreders het self erken dat hulle deur hul maats verlei is tot sekere vorme van jeugwangedrag en jeugmisdaad, alhoewel dit nie noodwendig die waarheid mag wees nie en/of slegs 'n poging om hul eie skuld op ander te plaas. Dit blyk nietemin uit hierdie ondersoek dat negatiewe vriende/maats 'n besliste drukkrag kan wees wat die weg baan tot verskillende vorme van jeugwangedrag wat later ook in jeugmisdaad kan kulmineer. Dit blyk duidelik uit hoofstuk 3 waar aangetoon word dat die meerderheid jeugmisdade in groepsverband gepleeg word.

Die portuurgroepinvloed in skoolverband word in tabel 6.13 uiteengesit en in figuur 6.10 grafies voorgestel.

**Figuur 6.10 Grafiese voorstelling van negatiewe invloed van portuurgroepe as kriminogene faktor in ondersoekgroep.**



**Tabel 6.13 Negatiewe invoed van portuurgroepe as kriminogene faktor in die ondersoekgroep.**

| Invloed van portuurgroepe | N | % |
|---|---|---|
| Negatiewe invloed | 28 | 70,0 |
| Normale invloed | 7 | 17,5 |
| Positiewe invloed | 0 | 0,0 |
| Onbekend | 5 | 12,5 |
| **TOTAAL** | **N = 40** | **100** |

## 6.4 SLOTGEDAGTE

Die skool, wat ten doel het om die kind of jeugdige toereikend teen negatiewe invloede weerbaar te maak, poog nie alleen om Christelike norme korrek te interpreteer, voor te leef en oor te dra nie, maar ook om die negatiewe en nadelige invloede wat die kind se weerbaarheidsvlak aftakel, uit te ken en uit die weg te ruim (Jacobs, 1987:8).

'n Skoolklimaat wat getuig van 'n gees van geborgenheid, toeganklikheid en menswaardigheid skep 'n gunstige opvoedingsatmosfeer wat die rol van die skool as teenvoeter in die ontwikkeling van jeugwangedrag en jeugmisdaad vergemaklik.

# HOOFSTUK 7

## 'N ALGEMENE EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSBEVINDINGE

### 7.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die bevindinge van die literatuur- en empiriese studie vergelykend te evalueer. Die evaluasies word gesubstansieer deur die ontleding van enkele gevalle, wat deel van die empiriese ondersoek was, volledig te beskryf.

### 7.2 DIE ANALITIESE BESKRYWING VAN ENKELE GEVALLESTUDIES IN DIE ONDERSOEKGROEP

#### 7.2.1 Gevalle-ontleding A

Willem is 'n Afrikaanssprekende standerd seweseun van sestien jaar en die jongste van twee kinders in die gesin. Hy is effens oorgewig en fisiek groot gebou in vergelyking met sy klasmaats. Sedert graad een was hy al verbonde aan twee laer- en twee hoërskole. Willem beskik oor 'n ondergemiddelde intelligensievermoë, neem al sy vakke op die laer graad, druip standerd 6 en stel baie min in skoolbedrywighede belang. Alhoewel sy vader vroeër 'n paar maal getroud was, is dit Willem se eie ouers by wie hy van geboorte af woon. Die gesin is besonder welgesteld en bewoon 'n mooi huis in 'n bo-gemiddelde omgewing. Die gesin is aktiewe lede van die AGS-Kerk. Albei sy ouers werk voltyds en kom smiddae ongeveer 17:00 tuis. Volgens die ouers hou hulle goeie en navolgenswaardige rolmodelle aan hulle kinders voor. Willem se onbeheerbare gedrag sedert sy vroeë laerskooldae teken egter 'n ander prentjie. Willem sê self dat hy nog altyd algehele vryheid in sy kom en gaan gehad het. Hy vul sy dae met wat hy goed dink, en geld was nog nooit 'n probleem nie. Toe Willem in standerd een was, is hy vanweë sy onbeheerbaarheid by die skool verwys vir psigologiese toetse in verband met die beoordeling van moontlike breindisfunksie met 'n geskiedenis van impulsiewe gedrag en hiperaktiwiteit. Die psigoloog se bevindings het die volgende aan die lig gebring: Willem se doellose, onverantwoordelike gedrag is neuroties van aard. Hy

hanteer emosies op kompulsiewe wyses met passiewe neigings. Tekens van verwarde identifikasie en oppervlakkige emosionele interaksie met veral die vaderfiguur, kom voor.

Willem het hierna medikasie ontvang terwyl doelgerigte ouerleiding, vanweë die affektiewe verwaarlosing wat Willem ervaar, ook deur die psigoloog aanbeveel is.

Willem se onbeheerbaarheid neem wel af, maar verdwyn nooit heeltemal nie. Sporadiese uitbarstings van onbeheerbaarheid kom steeds voor en neem toe in sy hoërskooljare. Dit manifesteer onder meer in sy menseverhoudinge waar hy glad nie met sy onderwysers en maats oor die weg kom nie. Hy hou veral daarvan om die damespersoneel te tart en meisies tydens pouses seksueel te molesteer. Verder is hy voortdurend op die uitkyk na die moontlikheid van 'n fisieke geveg of begewe hom in verskeie vorme van vandalisme. Medeskoliere se ouers dreig kort-kort om hul kinders uit die betrokke skool te verwyder ten einde blootstelling aan Willem se wangedrag te verhoed. Hy begin ook om met sigarette en alkoholiese drank te eksperimenteer. Al sy vryetyd word gewy aan negatiewe ontspanning waar hy veral in die teenwoordigheid van baie ouer en werkende seuns na onder meer staaltjies luister van hoe die polisie deur dié vriende uitoorlê is. Hy word dan ook, saam met sy ouer vriende, op sestienjarige ouderdom deur die polisie betrap met 210 gram dagga (hasjisj/marihuana) in sy besit. Sy ouer vriende word krimineel aangekla, maar vir Willem word kinderhofverrigtinge geopen. Hy word skuldig bevind en kry 'n uitgestelde vonnis van vyf jaar onderhewig aan sekere voorwaardes.

Opvolgondersoeke bring aan die lig dat hy wel berou het oor sy optrede, alhoewel die egtheid daarvan betwyfel word. Hoewel Willem geen vorige veroordelings het nie, vertel hy rond en bont dat dagga lank reeds aan hom bekend is. Hy was ook al teenwoordig toe van sy vriende met dagga betrap is, maar hyself het ongeskonde daarvan afgekom.

Ondersoekverslae agterna lê klem op die onjuiste opvoedingshouding van Willem se ouers. Pedagogiese en veral affektiewe verwaarlosing deur hulle, 'n dikwels afwesige vaderfiguur, 'n gebrek aan dissipline tuis en meer as genoeg geld maak Willem waarskynlik ontvanklik vir negatiewe invloede van ouer vriende en ander portuurgroeplede waar hy wel 'n mate van erkenning geniet, al is dit dan ook net omdat hy altyd in hul geldnood kan voorsien.

### 7.2.2 Gevalle-ontleding B

Diederik is 15 jaar oud, die enigste seun en middelste kind van drie kinders wat almal omtrent 'n jaar in ouderdom verskil. Hy word groot in 'n huis waar onenigheid en onstabiliteit voortdurend heers sodat daar van die gesin as tuiste nie veel sprake is nie. Die gesin is Afrikaanssprekend en almal in 'n goeie fisieke toestand. Hulle is lede van die Ou Apostoliese Kerk van Afrika maar kom selde of ooit in die kerk. Die gesin neem glad nie deel aan enige vorm van gemeenskapsaktiwiteit nie. Diederik se vader en moeder het vir drie jaar saamgewoon en na die geboorte van hul eerste kind in die huwelik getree. As gevolg van die ouers se rondtrekkery op soek na werksgeleenthede, was Diederik verbonde aan sewe laer- en twee hoërskole. Die gesinslewe getuig van onenigheid en uiterste rusiemakery, omdat die vader en moeder nie met mekaar oor die weg kan kom nie. Die moeder verlaat die huis sporadies as gevolg van die vader se alkoholmisbruik en keer dan later weer terug. Dié proses herhaal homself gereeld. Die moeder is 'n huisvrou en die vader verdien ongeveer R400 per week as 'n ketelmaker. Die gesin woon in 'n drieslaapkamerhuis in 'n gemiddelde woonbuurt. Genoegsame leefruimte bestaan vir elke gesinslid. Finansieel gaan dit egter sommige dae meer as broekskeur as gevolg van 'n onoordeelkundige besteding van geld, asook die aangaan van klere- en meubelrekenings asook die aankoop van alkoholiese drank. Die vader speel meesal die rol van 'n afwesige vaderfiguur wat die dissiplinering van sy kinders aan sy vrou oorlaat. Hierdie ondoeltreffende gesagstruktuur laat Diederik negatief reageer teenoor neergelegde dissipline en reëls. Dit is duidelik dat die onderhawige ouermodelle ontoereikend is. Diederik ervaar sy moeder se dissipline as té rigied, inkonsekwent en afdwingend; sy vader se "afwesigheid" as doelbewuste verwerping, en kom daarteen in verset. Diederik begin tekens van onbeheerbaarheid toon en op 13-jarige ouderdom bots hy vir die eerste maal met die gereg, waarna hy skuldig bevind word aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Vir laasgenoemde oortreding ontvang hy lyfstraf. Slegs 'n jaar later word hy weer eens in die hof skuldig bevind aan 'n soortgelyke oortreding waartydens Diederik tereg staan op elf aanklagte van huisbraak en diefstal, wat ook opsetlike saakbeskadiging insluit. Dit kom aan die lig dat Diederik en sy vriende goedere ter waarde van R3000 snags uit besigheidspersele gesteel het. Diederik word ook in die hof as leier van die groep uitgewys. Strafhofverrigtinge word omskep in 'n kinderhofondersoek en Diederik word skuldig bevind op agt aanklagte van huisbraak en diefstal. Diederik self bestempel sy oortredings as "stoutigheid" en die ondersoekbeampte in sy saak is van mening dat Diederik min/geen insigontwikkeling openbaar nie en dat opregte berou hom ontbreek. Aangesien hy nog so jeugdig is en reeds twee maal met die gereg gebots het, dink die hof dit goed om hom aan psigologiese evaluering te onderwerp. Die psigoloog se verslag sien kortliks soos volg daaruit:

- Hy beskik oor 'n hoë angsvlak wat swak konsentrasie op skool tot gevolg het. Dit sluit dan ook aan by Diederik se swak akademiese prestasie op skool.
- Hy is nie in staat om onmiddellike probleme die hoof te bied nie.
- Hy beskik oor 'n swak selfbeeld, is angstig en onseker en maak moeilik maats.
- Hy beskik oor 'n ondergemiddelde intellektuele vermoë, het al standerds 3 en 7 gedruip, neem al sy vakke op die laer graad en stel weinig in skoolbedrywighede belang.
- Hy het baie gebreke en onderontwikkelde fasette in sy persoon en psige, soos 'n swak oordeelsvermoë en probleemoplossingsvermoë, 'n gevoel van volslae ontoereikendheid en minderwaardigheid, 'n swak aanpassingsvermoë en 'n swak ontwikkelde memoriseringsvermoë en realiteitsbesef. Hy ondervind ook baie emosionele versteurings, is maklik beïnvloedbaar en beskik oor 'n ontoereikende basiese perseptuele vermoë en visuele diskriminasie. Hy toon tekens van brein-disfunksie.

Ouerleiding en gespesialiseerde onderwys binne 'n gestruktureerde omgewing word deur die psigoloog vir Diederik aanbeveel, wat dan ook so deur die Hof aanvaar word.

### 7.2.3 Gevalle-ontleding C

Stefan is 'n vyftienjarige seun en in standerd 5 aan 'n kinderwetskool. Hy het twee keer in sy skoolloopbaan gedruip - daarom die hoë ouderdom in standerd 5. Stefan word skuldig bevind op 'n aanklag van diefstal. Hy het 'n reeks vorige veroordelings wat wissel van huisbraak met die opset om te steel en diefstal asook winkeldiefstal. Artikels soos sjokolade, sigarette en sigaretaanstekers word deur Stefan gesteel.

Stefan word groot in uiters ongunstige omstandighede. Sy biologiese ouers is nooit getroud nie en hy en sy drie jonger broers word almal buite die eg gebore. Hulle is lidmate van die AGS-kerk, maar woon selde of ooit eredienste by. Die vader rand die moeder gereeld aan en verlaat die huis sporadies. Die moeder se kinderjare getuig van onstabiliteit en ongeborgenheid. Sy is op 8-jarige leeftyd in 'n kinderhuis opgeneem nadat haar ouers nie in staat was om haar te versorg nie. Sy voltooi nie haar skoolopleiding nie. Sy kom in aanmerking vir 'n betrekking, maar moes na twee maande bedank weens 'n ongewenste swangerskap. Stefan word te midde van hierdie omstandighede gebore.

Stefan se moeder het vanweë haar kinderhuisagtergrond geen rolmodelle gehad nie. Sy dissiplineer haar vier seuns alleen, maar slaag hoegenaamd nie. In Stefan se twaalfde

lewensjaar verlaat die moeder die vader permanent en bewoon 'n tweeslaapkamerwoonstel in 'n lae sosio-ekonomiese area. Sy en haar vier seuns beskik oor die minimum lewensmiddele. Behalwe vir die R430 onderhoudgeld, het sy geen ander inkomste nie. Die woonstelhuur alleen beloop maandeliks R200 wat beteken dat sy en haar vier kinders gedeeltelik van familie afhanklik is vir hul voortbestaan. As gevolg van hierdie spanningstoestand, misbruik sy medikasie en moet hulp in dié verband ontvang.

In Stefan se veertiende jaar staak sy vader die betaling van onderhoud en kan daarna nie weer opgespoor word nie. Stefan beleef tydens sy vroeë kinderjare sy vader as iemand wat selde of ooit tuis was. Hy speel die rol van 'n afwesige vaderfiguur (eers in die figuurlike sin van die woord; daarna letterlik) en stel weinig in die welsyn van die gesin belang.

Ten spyte daarvan dat Stefan aan enurese ly, geniet hy goeie gesondheid en is fisiek groot en sterk gebou vir sy ouderdom. Hy tree meesal selfgeldend, aggressief en dominerend op. Hy assosieer graag met negatiewe vriende in sy portuurgroep en word deur onderwysers bestempel as die leier van sulke negatiewe en rebelse groepe. Hy koester 'n lae selfbeeld, is gewoonlik stil en teruggetrokke en ervaar intense gevoelens van verwerping. Wanneer hy gekonfronteer word deur sy moeder of onderwysers, tree hy uitdagend en aggressief op. Hy gaan jonger kinders dikwels te lyf en het by geleentheid ook sy moeder fisiek aangerand. Hy maak hom skuldig aan wangedrag soos onbeheerde aggressie, drankmisbruik, diefstal, masturbasie en ander vorme van wangedrag (hy urineer graag op ander kinders se beddens). Hy beskik oor 'n lae intelligensiekwosiënt (-85) en word gesertifiseer as 'n kandidaat vir spesiale onderwys. Nodeloos om te sê vorder hy op akademiese gebied swak en toon geen belangstelling in enige skoolverwante aktiwiteite nie.

Soos reeds vermeld, maak Stefan hom skuldig aan aanklagte van diefstal en huisbraak. Sy eerste kennismaking met die gereg is in sy veertiende lewensjaar. Hy en 'n vriend was verhoorafwagtend op twee aanklagte van huisbraak (waarvoor hy lyfstraf ontvang het) en hiertydens maak hy hom weer skuldig aan winkeldiefstal. Kinderhofverrigtinge word geopen.

Die maatskaplike werker bevind dat Stefan geen baat vind by lyfstraf of 'n gestruktureerde opset nie. In die lig hiervan word hy onder streng voorwaardes in sy moeder se sorg geplaas. Hierdie voorwaardes sluit onder andere in dat hy moet meewerk in die behandelingsprogram van die maatskaplike werker; geen soortgelyke oortredings mag

begaan nie; sy skoolloopbaan aan 'n spesiale skool moet voortsit en hom moet onderwerp aan sy moeder se gesag. Hierdie aanbevelings word deur die Hof aanvaar.

### 7.2.4 Gevalle-ontleding D

Bennie is die jongste van drie seuns, sterk gebou, agtien jaar oud en in standerd 9 aan 'n kinderwetskool. Sy huislike omstandighede is in baie opsigte ongunstig. Sy biologiese ouers skei toe Bennie twee jaar oud is. Omstandighede wat hierdie egskeiding voorafgegaan het, getuig van huweliksonmin en onstabiliteit. Sy moeder is twee maal daarna getroud, en in albei gevalle kom Bennie en sy stiefpa's nie oor die weg nie. Sy biologiese vader verwerp hom en sterf toe Bennie op laerskool is. Hy beleef die afsterwe van sy biologiese vader traumaties en sy verhouding met sy moeder versleg ook. Sy moeder plaas hom in verskeie koshuise omdat sy gereeld van werk en dorp verwissel en nooit bedags tuis is nie. Dit bring mee dat hy al sewe verskillende skole bygewoon het.

Alhoewel Bennie meesal in koshuisverband skoolgaan, woon sy moeder en haar derde man in 'n drieslaapkamerhuis in 'n gemiddelde omgewing. Finansieel is hulle nouliks in staat om in die gesin se behoeftes te voorsien. Die moeder werk as 'n skoenwinkel-assistent en verdien R800 netto per maand. Haar man is 'n skrynwerker en verdien R800 netto per maand. Hul uitgawes beloop R1130 per maand wat beteken dat hulle oordeelkundig en spaarsaam te werk moet gaan. Bennie se moeder en sy tweede stiefpa is aktiewe lede van die NG-kerk.

Op skool openbaar Bennie negatiewe gedragsprobleme. Hy draai gereeld stokkies, tree aggressief en opstandig op en raak betrokke by homoseksuele bedrywighede, waartydens een van die betrokke partye selfmoord pleeg. Hy stel weinig belang en druip twee maal tydens sy laerskoolopleiding. Hy beskik oor beperkte intellektuele vermoëns (intelligensiekwosiënt van 91) en neem al sy skoolvakke op laer graad. Hy neem nie deel aan enige skoolverwante aktiwiteite nie en woon geen kerk by nie. Later woon hy egter op 'n ongereelde basis AGS-kerkdienste by.

Partye wat mettertyd betrokke raak by Bennie se welsyn merk op dat hy in 'n groot mate na liefde, sekuriteit en geborgenheid soek. Deur middel van antisosiale gedrag smag hy na erkenning en aanvaarding. Hy was vir 'n groot deel van sy kinderlewe op homself aangewese, aangesien hy met almal om hom (moeder, stiefvader, onderwysers en maats) in konflik gekom het. Hy openbaar 'n apatiese lewenshouding en ervaar weinig skuld of berou oor sy wandade.

Op 18-jarige ouderdom word hy skuldig bevind op 'n aanklag van diefstal van 'n Disa-telefoonstelsel ter waarde van R800,00. Hy het reeds op 16-jarige ouderdom vir die eerste keer met die gereg gebots toe hy skuldig bevind is op drie aanklagte van huisbraak en diefstal asook die besit van pornografiese materiaal. Hiertydens het hy groot bedrae geld uit woonhuise gesteel. Hiervoor is hy twaalf maande gevangenisstraf, opgeskort vir vyf jaar, opgelê.

Ondersoekbeamptes is van mening dat Bennie beter aanpas in 'n gestruktureerde omgewing en beveel aan dat hy terugkeer na die kinderwetskool om sy skoolopleiding daar te voltooi. Bennie word 'n uitgestelde vonnis van drie jaar opgelê onder die volgende voorwaardes:

- Hy moet terugkeer na die kinderwetskool en sy skoolopleiding daar voltooi.
- Hy mag hom nie weer binne drie jaar skuldig maak aan 'n soortgelyke oortreding nie.
- Hy moet meewerk in die behandelingsprogram.
- Hy mag geen skool- of koshuisreëls oortree nie.

### 7.2.5 Gevalle-ontleding E

André is sewentien jaar oud en 'n standerd 8-leerling aan 'n senior sekondêre hoërskool aan die Oos-Rand. Hy is die tweede jongste van ses kinders van wie vier alreeds onafhanklik is. Hy en sy jonger suster woon by sy biologiese ouers. Hulle is lidmate van die Ou Apostelkerk maar woon kerkbedrywighede selde by. André word groot te midde van onstabiele huislike omstandighede. Sy ouers se huwelik getuig van aanranding, drankmisbruik en voortdurende onmin. Sy vader knoop verskeie buite-egtelike verhoudings aan en stel min in sy gesin se welsyn belang. Hy stel veral nie in sy kinders belang nie. Toe André tien jaar oud is, het sy ouers vervreem geraak en in sy vyftiende jaar is hulle geskei. Sy vader het hom geheel en al verwerp en alle kontak met sy gesin verbreek.

André se moeder huur 'n tweeslaapkamerwoonstel in 'n lae sosio-ekonomiese area. Die woonstel word oorbewoon aangesien die moeder, haar twee kinders, haar ouer dogter en dié se gesin, asook André se ouma aan moederskant almal saamwoon. Daar woon gevolglik altesaam sewe persone in die woonstel.

Op skool openbaar André verskillende vorme van wangedrag waaronder stokkiesdraai, alkoholmisbruik, onbeheerbare aggressie en rebelsheid. Hy beskik oor 'n gemiddelde

intelligensiekwosiënt en presteer akademies baie swak. Hy druip een jaar op laerskool en neem op hoërskool al sy vakke op laer graad. Hy is besonder negatief ingestel teenoor die skool en wil eerder die skool verlaat. Weens sy moeder se rondtrekkery woon hy drie verskillende hoërskole by.

André het geen rolmodelle waarmee hy kan identifiseer nie. Hy is affektief en emosioneel baie verwaarloos. Hy word groot in 'n milieu waar onaanvaarbare gedrag aan die orde van die dag is. Onder die invloed van sy ouer broers en hul ouer vriende misbruik hy gereeld alkohol. Hy laat hom voortdurend deur hulle beïnvloed en raak dan ook saam met hulle betrokke by diefstal. Hy steur hom glad nie aan sy moeder se teregwysings nie. Sy het geen beheer oor hom nie. Wanneer hy gereeld stokkiesdraai, manipuleer hy sy moeder om afwesigheidsnotas aan die skool te skryf sodat hy geen probleme met die onderwysers het nie. Sy doen dan mee aan hierdie oneerlikheid.

Sy eerste kennismaking met die gereg kom voor in sy sestiende lewensjaar. Hy en van sy ouer vriende word skuldig bevind op twee diefstalaanklagte. Hulle het kruideniersware by 'n supermark gesteel. Vir hierdie oortreding ontvang André lyfstraf. Toe André sewentien jaar oud is, word hy skuldig bevind op 'n aanklag van diefstal vanuit 'n motorvoertuig. Kinderhofverrigtinge word geopen en hy word 'n uitgestelde vonnis van twee jaar opgelê onder die volgende voorwaardes:

- Hy moet hom onderwerp aan die toesigdienste van 'n proefbeampte vir twee jaar.
- Hy moet sy hoërskoolloopbaan voltooi.
- Hy moet ouer en negatiewe vriende vermy.

### 7.2.6 Gevalle-ontleding F

Amanda is 'n veertienjarige standerd 6-leerling aan 'n senior sekondêre hoërskool. Sy en 'n ouer broer woon by haar biologiese ouers, alhoewel haar vader voorheen getroud was en vyf kinders uit hierdie vorige huwelik het. Hulle is lidmate van die Ou Apostelkerk en woon kerklike aktiwiteite gereeld by.

Dié gesin bewoon 'n tweeslaapkamerwoonstel in 'n lae sosio-ekonomiese omgewing. Die vader is heelwat ouer as die moeder en is as gevolg van senuspanning ongeskik vir beroepsarbeid. Die moeder is gevolglik die broodwinner. Die ouers se huwelik is stabiel, maar baie gespanne as gevolg van die vader se senutoestand. Hy verkeer deurentyd

in spanning juis oor Amanda se voortdurende wangedrag. Dit skep ook spanning binne die huwelik.

Die moeder werk as 'n verpleegster en verdien R700 per maand waarmee die gesin van vier onderhou moet word.

Amanda maak haar gereeld skuldig aan wangedrag, veral stokkiesdraai en drostery. Sy draai gereeld stokkies en dros chronies vanaf die skool en haar ouerhuis. Sy aanvaar hoegenaamd geen verantwoordelikheid vir haar dade nie en gaan haar eie gang. Sy manipuleer mense maklik en tree aggressief op. Haar bejaarde en saggeaarde vader het min invloed op haar. Haar moeder dwing dissipline af maar kan haar nie beheer nie. Amanda is gewild onder haar ouer vriende en bestee die meeste van haar vryetyd en onderrigtyd by hulle. Sy reël haar eie kom en gaan en duld geen inmenging van enigeen nie.

In die skool vaar Amanda op akademiese gebied swak. Vanweë al die stokkiesdraai, is sy gedurig besig met agterstallige werk. Sy stel weinig in skoolbedrywighede belang en verwissel kort-kort van skool in die omgewing wanneer sy gekonfronteer word oor haar stokkiesdraaiery of drostery. Sy beskik oor 'n gemiddelde intelligensiekwosiënt (100) maar slaag nie daarin om daarvolgens te presteer nie.

In Amanda se standerd 5-skooljaar dros sy en 'n ouer vriendin na Durban. 'n Week later is hulle by die hawe in Durban opgespoor en terugbesorg aan hul ouers aan die Oos-Rand.

Ten spyte van al haar wangedrag, bots Amanda vir die eerste keer met die gereg op veertienjarige ouderdom. Sy word skuldig bevind op 'n aanklag dat sy verbode dwelm-middels (LSD) besit en gebruik. Kinderhofverrigtinge word geopen waartydens besluit word dat sy na 'n meer gestruktureerde omgewing, naamlik 'n kinderwetskool, gestuur moet word waar terapeutiese hulp beskikbaar is en sy aan dissipline onderwerp kan word.

## 7.3 VERGELYKENDE EVALUASIES VAN BEVINDINGE IN DIE ONDERSOEK

### 7.3.1 Algemeen

Op grond van bevindinge uit literatuurstudies, word onomwonde bewys dat jeugmis-daadveroorsaking primêr geleë is in die persoonlikhede van hierdie jeugoortreders waar

daar op unieke wyse voortdurende beïnvloeding van individueel-menslike en milieufaktore voorkom, en waar die spesifieke misdaadsituasie hierteenoor 'n bepalende rol speel. Individueel-menslike en milieufaktore behels onder andere ook die gesins- en skoolmilieu van die jeugoortreder waarbinne kriminogene faktore vergestalt wat maatskaplike disorganisasie tot gevolg het en die etiologie van jeugmisdaad ten grondslag lê. Die stelling kan inderdaad gemaak word dat die ontwikkeling van patologiese toestande (patologieë) in die gesin en daarnaas die skool, die gevaarlikste ontwikkeling van kriminogene predisposisies tot gevolg het.

### 7.3.2 Betekenisvolle ooreenkomste/patroonmatighede en verskille

Na afloop van hierdie ondersoek blyk daar sekere betekenisvolle ooreenkomste/patroonmatighede te wees ten opsigte van veral gesinsverbonde en skoolverbonde patologieë waarbinne jeugoortreders hulself bevind, maar ook ten opsigte van hul persoonlikheidspatologieë binne skoolverband. Daar gaan vervolgens gekyk word hoe die gesinsverbonde patologieë ooreenstem met en/of verskil van bevindinge uit die literatuur.

#### 7.3.2.1 Betekenisvolle ooreenkomste van patologieë in gesinsverband

##### 7.3.2.1.1 Ontoereikende ouerlike modelle

In die meeste van die onderhawige gevalle was die ouers ontoereikende ouerlike modelle. Soos blyk uit die literatuur en ook uit die empiriese navorsing (waar 80% van die ouers as ontoereikende rolmodelle bestempel kan word) kom hierdie patologiese toestande grootliks voor. Dit is interessant dat uit die empiriese ondersoek blyk dat slegs 16% van die betrokke ouers standerd 10 geslaag het, geeneen van hulle formele tersiêre onderrig ontvang het nie en 11% van hulle spesiale onderwys ontvang het.

##### 7.3.2.1.2 Die afwesige vaderfiguur

Uit die literatuurondersoek blyk hierdie patologie nie so verteenwoordigend en prominent te wees as wat die geval met die empiriese ondersoek is nie. Die letterlike of figuurlike gebruik van die woord "afwesige" word hier veronderstel. Die figuurlike interpretasie hiervan staan gevolglik ook in noue verband met die onbetrokkenheid van ouers by hul kinders se skool- en ander bedrywighede en met die affektiewe verwaarlosing van hierdie jeugdiges. Hierdie patologie toon ook 'n hoë voorkomssyfer van 95% by die onderhawige groep jeugoortreders.

#### 7.3.2.1.3 Gebrekkige opvoedingshouding van ouers

In ooreenstemming met bevindinge uit die literatuurondersoek blyk 'n hoë voorkomssyfer van 95% uit hierdie ondersoek. 'n Onjuiste opvoedingshouding hou veral verband met jeugoortreders

- wie se ouers voortdurend inkonsekwent optree;
- wie se moeders die dissiplinêre pligte oorneem as gevolg van "afwesige" vaderfigure;
- wie se ouers voortdurend twis, skel en rusie maak;
- wie se ouers hul affektief verwaarloos, en
- wie se ouers hul doelbewus of onwetend afwys of verwerp.

#### 7.3.2.1.4 Affektiewe en emosionele deprivasie

Hierdie patologiese toestand sluit nou aan by die voorgenoemde drie patologieë en blyk een van die belangrikste kriminogene faktore te wees. 'n Voorkomssyfer van 97,5% in die empiriese ondersoek getuig daarvan. Bevindinge uit die literatuurondersoek sluit grootliks hierby aan.

#### 7.3.2.1.5 Gesinsonenigheid en ander verbandhoudende ongunstige huislike omstandighede

Hierdie patologie geniet wye aandag deur verskeie navorsers. Uit die literatuurondersoek blyk dit dat verskillende vorme van ongunstige huislike omstandighede aanleiding kan gee tot jeugdiges se verval in wangedrag en jeugmisdaad. In aansluiting hierby kom gesinsonenigheid by 87,5% van die ondersoekgroep voor. Drankmisbruik, huweliksonmin en die gebrek aan dissipline en gesag kom dikwels voor binne gesinne van jeugoortreders.

#### 7.3.2.1.6 Gesinsonvolledigheid

Uit die voorgaande literatuurondersoek spreek verskeie navorsers hulle uit oor die merkwaardige verband tussen die een of ander vorm van gesinsonvolledigheid en jeugmisdaad. Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat 72,5% van die jeugoortreders se gesinne onvolledig is:

- 40% : stiefouer.
- 22,5% : enkelouer.
- 11% : saamleefmaats.

Na aanleiding van albei ondersoeke kan die gevolgtrekking gemaak word dat gesins-onvolledigheid as 'n belangrike bydraende patologie in jeugmisdaadveroorsaking beskou word.

#### 7.3.2.1.7 Ekonomiese deprivasie

Navorsers is dit eens dat faktore soos 'n lae inkomste, ondergemiddelde behuising, oorbewoning en 'n lae sosio-ekonomiese lewenspeil 'n deurslaggewende rol in misdaad-etiologie speel. Hierdie sosio-patologiese toestande blyk 'n betekenisvolle rol te speel, veral wat die volgende aspekte betref:

- Lae inkomste: 72,5% van die gesinne van jeugoortreders binne die ondersoekgroep het 'n ondergemiddelde tot lae inkomste, terwyl 32% van hulle onder die broodlyn leef.
- Werkloosheid: 10% van vaders van hierdie jeugoortreders was werkloos.
- Ondergemiddelde behuising: 40% van hierdie gesinne in die ondersoekgroep maak gebruik van ondergemiddelde tot swak behuising. Slegs 7,5% van hulle maak van bogemiddelde behuising gebruik.
- Oorbewoning: In 68,75% van die ondersoekgevalle het toestande van oorbewoning voorgekom.
- Sosio-ekonomiese lewenspeil: Slegs 32,5% van die onderhawige jeugoortreders kom uit gesinne waar 'n gemiddelde tot hoë sosio-ekonomiese lewenspeil gehandhaaf word. In 67,5% van die gevalle word 'n ondergemiddelde tot lae sosio-ekonomiese lewenspeil gehandhaaf.
- Buurtgehalte: 57,5% van hierdie gesinne woon in ondergemiddelde tot swak buurte terwyl slegs 5% van hulle in gegoede of ryk woonbuurte gevestig is.

### 7.3.2.2 Verskille ten opsigte van patologieë in gesinsverband

Geen noemenswaardige verskille kan opgemerk word as bevindinge uit die literatuur-ondersoek met die empiriese ondersoekbevindinge in verband gebring word nie.

Bykomende bevindinge in hierdie verband het die volgende aan die lig gebring.

#### 7.3.2.2.1 Beroepe van die vaders

Die onderskeie beroepe wat die vaders en sommige (37%) moeders van hierdie jeug-oortreders beoefen het, kom deurgaans uit die onderste beroepslae van die samelewing.

Hierdie aspek sluit aan by punt 7.3.2.1 (*supra*) waar daar verwys word na die geskooldheid al dan nie van die ouers.

#### 7.3.2.2.2 Gesinsgrootte

In 67,5% van die ondersoekte gevalle bestaan die gesin uit drie of meer kinders. In slegs 32,5% van die gevalle het gesinne bestaan uit twee of minder kinders. Dit is interessant om waar te neem dat, te midde van swak sosio-ekonomiese lewenspeile waarvoor 67,5 van hulle kwalifiseer, hierdie betrokke gesinne meesal uit drie tot sewe kinders bestaan.

#### 7.3.2.2.3 Gemeentebetrokkenheid

Afgesien van die onderskeie kerke waarvan hierdie gesinne lidmate is, is slegs 15% van hulle op 'n gereelde of ongereelde basis betrokke hy gemeentelike aktiwiteite. Dit wil gevolglik voorkom of godsdiens nie 'n rigtinggewende rol in die lewens van hierdie oortreders en hul gesinne speel nie.

### 7.3.2.3 Betekenisvolle ooreenkomste van patologieë in skoolverband

#### 7.3.2.3.1 Gebrekkige dissipline

Navorsers beklemtoon die belangrikheid van 'n gebrek aan die nodige dissipline in skoolverband as 'n sosio-patologiese verskynsel en bring dit ook in verband met verskeie gesinsaspekte wat skooldissipline in die wiele kan ry (2.6.2.2.2 *supra*). Uit hierdie ondersoek blyk dit dan ook duidelik dat die opvoedingsgebeure nie sinvol kan geskied in 'n milieu wat gekenmerk word deur gebrekkige dissipline nie. Dissipline gee rigting aan 'n jeugdige se lewe en bied vir hom/haar sekuriteit en geborgenheid. Verskeie vorme van gebrekkige dissipline kom soos volg in hierdie ondersoek na vore:

- Opvoeders verkies soms om probleemgevalle eerder te vermy as aan te meld. Dit neem heelwat minder tyd in beslag en bespaar ook moeite. 'n Potensiële jeugoortreder word gevolglik nie "raakgesien" nie en volhard in sy/haar wangedrag wat later kan kulmineer in jeugmisdaad.
- Die betrokke jeugoortreders openbaar in die meeste van die gevalle aggressiewe en opstandige gedrag teenoor onderwysers wat neerkom op die gesagsaftakeling van gesagsdraers.

- Voortdurende pligsversuim op talle gebiede dui op 'n gebrekkige uitoefening van dissipline, waarvan huiswerkversuim die gewildste onder die betrokke jeugoortreders blyk te wees.

#### 7.3.2.3.2 Onderrig- en akademiese mislukking

Verskeie navorsers uit die literatuur is dit eens dat onderrig- en akademiese mislukking onteenseglik verband hou met jeugwangedrag en jeugmisdaad (2.6.2.2.2 *supra*). Uit die empiriese ondersoek blyk dié mening grootliks korrek te wees. Die volgende bevindinge ondersteun hierdie mening:

- 75% van die jeugoortreders in die ondersoekgroep se akademiese peil is ondergemiddeld tot swak.
- 57,5% van hierdie jeugoortreders se intelligensiekwosiënt is laer as die normale vlak; 35% van hulle se intelligensiekwosiënt is normaal/ gemiddeld terwyl slegs 7,5% van hulle oor 'n bogemiddelde intelligensiekwosiënt beskik.
- 77,2% van hierdie jeugoortreders besoek vier of meer skole wat beteken dat daar geen/min kontinuïteit in die aanbieding van die leerstof kan wees wat weer onderrigmislukking en uiteindelik akademiese mislukking tot gevolg het.
- Slegs 17,5% van die bekende gevalle slaag standerd 10 aan 'n senior sekondêre hoërskool terwyl 42,5% van hulle hulself in 'n kinderwetskool bevind en 32,5% van hulle in die loop van hul hoërskoolloopbaan die arbeidsmark (hetsy suksesvol of onsuksesvol) betree.

In 75% van die bekende gevalle presteer die betrokke jeugoortreders dus akademies ontoereikend wat beteken dat die voorgaande onderrig onsuksesvol was/is en akademiese mislukking noodwendig moet volg.

#### 7.3.2.3.3 Gedragsprobleme

'n Wye verskeidenheid vorme van gedragsprobleme word deur navorsers in die literatuur uitgelig. Die volgende ooreenstemmende gedragsprobleme is in skoolverband deur opvoeders en betrokkenes aangeteken:

- Gedrag wat getuig van onaanpasbaarheid en beïnvloedbaarheid.
- Aggressiewe optrede teenoor onderwysers en ander gesagsdraers soos leerlingraadslede.
- Emosionele uitbarstings.

- Opstandigheid.
- Onbeheerbaarheid.
- Optredes wat voortdurend getuig van onsekerheid, passiwiteit, onbetrokkenheid en onttrekking.
- Onverantwoordelike optrede.
- Impulsiewe optrede.
- Oneerlike gedrag.
- Gedrag wat getuig van oormatige angs, depressiwiteit en spanning.
- Gewetenlose dade.
- Seksueel-afwykende optrede.
- Egosentriese gedrag.
- Gedrag wat spreek van manipulasie, ekstroversie en spraaksaamheid.

In die empiriese ondersoek kom gedrag wat getuig van

- onaanpasbaarheid,
- aggressie,
- emosionele uitbarstings,
- opstandigheid,
- onsekerheid, en
- onttrekking

grootliks voor, terwyl gedrag wat verband hou met

- beïnvloedbaarheid,
- ekstroversie,
- spraaksaamheid, en
- selfgesentreerdheid

in 'n mindere mate manifesteer.

**7.3.2.3.4 Negatiewe invloed van portuurgroepe**

In 70% van die onderhawige jeugoortreders is die rol wat portuurgroepe speel as negatief geïdentifiseer. Hierdie bevinding korreleer dus met ander navorsers se bevindinge waar hulle meen dat die portuurgroepe van jeugdiges 'n besonder groot invloed (hetsy positief of negatief) op hulle lewens uitoefen. In die geval van jeugoortreders is hierdie portuurgroepe egter meesal negatief, soos dit ook tereg blyk uit hierdie ondersoek.

#### 7.3.2.3.5 Interpersoonlike probleme

Die menseverhoudinge wat jeugoortreders in hierdie ondersoekgroep handhaaf, is meesal gebrekkig. In 75% van hierdie gevalle was die jeugdiges se onderwyser-kindverhoudings swak en het hulle 'n negatiewe gesindheid jeens hulle skool geopenbaar. 50% van hulle is geïdentifiseer as sosiaal wanaangepas. Soos blyk uit die literatuurondersoek, sluit die empiriese bevindinge aan by ander navorsers wat van opinie is dat 'n groot aantal jeugoortreders probleme in hul onderlinge menseverhoudinge (met ouers, gesinslede en onderwysers) ervaar.

#### 7.3.2.3.6 Drank- en dwelmmisbruik

Navorsers stem saam dat alkohol- en dwelmmisbruik in 'n mindere of meerdere mate verband kan hou met jeugmisdaad. 22,5% van die onderhawige jeugoortreders het hul binne of buite skoolverband skuldig gemaak aan drankmisbruik. Die meerderheid van hulle maak hul in portuurgroepverband wat deels met die skool verband hou, hieraan skuldig, soos tydens drostery en stokkiesdraaiery asook tydens sosiale kuieraande. Dwelmmisbruik kom minder voor (7,5% van die ondersoekgevalle), waarskynlik omdat dit nie so vryelik beskikbaar is soos alkohol nie.

### 7.3.2.4 Verskille ten opsigte van patologieë in skoolverband

#### 7.3.2.4.1 Vroeë skoolverlating

Min inligting oor vroeë skoolverlating al dan nie by jeugoortreders is in die literatuur bekend. Empiriese ondersoekbevindinge het aan die lig gebring dat 'n groot aantal jeugoortreders (75% van die bekende gevalle) nie hul formele skoolopleiding in 'n middelbare skool voltooi nie. Slegs 17,5% van die bekende gevalle slaag wel standerd 10 aan 'n middelbare skool of toon die potensiaal daartoe. 42,5% van die bekende gevalle word vanaf middelbare skole na kinderwetskole oorgeplaas en 32,5% van die bekende gevalle verlaat die skool vroeg om die arbeidsmark te betree (sien 7.3.2.3.2 *supra*).

#### 7.3.2.4.2 Gebrekkige ouer- en leerlingbetrokkenheid

Navorsers onderbeklemtoon hierdie belangrike sosio-patologiese aspek en sommiges maak glad nie melding daarvan nie. Kratcoski en Kratcoski (1986:151) roer hierdie aspek aan (punt 2.6.2.2.2 *supra*) as hulle dit in verband bring met gebrekkige skooldissipline.

Hierdie patologie verdien egter afsonderlike aandag as die volgende empiriese navorsingsbevindinge in oënskou geneem word:

- 80% van die betrokke jeugoortreders neem ongereeld of nooit deel aan enige na-uurse skoolbedrywighede nie, en
- 97,5% van die betrokke jeugoortreders se ouers is onbetrokke by enige skoolverwante aangeleentheid.

Dit blyk uit hierdie ondersoek dat die meeste jeugoortreders verkies om nie betrokke te wees by na-uurse skoolaktiwiteite nie, en dat hul ouers ook verkies om onbetrokke en passief te staan teenoor alle (ook hul kinders se akademiese vordering al dan nie) skoolverwante aangeleenthede.

#### 7.3.2.4.3 Gebrekkige opvoedkundige atmosfeer

In die literatuurondersoek verwys navorsers na aspekte soos negatiewe etikettering en 'n onpersoonlike, burokratiese atmosfeer in sommige skole wat remmend kan inwerk op jeugdiges se ontwikkeling. Aspekte soos hierdie was moeilik bepaalbaar binne die empiriese navorsingsopset. Daar kan gevolglik nie op sogenaamde aspekte uitgebrei word nie en die aanwesigheid daarvan kan nie ontken of erken word nie.

### 7.3.2.5 Betekenisvolle ooreenkomste ten opsigte van persoonlike hoedanighede en persoonlikheidspatologieë in skoolverband

#### 7.3.2.5.1 Betekenisvolle persoonlike hoedanighede

☐ **Geslag**

Uit die literatuur asook die empiriese ondersoek is dit duidelik dat seuns (95%) hulle meer dikwels skuldig maak aan wetsoortredings as dogters (5%).

☐ **Aard van oortredings**

Uit hierdie navorsingsbevindinge blyk dit dat ekonomiese oortredings die meeste voorkom (67,5%). Geslagsoortredings volg met 'n voorkomssyfer van 12,5%, waarna geweldsoortredings (10%) en oortredings in verband met verbode, afhanklikheidsvormende medisyne of middels (10%) volg. Navorsers in die literatuur is dit eens dat ekonomiese

oortredings beslis die gewildste oortreding by jeugdiges is, wat gevolglik ooreenstem met die empiriese ondersoekbevindinge.

**7.3.2.5.2 Betekenisvolle ooreenkomste ten opsigte van persoonlikheidspatologieë in skoolverband**

Wanneer persoonlikheidseienskappe wat uit die literatuurondersoek na vore kom met die empiriese navorsingsbevindinge vergelyk word, kom die volgende persoonlikheidspatologieë gemeenskaplik voor:

- Lae intellek.
- Lae aggressie-toleransie en onbeheerbaarheid.
- Seksuele wanaanpassing.
- Lae frustrasie-toleransie.
- Swak verantwoordelikheidsin.
- Onttrekking.
- Onaanpasbaarheid.
- Wispelturigheid.
- Impulsiwiteit.
- Oneerlikheid.
- Gewetenloosheid.
- Onmiddellike behoeftebevrediging.
- Opstandigheid.
- Apatie en passiwiteit.
- Emosionele onstabiliteit, waaronder neerslagtigheid, beïnvloedbaarheid en angstigheid.
- Affektiewe verwaarlosing.

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat 97,5% van die gevalle aan een of meer vorme van affektiewe verwaarlosing blootgestel word; dat 75% van hulle emosioneel onstabiel optree en dat 72,5% van hulle hulself onttrek aan samelewingsaktiwiteite en meesal onaanpasbare gedrag openbaar.

**7.3.2.5.3 Aanvullende inligting ten opsigte van persoonlikheidspatologieë in skoolverband**

Met betrekking tot die empiriese ondersoekbevindinge is die volgende persoonlikheidspatologieë ook in skoolverband deur onderwysers en ander betrokkenes aangeteken:

- Manipulasie.
- Gebrekkige realiteitsbesef.
- Swak probleemoplossingsvermoë.
- Swak oordeelsvermoë.
- Minderwaardigheidsgevoelens.

Die volgende psigo-patologiese toestande is by enkele jeugoortreders in die ondersoekgroep geïdentifiseer:

- Epilepsie.
- Alkohol- en dwelmpsigoses.
- Psigopatie/Antisosialiteit.
- Enurese.

In die literatuurstudie het verwysings na psigopatie/antisosialiteit en neuroses voorgekom en is dit in verband gebring met jeugmisdaad. Navorsers is van mening dat verskeie vorme van jeugmisdaad moontlik teruggevoer kan word na hierdie psigo-patologiese toestande. Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat hierdie toestande slegs in enkele gevalle voorkom en eerder die uitsondering as die reël is.

## 7.4 VERDERE AFLEIDINGS

Sekere ooreenkomste en patroonmatighede ten opsigte van sosio-patologiese toestande kom uit die navorsingsbevindinge van hierdie studie baie duidelik na vore. Die uitwerking daarvan is dat dit die rol van die skool in 'n bepaalde rigting dwing. Die pedagogiese hantering van die jeugoortreder raak deterministies om die oorsake van sy misdade te bepaal. Die skool word genoop om baie meer betrokke te raak by die leefwêrelde van ouers en hul kinders. Dié toestand vereis dat die ouer-kind-onderwyserverhouding baie heg moet wees, wat 'n hoë premie op individuele bemoeienis van die onderwyser en skool plaas ten opsigte van só 'n kind. Uit hierdie ondersoek blyk dit dat jong kinders en jeugdiges te veel aan hulself oorgelaat word om hul eie heil uit te werk en min of geen volwasse ondersteuning, belangstelling of raadgewing ontvang nie. Hiervolgens moet die skool poog om nouer kontak met die ouers te bewerkstellig om ook in hierdie opsig 'n leidende rol te speel. Kommunikasie tussen die huis en skool is onontbeerlik en die verpligtinge hiertoe word op beide die ouer en onderwyser gelê. Spesiale pogings om ouer-skoolkontak te bewerkstellig moet deur die skool geloods word. Alleen wanneer die skool daarin kan slaag om die ouers ook betrokke te maak by hul kinders se totale

welsyn tuis en in skoolverband, kan die voorgenoemde patologieë en kriminogene faktore wat jeugmisdaad in die hand werk in 'n mindere of meerdere mate geneutraliseer word. Binne só 'n hegte ouer-kind-onderwyserverhouding kan die algemene opvoeding van die kind begunstig word.

Hierdie rolvervulling van die skool is egter makliker gesê as gedaan, omdat die praktiese uitvoerbaarheid daarvan nie altyd moontlik is nie as gevolg van onder andere negatiewe, oorwerkte en onbelangstellende ouers aan die een kant en swaarbelaste, akademiesgerigte en tydgebonde onderwysers aan die ander kant. Die realisering daarvan is egter van wesenlike belang, nie net vir alle betrokke partye nie, maar ook vir die totale samelewing.

Die rolle wat beide die ouers (primêr) en skool (sekondêr) in die lewens van die onderhawige jeugoortreders gespeel het, het dus grootliks misluk. Gelukkig bevestig ondersoekbevindinge soos hierdie die leemtes binne albei hierdie opvoedingsmilieus, en vestig opnuut die aandag op spesifieke sosio-patologiese toestande wat jong kinders en jeugdiges in misdaad laat verval. Die taak van die ouer en onderwyser is daarom nooit voltooi nie. Deur spesiale en doelgerigte aandag te gee aan die vestiging, instandhouding en gehalte van die baie belangrike drieledige vennootskap (ouer-onderwyser-kind), kan die algemene vorming van die kind bevorder word en dienooreenkomstig ook die weerhouding van enige wangedrag en misdaad.

## 7.5 SLOTGEDAGTE

Gesonde maatskaplike verhoudinge word gesond gehou deur 'n Christelike lewenswandel. Jongmense moet geleidelik tydens hulle liggaamlike en psigologiese rypwordingsproses onder die invloed van hul onderskeie lewensomgewings (onder meer binne die gesin en skool) en deur die leiding van ouers, onderwysers en ander opvoedingspersoneel of -instellings, op 'n gebalanseerde wyse sekere basiese lewensontdekkings maak ten einde hulself fisiek en geestelik volledig toe te rus en weerbaar te maak vir die volwasse lewe en verskillende eise wat dit mag meebring. Die belangrikheid van sosialisering as 'n deurlopende proses in die lewe van die jeugdige waartydens gesonde en gebalanseerde persoonlikheidsontwikkeling plaasvind, asook die daarmee gepaardgaande ontwikkeling van 'n innerlike weerstand teen afwykende en misdadige gedrag, blyk duidelik uit hierdie empiriese ondersoek. Negatiewe sosialisering op sy beurt lei weer tot ontsporing, verskillende vorme van wangedrag en uiteindelik jeugmisdaad.

# LITERATUURLYS

ABRAHAMSEN, D. 1990. The psychology of crime. New York : Colombia University Press.

BARTOL, C.R. & BARTOL, A.M. 1980. Criminal behaviour:- a psychosocial approach. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.

BLOCH, H.A. & FLYNN, F.T. 1956. Delinquency. New York : Random House.

BOSCH, J.G.S. 1984a. Inleiding tot die Kriminalistiek. Potchefstroom : Pro Rege.

BOSCH, J.G.S. 1984b. Penitensiêre Penologie. Potchefstroom : Pro Rege.

BOSCH, J.G.S. 1990. Kriminologie in Suid-Afrlka. Pretoria : Serva.

BYBEL. 1983. Die Bybel. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAREY, J.T. & MC ANANY, P.O. 1984. Introduction to juvenile delinquency : youth and the law. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.

CLOETE, M.G.T. 1982. Die identifisering van potensiële jeugmisdadigers in skoolverband. (*In* Cloete, M.H.Y. en Conradie, H., *reds*. Jeugmisdaad in skoolverband.)

CLOETE, M.G.T., NESER, J.J., VAN DER HOVEN, A.E., LABUSCHAGNE, I.L. & APPELGRYN, A.E.M. 1982. Teoretiese Psigo- en Sosiokriminologie (veroorsakingsteorieë). Pretoria : Unisa.

CRONJE, G. & VAN DER WALT, P.J. 1978. Die afwykende in die gemeenskap. Pretoria : Unisa.

DEPARTEMENT van Statistiek
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Statistiek.

DE WET, J.C. & SWANEPOEL H.L. 1960. Die Suid-Afrikaanse Strafreg. Durban : Butterworths.

DOKUMENTÊRE BRONNE. 1981-1990. Saakdossiere: gedokumenteerde persoonlike en/of biografiese inligting uit voorvonnisverslae en/of proefbeampteverslae en/of skoolrekords. Kassetbande is in die besit van die outeur.

DUVENAGE, B. 1981. Roeping en wetenskap. Potchefstroom : Pro Rege.

DUVENAGE, S.C.W. 1975. Permissiteit as groeibodem vir misdaad. (*In* Van der Walt, P.J., *red.* Misdaad en die gemeenskap.)

GIBBONS, D.C. 1990. Society, crime and criminal careers. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.

GIBBONS, D.C. & KRÖHN, M.D. 1990. Delinquent behaviour. New Jersey : Prentice-Hall.

GOUS, L.A., LOUW, D.A., MEYER, W.F. & PLUG, L. 1982. Psigologie-woordeboek. Pretoria : Sigma Press.

HIRSCHI, T. & HINDELANG, M.J. 1977. Intelligence and delinquency. American Sociological Review.

JACOBS, C.D. 1987. Die kind in spervuur. (*In* Die gesin in krisis: Vennootskap tussen onderwyser en ouer. Simposium aangebied deur die TAO en die Kinderleiding-instituut van die Universiteit van Pretoria wat gehou is op 15 Mei 1987 om 13:30 by die Universiteit van Pretoria.)

KOHLBERG, L. 1977. The child as a moral philosopher. New York : Random House.

KRATCOSKI, P.C. & KRATCOSKI, L.D. 1986. Juvenile delinquency. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.

KRIEGLER, S. 1987. Ekskeiding en kinderverwaarlosing. (*In* Die gesin in krisis: Vennootskap tussen onderwyser en ouer. Simposium aangebied deur die TAO en die Kinderleidingsinstituut van die Universiteit van Pretoria wat gehou is op 15 Mei 1987 om 13:30 by die Universiteit van Pretoria.)

KRUGER, H.B. 1987. Die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging in aksie. (*In* Die gesin in krisis: Vennootskap tussen onderwyser en ouer. Simposium aangebied deur die TAO en die Kinderleidingsinstituut van die Universiteit van Pretoria wat gehou is op 15 Mei 1987 om 13:30 by die Universiteit van Pretoria.)

LANDMAN, W.A., *red.* 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban : Butterworths.

LOUW, D.A., VAN HEERDEN, T.J., SMITH, P.R. & VAKTAALBURO. 1978. Kriminologiewoordeboek. Durban : Butterworths.

LOUW, W.J. 1987. Maak die onderwyser ook foute? (*In* Die gesin in krisis: Vennootskap tussen onderwyser ouer. Simposium aangebied deur die TAO en die Kinderleidingsinstituut van die Universiteit van Pretoria wat gehou is op 15 Mei 1987 om 13:30 by die Universiteit van Pretoria.)

MÖLLER, T. 1987. Roeping: Goddelike verantwoordelikheid van ouerskap. (*In* Die gesin in krisis: Vennootskap tussen onderwyser en ouer. Simposium aangebied deur die TAO en die Kinderleidingsinstituut van die Universiteit van Pretoria wat gehou is op 15 Mei 1987 om 13:30 by die Universiteit van Pretoria.)

PASQUES, L.J. 1982. Die moontlike oorsake van jeugmisdaad in die skool. (*In* Conradie, H. & Cloete, M.G.T., *reds*. Jeugmisdaad in skoolverband. Pretoria : HAUM.)

PIENAAR, P. 1980. Jeugmisdaad. Potchefstroom : PU vir CHO.

PRETORIUS, J.W.M. 1987. Die kwesbaarheid van die moderne gesin. (*In* Die gesin in krisis: Vennootskap tussen onderwyser en ouer. Simposium aangebied deur die TAO en die Kinderleidingsinstituut van die Universiteit van Pretoria wat gehou is op 15 Mei 1987 om 13:30 by die Universiteit van Pretoria.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Ondersoek na die onderwys: verslag van die werkkomitee. Werwing en opleiding van onderwysers. Pretoria. Julie 1981.

RETIEF, G.M. 1975. Sosiokriminogene faktore in misdaad. (*In* Van der Walt, P.J., *red.* Misdaad en die gemeenskap. Pretoria : Unisa.)

RGN
kyk
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

SMIT, G.S. 1983. Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe. Universiteit van Pretoria : HAUM.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Statistiek/Sentrale Statistiekdiens. 1980-1991. Jaarverslae: Statistieke van misdrywe/Misdrywe: vervolgings en veroordelings met betrekking tot sekere oortredings. Pretoria : Staatsdrukker.
1 Julie 1980 - 30 Junie 1981 (verslag no. 08-01-12.)
1 Julie 1981 - 30 Junie 1982 (verslag no. 08-01-13.)
1 Julie 1982 - 30 Junie 1983 (verslag no. 08-01-14.)
1 Julie 1984 - 30 Junie 1985 (verslag no. 08-01-16.)
1 Julie 1985 - 30 Junie 1986 (verslag no. 08-01-17.)
1 Julie 1986 - 30 Junie 1987 (verslag no. 00-11-01.)
1 Julie 1987 - 30 Junie 1988 (verslag no. 00-11-01.)
1 Julie 1988 - 30 Junie 1989 (verslag no. 00-11-01.)
1 Julie 1989 - 30 Junie 1990 (verslag no. 00-11-01.)
1 Julie 1990 - 30 Junie 1991 (verslao no. 00-11-01.)

SUTHERLAND, E.H. & CRESSEY, D.R. 1984. Criminology. Philadelphia : Lippincott.

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1990. Omsendminute 1 van 1990. Pretoria.

TROJANOWICZ, R.C. 1978. Juvenile delinquency: concepts and control. Englewood Cliffs, New Jersey : Prentice-Hall.

UYS, H.H.M. & BASSON, A.A. 1983. Navorsingsmetodologie in die verpleegkunde. Pretoria : Printpak.

VAN DER WALT, P.J., CRONJE, G. & SMIT, B.F. 1982. Kriminilogie. Pretoria : HAUM.

VAN DER WALT, P.J. 1965. 'n Sosiologiese klassifikasie van misdade. Kaapstad : NASOU.

VAN DER WALT, P.J. 1975. Die misdaadprobleem in Suid-Afrika. (*In* Van der Walt, P.J., *red.* Misdaad en die gemeenskap. Pretoria : Unisa.)

VAN DER WALT, P.J. 1982. Probleemidentifisering : die aard en die omvang van jeugmisdaad in die RSA. (*In* Conradie, H. & Cloete, M.G.T., *reds.* Jeugmisdaad in skoolverband. Pretoria : HAUM.)

VAN DER WESTHUIZEN, J. 1982. Inleiding tot kriminologiese navorsing. Pretoria : Unisa.

VAN NIEKERK, P.A. 1987. Die voogstelsel: 'n evaluering. (*In* Die gesin in krisis: Vennootskap tussen onderwyser en ouer. Simposium aangebied deur die TAO en die Kinderleidingsinstituut van die Universiteit van Pretoria wat gehou is op 15 Mei 1987 om 13:30 by die Universiteit van Pretoria.)

VENTER, H. 1983. Jeugmisdaad. Pretoria : J.L. van Schaik.

WOLFGANG, M.E., SAVITZ, L. & JOHNSTON, N. 1970. The sociology of crime and delinquency. New York : Wiley.